

Handwritten: Noordelijke Drukkers
1921

In een Dag Volleerd.

DEUR

TONTeldoos.

PRIJS 3/-

NOORDELIKE DRUKPERS MAATSKAPPIJ, BEPERK.

A
439.3683
SMA

In een Dag Volleerd.

DEUR

TONTELDOOS.

PRIJS 3/-.

NOORDELIKE DRUKPERS MAATSCHAPPIJ, BEPERK.

Opdrag.

Aan al mij kollegas wat, net soos ek, die briewe moet „oorskryf” van medewerkers wat baie ontuis is in die Afrikaanse skryfwijsē, opgedra deur ’n „broeder in die verswoeging”, wat vurig verlang dat eersgenoemdes uit dié wenke dieselfde voordeel mag trek as skrywer hiervan—deurdat hulle medewerkers die boekie raadpleeg.

VOORBERIG.

Ek vra nie verskoning vir die verskijning van die boekie nie. Dit is nodig, en dis vir mij voldoende rede. Dis só nodig, dat elkeen die nodigheid sal insien, sodat ek nie nodig het om iemand te vra om in 'n Voorwoord te beduie hoe nodig so'n onderneming is nie.

Ek was in mij tijd al sekretaris van 'n menigte vereniginge, o.a. van twee organisasies waar ek honderde briewe in die week ontvang het. En dit het mij altijd gegrief om gade te slaan die onmag van ons mense om hulle gedagtes in vertoonbare gedaante aan papier toe te vertrou.

Vandat ek in die joernalistiek gekom het, het die ongeletterdheid van ons mense (om dit so uit te druk) mij nog pijnliker aangegriep. As verantwoordelike redakteur vir die binnelandse afdeling van die nuusdiens van 'n belangrike koerant wat in elke uitgawe tientalle ingestuurde stukke opneem, het dit mij nl. getref, hoe van ons mees ontwikkelde Afrikaners nie vertrouwd is met die gebruikelike skryfwijse van die Afrikaanse taal — om nie eers van stijl te praat nie, is die spelling gewoon erbarmelik!

Ek het op allerlei wijze probeer onderrig en het intussen aantekening gehou van die mees voorkomende foute, waardeur ek tot die slotsom gekom het, dat daar behoefte bestaan aan 'n boekie, wat as gids kan diens doen om nodige wenke te

verstrek—nie 'n omslagtige reeks spelreëls, 'n woordelijs of taalboek nie; maar 'n boekie wat iets van alles bevat, en wel die punte in die taalkunde of spelling waaroor gewoonlik gestruikel word.

Veral nou dat daar nie eenstemmigheid bestaan oor die jongste wijsiging van die Akademie nie, is dit nodig om vir dié deel van die publiek wat in die loop van sake in die ontwikkeling van ons taal belangstel, in die een of ander vorm die insigte van die protesterendes beskikbaar te stel.

Persoonlik wil ek met die Akademie nie rusie maak nie, en gee ek die uiteensetting van die Transvaalse Perskonferensie—wat hierin vergelyk word met die jongste wijsiging van die Akademie—enkel bij wijze van inligting. As voorsitter van genoemde konferensie het ek in mij openingswoord die volgende gesê: „Sonder om provinsialisties te wees, voel ek dat daar enkele dinge in die nuwe wijsiging voorkom, wat gewestelik gekleurd is en ek is oortuig, dat die wijsiging op menige punt daar anders sou uitgesien het, as die pers geraadpleeg was. Egter dis ons eie skuld dat die Akademie nie met ons (die pers) rekening gehou het nie. Ons was self nooit konsekwent nie. Nie alleen was daar in die verlede algehele gemis aan eenvormigheid tussen die verskillende toonaangewende nuusblaaië nie, maar ook die lede van die redaksie van elke koerant het geskrijwe soos hulle lekker krij. Ja selfs het individuele redakteurs vir hulself geen die minste keuse tussen sekere wisselvorme aan die dag gelê nie.” Dit is 'n feit. Maar daar en dan het die Pretoriase Afr. Holl. pers rigting ingeslaan. Van-

daar dat hulle insigte soas daár vasgestel as norm kan geld vir 'n groot deel van ons skrywende publiek hier in die Noorde.

Die pers is 'n faktor wat nie genegeer moet word nie, in die vasstelle van 'n vasgelegde skryfwijse. Ons krij die geleentheid om die publieke praktijk insake spelling tamelik te pols. Om nou maar een voorbeeld te noem. 'n Seker woord wat nou finaal vasgestel is met uitsluiting van die ander wisselvorm, is die woordjie „as”. Dis nogal een van die reëls wat ons koerantmense kans gesien het om ons bij neer te lê. Maar wat blijk? Vandag, selfs nadat ons herhaaldelik in ons blad bekendgemaak het, dat „as” nou alleen geldig is, skryf 100 persent van ons gereëde en toevallige medewerkers nog „als”. Dis maar een voorbeeld van baie, wat kon aangehaal word om aan te toon dat die pers instaat is om behulpsaam te wees in die registrere van die praktijk. „Brenge” en „denk” is twee vorms wat deur sowat 90 persent van ons medewerkers verkies word bokant „bring” en „dink”. Maar dit net terloops.

Na aankondiging van mij voorneme om so'n wegwijser uit te gee, het dit uit alle oorde briewe gereën van lesers van „Ons Vaderland”, wat mij vra om tog al mij „Vonke”, „Ou Pruiimpies” en „A.B.Jap” ook in die boek op te neem. Dit sou die boekie tot 'n te lijwige omvang laat swel, as ek aan die versoek moes voldoen en dan nog alles wat ek mij voorgeneem het, om in die boekie op te neem. Ek het egter die artikels wat in die genoemde rubrieke verskijn het deurgelees en vind, dat ek die meeste daarvan, sonder aanmerkelike skade aan mij voornemens, net so kan oor druk,

en daardeur die ander wenke besnoei. B.v. die „spelleëls wat moeilikhede oplewer”, „wenke om Afrikaans korrek te skrywe” en „toeligting van enkele taalkundige moeilikhede” kom in die genoemde rubrieke tamelik tot sij reg, en nog wel op 'n onderhoudende wyse—deur middel van die vlijm van sarkasme as andersins.

Soos reeds gesê, maak hierdie boekie op niks meer aanspraak nie, as om enkele van die mees algemeen-voorkomende foute in Afrikaans te verhelp. Mog dit blyk, dat die werkie sij doel nie gemis het nie, sal dit vir mij 'n aanmoediging wees om iets dergelyks, maar 'n bietjie meer gevorderd, te onderneem, vir die voordeel van diegene wat al bij die A.B.Jap verbij is, maar tog behoefte gevoel aan 'n handleiding in notedop-gedaante.

Oor die Afrikaanse skryf taal handel hierdie werkie. Ook in die spreek taal kom daar 'n menigte leemtes voor, maar die het ek opsettelik nie aangeroeer nie, omdat die spreektaal-manekemente so meesterlik behandel is in die boekie „Spraakgebreke” van mij kollega D. J. Smal, wat ook bij die Noordelike Drukkers of bij enige boekwinkel verkrijgbaar is, en seker in die besit behoort te wees van elke publieke spreker: Onderwyser, Predikant, Publieke woordvoerder of Toneelspeeler en trouens elke Afrikaner wat begerig is om sij taal suiwer te praat.

„TONTELOOS.”

Redaksie-kantoor

„Ons Vaderland”-

Pretoria, Desember.

JONGSTE SPELLINGWIJSIGINGE.

'n Vergelyking tussen die wijsiginge in die Afrikaanse Spelling goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, in Januarie 1920, en die kritiek van die Pretoriase Perskonferensie daaroor.

Hier volg die beskouing van die Pretoriase Perskonferensie oor bowebedoelde wijsiginge van die Akademie:

Op die jongste jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, einde Januarie op Stellenbosch gehou, is deur die woordelijs-kommissie sekere wijsigings voorgestel in die Afrikaanse Spelreëls wat in 1915 tot vrijwel algemene tevredenheid vasgestel was. Die publiek het nie die minste kennis gedra van selfs die voorneme om die spelling te verander en was dus nie in die geleentheid om sijn stem daaroor te laat hoor nie.

Blijkens die gepubliseerde verslage het die bespreking van die voorgestelde veranderings in die Akademie heel oppervlakkig in sijn werk gegaan en is die voorstelle van die Kommissie so te sê in hulle geheel aangeneem. 'n Voorstel om die Woordelijs-kommissie in staat te stel om beter werk te lewer deur uitbreiding van sijn ledetal het maar min bijval gevind, en bij die kommissielede self nog die minste. Tog het hulle op aandringe

van die vergadering die toesegging gedoen, om voortaan in verband met die Afrikaanse spelling ander kringe van belanghebbendes altans te raadpleeg. Hoe nodig so'n oorleg met ander taalmanne is kan blyk uit die hieronder afgedrukte uiteensetting, en lê voor die hand wanneer mens bedenk dat al drie saamstellers van die Afrikaanse Woordelijs afkomstig is uit eenselfde omtrek in die Westelike Provinsie en sodoende uiteraard nie vertrouwd kan wees nie met die ganse Afrikaanse spraakgebied in sij verskeidenheid (soos minstens een van hulle trouens self erken het) en dat mense soos onderwysers en joernaliste tienmaal meer vertrouwd is met ons taal in sij praktiese aanwending as kollege-professore, wat miskien die hele jaar deur nie soveel Afrikaans skrywe nie as 'n koerant binne een week.

In alle geval is dit onbetwisbaar dat nog in die Woordelijs nog in die nuwe Spelreëls alle dele van die Afrikaanse spraakgebied geensins tot hulle reg kom nie. Op hierdie tijdstip is dit tmeer bedenklik, waar die Afrikaanse Bijbel-vertaling nou sij beslag gaat krij; en dit sal onberekenbaar veel kwaad doen aan die saak van ons taal, van ons volk, van ons godsdiens, as ons deur die geringe breedheid van opvatting bij enkele persone 'n Bijbel moet krij wat tal van Afrikaners sal afstoot deur die gebruik van lelike of plat vorme.

Toen die nuwe spelreëls openbaar gemaak werd, was tal van Afrikaans-skrywendie kringe ontsteld oor die al te radikale drijwerij wat daaruit geblyk het. Hulle het egter die voorkeur daaraan gegee om te wag op publikasie van die offisiële formu-

lering alvorens uiting te gee aan hulle ernstige besware. Sodanige offisiële formulering het ewel tot nou toe nog nooit sij verskijning gemaak nie.

Inmiddels het die redaksies van al die koerante en tydskrifte wat op Pretoria verskijn verskeie vergaderings gehou ten einde handelend te kan optree wanneer die Woordelijs-kommissie, volgens sij belofte op die jaarvergadering van die Akademie liggame soos die onderwysers en die pers sou raadpleeg. Resultaat van die samesprekinge was, dat al die redaksies tot sekere eenparige bevindinge gekom het, wat neergeleg is in die hieronder volgende memorandum.

Inmiddels is die belofte van die Woordelijs-kommissie om belanghebbendes onder die publiek te raadpleeg, tot dusver nie ingewissel nie; en bij blote toeval het die Pretoriase persmanne te hore gekom dat die Kommissie 'n vergadering sou hou op Bloemfontein. Daar is toe deur bemiddeling van die plaselike Kommissielid, prof. dr. le Roux, die memorandum ingedien, wat hier nou ter algemene inligting gepubliseer word.

Die antwoord van die Kommissie (eweëns hieronder afgedruk) is weer aan die vergadering van die plaselike redaksies voorgelê en werd deur die vergadering geensins bevredigend geag. Die antwoord konstateer gevalle van „inkorrekte waarneming” in die ingediende memorandum, maar versuim om meer as een enkele so'n geval te noem, terwyl juis oor die geval verskil van gevoele onder fonetisi heel goed moontlik is. In alle geval sal fonetisi dit daaroor eens wees dat in die woord „draaiing” die twee lettergrepe geskei is deur 'n

j-klank, wat daarenteen in die woord „fraing” (of volgens die nuwe spelling „fraings”) ontbreek, sodat die twee woorde uit ’n oogpunt van klankleer glad nie op dieselfde lijn staan nie.

Met die oog op dit alles het die redaksies van die ondervermelde koerante en tydskrifte, sijnde alle persorgane wat op Pretoria verskijn (met uitsondering van die Potchefstroomse „Jong Suidafrika”, wat in die tussentijd die uitgawe opgegee het) die volgende eenstemmige besluite geneem:

Die korrespondensie met die Woordelijs-kommissie van die Akademie word openbaar gemaak ter kennisname en gedagtewisseling van die publiek.

Aangesien die Woordelijs-kommissie hom gebonde verklaar deur Akademie-besluite, sal die pers sij besware regstreeks tot die Akademie rig, met die ernstige en dringende versoek om die nuwe Spelreëls nog nie met ingang van die volgende jaar van krag te maak nie.

Al die redaksies weier om hulle neer te lê bij die nuwe Spelreëls, behalwe voorsover die hieronder volgende memorandum daarmee saamgaan, alvorens op billike wijze ingegaan is op die redelike besware. (Bij hierdie laaste besluit kon alleen Het Kristelk Schoolblad sig nie aansluit nie, daar die blad alreeds gebonde was deur ’n vroegere besluit van sij redaksie-kommissie om die nuwe reëls te volg).

Hierdie verklaring werd onderteken deur die redaksies van die volgende Hollands-Afrikaanse persorgane:

DE VOLKSTEM.
ONS VADERLAND.

I

DE SPECTATOR.
DIE LANDBOUER.
DIE BOER.
HET KRISTELIK
SCHOOLBLAD.
DIE BRANDWAG.
DIE BOEREVRQOU.
DIE BANIER.
JONG SUIDAFRIKA.

MEMORANDUM OOR DIE NUWE SPELREELS.

In opvolging van die wenk, op die laasgehoue jaarvergadering van die Akademie gegee omtrent raadpleging van die pers en die onderwysers in verband met die Afrikaanse spelling, word hierdie op- en aanmerkings aan die Spelling-kommissie aangebied.

Algemene beskouings.—Dit word betreur dat die voorneme om die Spelreëls te verander nie vooraf bekend gestel is nie.

(1) Omdat die insigte van meer groepe as dies waarmee die Kommissie blykbaar in voeling was sodoende nie kon kenbaar gemaak word nie, terwyl so'n gedagtewisseling uiters wenslik was met die oog daarop dat partij nog besware had teen die bestaande spelreëls, terwyl die meestes volkome tevrede was met daardie reëls en generlei verandering verlang; het buiten 'n bijwerking van ondergeskikte punte in die Woordelijs;

(2) Omdat die wijsiging sonder voorafgaande waarskuwing en die bekendmaking daarvan in ge-

brekkige vorm ernstige ontreddeering teweeggebreng het in die druk en uitgee van Afrikaanse boeke wat juis in voorbereiding was.

Onsekerheid is gestig deurdat die wijsigings alereers op onvolmaakte manier gepubliseer is in die koerante; dan vollediger in Die Huisgenoot van Maart; vervolgens in daarvan afwijkende vorm in Die Skoolblad en ten slotte met tot destijds onbekend geblewe toevoegings in pamfletvorm deur prof. Smith. Dit het verwarrend gewerk bij die klaarmaak van handskrifte vir die pers en het groot onkoste veroorsaak deurdat deurlopend agterna onverwagte veranderings nog moes aangebreng word— so selfs dat enkele uitgewers gedreig het om geen Afrikaanse handskrifte meer vir publikasie te aanvaar nie. Die onsekerheid is verhoog deurdat die wijsigings in hulle uiteindelijke vorm nog altoos nie vasgestel is nie. Met die oog op dit alles word dringend in oorweging gegee om 'n ruimer tydperk te laat vir die inwerkingtreding van die wijsigings, ook in verband met die invloed wat die hier volgende bedenkinge daarteen mag uitoefen:

A. NUWE SPELVORME.

Die formulering van Prof. J. J. Smith word hier gevolg. Agter sij formulering plaas ek die letter A (vir Akademie); daaronder die kommentaar van die Pretoriase Perskonferensie, met daaragter die letter P.; en 'n eventuele onderskrif van die skrywer word aangedui deur die letter T. (Tonteldoos).

(1) Die letter y (sonder titteltjies) word gebruik in plaas van die verbinding ij: **gryp**, **hy**, **lyn**, **pyp**, **skyn**, **wyd**, **ys**, **ywerig**.—A.

Teen die vervanging van die Nederlandse leterteken ij deur die Griekse ypsilon word geopper, dat dit in stryd is met beginsel 1 (d) van die Spelreëls, en wel op die volgende gronde:

Geen nuttige doel word hier bereik deur afwijking van die Vereenvoudigde Hollandse Spelling. Die wijsiging maak die taal nie duideliker of eenvoudiger nie; eerder die teendeel, omdat daardeur onsekerheid geskep word omtrent die uitspraak van eiename, tensij die onderskeiding gehandhaaf word. Word dit in eiename gehandhaaf, dan sal vorme soos **Rijn** en **Vrijstaat** beslis die indruk van inkonsekvensie maak teenoor b.v. **vrij**. Word dit nie gehandhaaf nie, dan is daar geen middel meer om deur die oog te onderskei tussen die uitspraak van **Syrië**, **Libye** aan die een kant teenoor minder bekende name met die ij, soos die Hollandse rivier van die naam, of b.v. **Nijmegen**.

In die skrywe van die taal maak die wijsiging geen verskil nie, daar die al of nie uitlaat van die titteltjies 'n saak van persoonlike smaak skijn te wees. Dit het dus alleen invloed op die gedrukte vorm van die woorde; en hier word dit alleen as 'n nadeel ondervind. Waar Nederlands en Afrikaans nog lank langs mekaar in gebruik sal blij in ons land, daar veroorsaak hierdie differensiëring net nuttelose moeite, vernaam in koerante en tijdskrifte.

Die wijsiging breek onnodig met die tradisie, daar dit willekeurig 'n letterteken wat vir die Griekse klank afgesonder was, en sodoende daadlik die afleiding van die woorde aangegee het, in gebruik neem vir 'n stel klanke wat daar histories

niks mee te doen het nie. Dit gee aan Afrikaans 'n vreemdsoortige en barbaars aandoende voorkome en verval te seer in die lijn van die Patriotspelling, wat deur al te groot radikalisme sij eie saak bederwe het. In beginsel 1 (d) van die Spelreëls is alreeds tereg die rigting van 'n verstandige mate van behoud aangewijs, wat vān te meer gewig is waar ons eerlang die Bijbel in ons eie taal sal te lese krij. Die oorgang daartoe moet met so min skok as moontlik gepaard gaan, anders sal die diepere roersels van die volkslewe ontsaglike skade lij. In hierdie aangeleentheid is die toepassing van 'n verstandige mate van konservatisme die aangewese weg, en in die punt onder bespreking destemee, daar die lewende spraakwerklikheid hier gladnie in die spel is nie.—P.)

(2) Die letter **w** val oral weg waar daar geen **w**-klank in die uitspraak gehoor word nie: **blou, gou, gouer, gou-gou, gouigheid, jou** (besitlik sowel as persoonlik), **pou, poue, toeskouers, verbouereerd, vrou, vrouens, ru, sku, u** (besitlik sowel as persoonlik), **waarsku; eeu, eeue, leeu, leeus, skreeu, spreeu.** (Waar 'n **w** uitgespreek word, dit natuurlik ook geskrijwe: **afskuwelik, ewig, gruwelik, huwelik, nuwe.**)—A.

(Hier word 'n voorbehoud gemaak ten opsigte van die besitlike **uw**, om dieselfde rede as die bestaande Spelreëls die onderskeiding tussen **jou** en **jouw** wenslik geoordeel het, en buitendien op die klemmende grond, dat daar wel deeglik verskil in uitspraak bestaan tussen **u** en **uw**. Dit sou dus taal verarming wees om die lewende sprak-

vorm **uw**, waarin die **u** gevolg word deur 'n klein **oe**-klank, verlore te laat gaan, temeer aangesien die yorm **u** as besitlik deur baie as iuters stuitend en hinderlik gevoel word.

Voorts is in verband met hierdie reël 'n duidliker leidraad nodig ten opsigte van die vergelykende trap van woorde soos **ru** en **sku**, aangesien die vorme **ruwer**, en **skuwer** met labiodentale **w** minstens net so gewoon is as **ruer** en **skuur**.—P.)

(3) In plaas van **uw** word **uu** geskrywe in **gehuud**, **nuus**, **nuut**, **opnuut**, **ruuste** (oortreffende trap van **ru**, vergelyk **naaste** en **na**), **skuuste**, en soortgelyke woorde. (Natuurlik **gehude**, **hubaar**, ens., met **u** in ope lettergrepe).—A.

(Hierdie reël val feitelik onder die vorige.—P.)

(4) In verboë vorme van woorde soos **see**, **twee**, **wee**, en in afleidinge daarvan op agtervoegsels met die swakbeklemde klinker **e** of **i** in die eerste lettergreep, word net een **e** in ope lettergreep geskrywe: **seë** (meerv. van **see**), **weë**, meerv. van **wee** sowel as van **weg**); **bekleër**, **geërig**, **geërij**, **twede**, **twedens**, **tweërlei**, **veër** (iemand wat **vee**), **veërij**, **weïg**, **weïgheid**. (Samestellinge, afleidinge met die halfsterkbeklemde agtervoegsels—b.v. **-agtig**, **-baar**, **-dom**, **-heid**, **-ling**, **-skap**, **-waart** of **-waarts**—, en verkleinwoorde op **-tjie**, behou die twee **e**'s van die grondwoord: **mee-gaan**, **seekus**, **teepot**, **tweespalk**, **veekraal**; **domineeagtig**, **seewaarts**, **smeebaar**, **tweeheid**, **tweeling**, **veeagtig**, **weedom**, **weduwee-skap**, **weeheid**; **domineetjie**, **seetjie**, **treetjie**, **tweetjies**).—A.

(Hierdie reël word as veels te ingewikkeld en subtiel beskou vir die skoolonderrig en vir nie-taal-geleerdes oor die algemeen, terwyl dit ook geheel en al nie duidlik is watter doel daarmee bereik word. Dit is moeilik om die nut daarvan in te sien waarom b.v. **twee** in **tweërlei** met een en in **tweespalk** met twee e's moet gespel word. Dit word algemeen gevoel dat alle moeilikhede voorkom word deur die dubbele e van die grondwoorde orals te behou.—P.)

(5) Die verbinding **gh** word gebruik om die medeklinker aan die begin van sulke woorde as **ghantang**, **ghoenie**, **ghoeroe**, **ghwarrie**, aan te dui. Die klank wat **gh** aandui, is dieselfde as dié van **g** in Eng. **go** of van **gh** in Eng. **ghost**. (In die middel van woorde na **r** word nog, net soos voorheen, alleenlik **g** geskrywe: **berge**, **burger**, **erger**, **terge**, **verwurge**.)—A.

In verband hiermee word in oorweging gegee om die verbinding **gh** af te sonder vir woorde uit die Hottentot- en Boesman-tale en dit nie konskwent deur te voer in woorde b.v. uit Engels, Frans of Duits.

(6) **Fraaiings**, **goiingsak**, **kaiings**, **kastaiings**, **toiings**, en ander sulke woorde, word met twee i's geskrywe. (Vergelyk **bemoeiing**, **draaiing**, **verfraaiing**.)

Van hierdie woorde ken ons alleen twee uitsprake:

Eenlettergrepige, wanneer dit eenvoudig klink as b.v. **fraiings** en nie gelijkstaan met b.v. **draaiing**, waar die twee lettergrepe geskei is deur 'n j;

Tweelettergrepige, maar dan enkel met ligte analisering van die klinker: hierdie uitspraak word weergegee deur die skryfwijse **goiensak** en **toiens**, wat hier al van die begin af in algemeen gebruik is (waarin die **n** dieselfde waarde het as in **mens**.—P.)

(7) **Nieteenstaande, desnieteenstaande, nietemin, desnietemin**, verdubbel nie meer die **t** nie.—A.

(Hiermee gaan ons volkome akkoord.—P.)

(8) **Allesins, andersins, enigins, geensins, menigsins, veelsins, miskien**, verdubbel nie meer die **s** nie.—A.

(Ook goed.—P.)

(9) In die woorde **Gensbok, kanfer, konfoor, lanfer**, word **n**, en nie meer **m**, geskrywe nie. (Vergelyk reeds **konfijt**).—A.

(Hierdie nasale uitsprake word heel dikwels as plat gevoel en is niks gewoner as die vorme met duidlik hoorbare **m**: **gembok, kamfer, konfoor, lamfer**. Die vorm **konfijt** staan hiermee nie op een lijn nie, omdat die **n** daar histories is, alhoewel die vorm **komfijt** ook uiters gewoon is.—P.)

(10) In die woorde **aanstons, afdraans, oorhans, opdraans, saans, soggens, voorwensel** word die **d** voor die **s** nie meer ge skrywe nie. (Vergelyk reeds **aanwensel, hanslam, tans**).—A.

(Waar die **d** in die uitspraak volkome geëlideer is en hij ook nie meer histories gevoel word nie (want die herinnering aan die teenwoordige deelwoord **afdraende** b.v. is seker heel swak) daar

is sijn uitlating in die skryfvorm gebillik: aanstons, afdraans, opdraans.

Maar waar hij nog dikwels in die uitspraak gehoor word en die regstreekse ontlening aan die grondwoord lewendig gevoel word is sijn uitlating ongewens: soos in **oorhands, saands, soggens**.

Wat betref **voorwendsel**, hier word die **d** ook nog dikwels gehoor, en die vorm kan nie gelykgestel word met die aangehaalde voorbeeld **aanwendsel** waarin geen historiese **d** aanwesig is nie. —P.)

(11) **Heeltemal** en **almal** word met een **a** in die laaste lettergreep geskrywe. (Die woorde word nie meer as samestelling met **maal** gevoel nie. Vergelyk **algar**.)—A.

(Waar **heeltemal** en **almal** met die spraakwerklikheid in ooreenstemming gebreng word, lijk dit met betrekking tot **algar** nie minder gewens nie; dus word voorgestel: **alger**.—P.)

(12) Naas die vol vorm **geen** word die swak vorm **g'n** erken. (**Gin** word dus nie langer erken nie. Vergelyk **'n**, wat eintlik die swak vorm is van **een**, en **s'n** in: „Dit is pa **s'n**,” wat die swak vorm is van **sijn**).—A.

(In verband met hierdie reël sal graag verduideliking gekrij word omtrent die vorms: Dit is pa **s'n**, pa **s'ne**, pa **sinne** (volgens Taalboekie van mevr. Jansen) of pa **sijne**.—P.)

(13) Die woorde **skêr** en **blêr** krij 'n sirkumfleks. (Vroeër was dit enkelv. **sker**, meerv. **skêre**).—A.

Ooreenkomstig beginsel 1 (a) van die Spelreëls, lijk dit inkonsekwent om twee uitsonderinkies te

maak vir die woorde skêr en blêr, en nie te onderskei tussen pêrs en pers, vêrs en vers, wêrd en werd, e.d.m. Deur die gerekte e altoos met die sirkumfleks te skrywe word alle moeilikhede voorkom en die uitspraak genormaliseer. Alleen waar die e voor n vanself genasaliseer word en dan gerek word (soos in „mens”) lijk dit oortollig. Máar soos dit nou is, is daar baie minder rede om in wêreld en kêrel die sirkumfleks te gebruik as bij die genoemde woordpare. In 'n woord soos kes is die sirkumfleks ook noodsaaklik, alhoewel die klinker daar nóg aan die end van 'n woord nóg in 'n oop lettergreep staan. In alle opsigte lijk dit dus die veiligste om die steelreël te volg van: dieselfde klank steeds deur dieselde letterteken weergee. Dus ook pêrd, vêr (hierdie laaste woord dan in samestelling tewens onderskei van die verswakte vorm van „voor”). Die „skryfmasjien-argument” mag hierbij geen gewig in die skaal lê nie, want eerstens het dit niks met taal of spelling uit te staan nie, tweedens is die persentasie besitters van skryfmasjiene op die totale getal skrywers van die taal uiters gering, derdens kan die ontbrekende sirkumfleks-teken met geringe moeite en koste op elke skryfmasjien aangebring word en vierdens sal dit noukeurigheid bevorder as skrywers daardeur gedwing word om hulle werk oor te lees alvorens dit uit hulle hande te laat gaan!—P.)

(Wat die woordjie **ver** betref, verskil skrywer met sij Pretoriase kollegas. Wat is die geskiedenis van daardie sirkumfleks-e? Is dit nie, behalwe in **kêrel** en **wêreld**, 'n sametrekking van **aa** of **ee** nie—met in die laaste geval, 'n paar medeklinkers tussenin, bv. **gg**, of **rg**, dus: **pêrd** van **paard**,

sê van **segge**, **bêre** van **berge**, ens. **Ver** het met hierdie reël niks te make nie, en kan uit 'n etimologiese oogpunt dus nie aanspraak maak op die sirkumfleks-teken nie. Maar ook op klankleerkundige grond gaat dit gladnie op nie. Is die **e** in **ver** nl. net so gerek soos die **e** in **skêr**? As die verskil nie duidelik waarneembaar is nie, vergelyk dan **verder**—wat dan as buigingsvorm van **ver** ook die sirkumfleks sou moet krij, so-ook **verregaande**, **verreweg**, **omverwerp**. Word die eerste **e** in **verder** met die sirkumfleks geskryf, dan ook die hier vetgedrukte **e** in **herder**, **bederwe**, **testament**, ens. Nee die **e** in **ver** het mij insiens dieselfde waarde as die **e** in die uitroepe **nè**, **hè**, **dè**; anders kan die klemtoonteken (**é**) gebruik word—dis te sê a s **ver** 'n tekentjie vorder.—T.)

(14) Die verkleinwoorde van woorde soos **laer**, **reël**, **seël**, **voël**, behou die spelling van die grondwoord: **laertjie**, **naeltjie**, **reëltjie**, **seëltjie**. Ook in die samestellinge blij die spelling van die oorspronklike vorm bewaar: **reëlmaat**, **reëlmatig**, **reëlreg**, **voël-ent**, **voëlijm**, **voëlverskrikker**, **voëlvrij**. (Vroeër was dit **reël** maar **reeltjie**, **voël** maar **vooltjie**; en **naas voëllijm**, ens., het ook vorme met **oo** gestaan.)—A.

(Hierdie reël juig ons toe.—P.)

(15) Die voorsetsel **weens** word sonder onderskeidingsteken geskrywe. (Vergelyk die voorsetsel **teen** en ook **teenswoordig**.)—A.

(Eenlettergrepige uitspraak van die voorsetsel **weens** is hier glad onbekend en daar is geen vergelyking met die uitspraak van **teen**. Word die deelteken in **weëns** verwerp, dan moet dit met veel

meer reg gebeur ook in woorde soos **reel** en **reen**,
—P.)

(16) Stofname word met die volgende selfstandige naamwoord nou altyd aaneengeskrewe: **blikbord**, **grasdak**, **hout-as**, **koperketel**, **sementvloer**, **silwerketting**, **sistabberd**, **sijrok**, **ijsterpaal**. (Egte stoflike bijvoeglike naamwoorde op-e blij natuurlik nog apart: **goue** kettings, **stene** hartle, **wasse** tafels, 'n **ijssere** wil.)—A.

(Hierdie reël skijn op 'n misvatting te berus. In die uitdrukking **koper ketel**, om dit as tiepiese voorbeeld te kies, is die woord **koper** 'n suiwer bijvoeglike naamwoord en geen stofnaam nie. Die stofaanduidende uitgang **e** (Ned. **en**) het eenvoudig afgeslijt. Inderdaad word die vorm **ko-pere** nie selde nog gehoor. Waar dus **koper** gesê word, is die woord wel in uiterlike vorm genivelleer met die selfstandige naamwoord, maar dit is desnietemin bvgl. n.w. Dit blyk uit 'n vergelyking met die woord **waterketel**, wat in teenstelling met die voorgestelde vorm **koperketel** nie is 'n **ketel** v a n **water** nie maar 'n **ketel** v i r **water**. Dieselfde geld vir die ander samestellings met stofname. B.v. in die uitdrukking 'n **sij rok** het die bvgl. n.w. **sij** eenvoudig sij stofaanduidende uitgang verloor; in die uitdrukking 'n **kamerdoekse rok** het dit nie plaasgevind nie—waar daar dus nie aan gedenk word om te skryf **kamerdoekrok**, hoef die **sije rok** ook nie 'n **sijrok** te word nie, maar kan hij bloot afslijt tot 'n **sij rok**.

Wel kan dit gebeur, dat die stofnaam met die daaropvolgende woord so'n onafskeidelike begripvorm, dat aaneenskrywing die natuurlikste lijk.

Dit skijn b.v. wel die geval te wees met **blikbord**, **grasdak** en **sementvloer**. In **grasdak** kom daar die element bij, dat dit nie soseer 'n dak is wat van gras gemaak is nie (want dit bestaan buitendien ook nog uit ander dinge) as met behulp van gras.

Die gegewe voorbeeld **houtas** lijk onsuiver, omdat die begrip hier nie is as van hout gemaak. In Nederlands sou dit dan ook nie **houten** as lui nie, maar wel **blikken bord**, **koperen ketel** ens.

Die voorbeeld **ijsterpaal** herinner aan die uitdrukking „ijsterklou in die grond slaan.” Die twee woorde staat nie gelijk nie, want bij „ijsterklou” word nie gedenk aan 'n „klou van ijster gemaak” nie, maar meer aan 'n „klou soos ijster”; terwyl die „ijster paal” volkome analoog is met die Ned. „ijzeren paal”—P.)

B. VERMINDERING VAN WISSELVORME.

(1) In een en dieselfde woord kan **eng** en **ing**, **enk** en **ink** nie meer met mekaar afwissel nie. Sulke woorde word nou, gewoonlik in ooreenstemming met die mees gebruiklike uitspraak, òf met **i** òf met **e** geskrijwe. Dus met **i**: **bring**, **dink**, **hingsel**, **katswink**, **krink** (van 'n wa gesê), **ming**, **skink** (Eng. „to pour out”), **swingel**, **tingerig**, **vinkel**, **wink** (Eng. to becoñ”), **winkbrou**, met **e**: **drenkeling**, **engel**, **Engels geskenk**, **lengte**, **skenk** („present gee”), **skenking**, **wenk** (Eng. „hint”).

N.B. In samestellinge en afleidinge verskijn **bring**, **dink**, **ming**, dikwels as **breng**,

denk, meng; voortbrenging, voortbrenghel, bedenklik, denkbeeld, gedenkteken, oordenking, verdenking, gemengd, mengelmoes, mengsel, vermenging. (Vergelyk besetting, deursettingtingsvermoë, ontsetting, met die werkwoord sit, ook omliggende met die werkwoord lê.)—A.

(Alhoewel die algemene beginsel van vermindering van wisselvorme seker anbevelenswaardig is, moet die veral in die begin nie al te drasties toegepas word nie, en nooit moet dit te ver gaan. In die eerste plek sal die gebruik mettertyd van self uitwijs watter vorme die meeste lewensvatbaarheid besit en sal die geskikste in die loop van die natuurlike ontwikkelingsproses die res verdring. Om dit onnodig vooruit te loop kwets net die gevoelens van die gebruikers van die vorme wat net so'n goeie reg het as die ander, maar tog tot ondergang gedoem is.

In die tweede plek is die bestaan van wisselvorme dikwels van baie nut in die poësie, deurdat dit groter vryheid in die keus van rymwoorde verskaf. Staring het b.v. in een van sij voorredes juis in verband met wisselvorme gevra: „Zijn dichters en schrijvers ontevreden als zij kiezen kunnen?” Sodoende kom alle seksies tot hulle reg en almal is tevrede.

In die derde plek moet, waar sekere vorme verwerp word op grond van mindere gebruiklikheid, die lijn tussen meer en minder gebruiklike uitspraak suiwer getrek wees. Soos hij nou lui slaag hierdie reël daar nie in nie. (Dit is trouens erken deur die lid van die Kommissie wat sij formulering in Die Skoolblad gepubliseer het). B.v.

die as voorbeeld aangehaalde vorm **ming** word hier algemeen as beslis plat gevoel, terwyl aan die ander kant die uitsprake **ingel** en **Ingels** meer gebruiklik skijn as **engel** en **Engels**.

In alle geval staat vas, dat die afwisseling tussen **i** en **e**, wat so oud is as die Dietse taal, in Afrikaans so'n kaleidoskopiese veelvuldigheid openbaar, selfs van enkeling tot enkeling, dat ons kennis van die Afrikaanse klankleer 'n hele end verder gevorder sal moet wees voordat ons kan vasstel wat die mees gebruiklike vorme is. Op die oomblik is dit ten enemale ondoenlik om 'n lijn te trek. Die voorbeelde is so oorvloedig dat dit nie nodig is om aan te haal nie. Die afwisseling is nie eens beperk tot voor **n** en **m** nie. Hier 'n enkele voorbeeld: die van De Necker word veelal deur sij draers uitgespreek as „de Nikker.”

In die omstandighede lijk dit dus die aangewese weg om die Nederlandse vorm waaraan almal as skryfvorm gewend is te handhaaf:

omdat dit alle verwarring en onsekerheid voorkom;

omdat die Nederlandse skryfvorm die lewende spraakvorm is van 'n baie groot aantal Afrikaners;

omdat sodoende die verband met die samestellings en afleidings bewaar blij en die inkonsekwensies vermij word van te skryf **opbrengs** en **gedenkteken** naas **bring** en **dink** waar deur talle ook gepraat word van **opbrings** en **gedinkteken**.

Wel sou dit aanbeveling verdien om waar bijkans sonder uitsondering 'n welbewuste onderskeiding in die algemene uitspraak gemaak word, soos tussen **krenk** en **krink**, **wenk** en **wink**, **skenk** en **skink**, dit in die skryfvorme te handhaaf. In

ooreenstemming hiermee sou dit dan ook wees om die in alle opsigte wenslike onderskeiding te maak tussen **set** en **sit**.—P.)

(2) In gevalle waar **em** en **im**, **en** en **in**, vroeër met mekaar afgewissel het, word voortaan net die vorm met **em** en **en** erken: **gemmer**, **prent**, **prentjie**, **rem**, **swem**, **swemer**, **wen**.—A.

(Die voorgaande opmerkings slaat netsogooed op hierdie reël. Die willekeurigheid van die twee reëls kom hierin goed uit, dat waar in (1) die mees algemene uitspraak as norm neergelê word, maar bij gebrek aan gegevens nie met konsekwensie kan deurgevoer word nie, in (2) hierdie maatstaf uit die hand gelê word, sonder dat daar enige wesensverskil bestaan tussen die fonetiese verskijnsels wat in albei behandel word.

Ook hier kan eenvoudig nie 'n lijn getrek word nie. Die vorm **print** b.v. lijk meer algemeen as **prent**; aan die ander kant is die vorm **stim** waarskijnelik nie so gewoon as **stem**, terwyl **kinnis** vir **kennis** alleen deur minder ontwikkelde gebesig word. Wat betref **wen** en **win**, laasgenoemde word beslis as meer beskaafd gevoel; in alle geval sal selde iemand ooit sê dat hij aan die **wennende** kant is, maar wel aan die **winnende**, en hij sal nooit anders as die **oorwinning** behaal nie.

Derhalwe ook hier: die veiligste en almal bevredigende weg is om waar die afwisseling aanwesig is, die deur die skryf-tradiesie geijkte Nederlandse vorm te behou, in ooreenstemming met beginsel 1 (d) van die Spelreëls.—P.)

(3) Net **se** word geskrijwe in gevalle soos: „Dit is pa **se** hoed,” „oom **se** pijp.” Vroeger het die Akademie s'n ook erken.)

(4) Die besittlike voornaamwoorde van die eerste persoon enkelvoud en van die derde persoon manlik enkelvoud is **mij** en **sij**. (Vroeër was dit **mij** of **mijn**, **sij** of **sijn**.)—A. (Hierdie twee reëls (3 en 4) juig ons toe.—P.)

(5) As persoonlike voornaamwoord van die eerste persoon enkelvoud eerste naamval word net ek erken. (**Ik** geniet dus nie n.ër offisiële erkenning nie.)—A.

(As 'n saak van praktiese taalpolitiek, word dit onraadsaam geag om nodeloos die gevoelens van 'n talrijke seksie te kwets. Aangesien die vorm **ik** vermoedelik tog 'n natuurlike dood sal sterf, is dwang oortollig. As oorgangsmaatreël verdien die handhawing van die oorspronklike Spelreëls 26 (2de alinea) aanbeveling. In werklikheid is die klinker van **ek** heel dikwels swakbetoon, en vir die weergawe van die toonlose klinker het die tekens **e** en **i** nog altoos gelyke regte besit (vgl. **werkelik**). Bij die lees sou die differensiering tussen beklemtoonde **ek** en swakbetoonde **ik** selfs 'n bepaalde aanwys wees.—P.)

(6) Net die vorm **somaar** word voortaan erken. (Vroeër was dit **somaar** en **sommer**.)

(7) Werkwoordelike vorme op **eë** (Ndl. **-eden**) soos **aankleë**, **bekleë**, word afgeskaf, en voortaan word net **aanklee**, **beklee**, **betree** erken.

(8) Net die vorm **baie** word erken. (Dus nie meer **baing** of **baje** nie.)

(9) Net die vorm **as** word erken. (Vroeër was dit **as** en **als**.)—A.

(Bij hierdie vier reëls (6—9) kan ons ons neerlê.—P.)

(10) As bijwoord en as voegwoord word net die vorm **toe** erken. (**Toen** word dus afgeskaf. Natuurlik nog **toenmalig** en **toenter-tijd**, in ooreenstemming met die algemene uitspraak.)—A.

Geen rede is sigbaar waarom afgesien moet word van die aanbevelenswaardige onderskeiding in die Woordelijs tussen die bijwoord van tijd **toe** en die voegwoord **toen**. In die bijwoord word die *n* nooit gehoor nie, in die voegwoord daarenteen dikwels. Dit is dus taalverrijking wanneer die onderskeiding deur die skryfvoorme vasgelê en bestendig word, en die onderskeiding word dan ook konsekwent toegepas deur verskeie blaaie. Dit sou dus uiters jammer wees om 'n reeds behaalde voordeel sonder noodsaak te laat vaar.

- (11) Die voorsetsel **naar** word nie meer erken nie, en Afr. **na** word gebruik vir Ndl. **na** sowel as vir Ndl. **naar**. (As dit mag nodig wees om ter wille van die duidelikheid enige onderskeid te maak, dan kan die betekenis van Ndl. **na** in Afr. met die vorm **ná** aangedui word. Vergelyk **een** en **één**, **en** en **èn**, **of** en **òf**, 'n **versierende** huis en 'n **versierende** man, Ndl. **voor** en **vóór**.)

Dieselfde geld in oneindig sterker mate vir die onderskeiding tussen **na** en **naar**, wat nog veel meer 'n lewende onderskeiding is as die tussen **toe** en **toen**. Dis onnodig om daarop te wijs water verwarring en misverstande kan ontstaan uit verwaarlosing van die onderskeiding. Die wijsiging is in strijd met beginsels 1 (c) en (d) van die

Spelreëls. Waarskynlik is die opheffing van die onderskeid gegrond op 'n te ver gedrewe aanleuning van die klankleer. Moet die alledaagse uitspraak orals so op die voet gevolg word, dan is daar ontelbare woorde wat 'nglad ander voorkomsal krij, allereers **somaar**, wat sal moet vervang word deur **sommer**. Dan moet **retireer** en **deputasie** word **rittereer** en **dippetasie**, want daar is waarskynlik geen Afrikaner wat die woorde ooit anders uitspreek nie, en die breuk met etimologie en tradisie sou daarby kleiner wees as bij die gedaanteverwisseling van **mythe** tot **miete**. En as mens die koppe wil gaan tel, dan sal naar alle waarskynlikheid **lat** en **gowermint** sterker aansprake kan laat gelde as **dat** en **goevernement**.

Die fonetiese argument hoef dus geensins die deurslag te gee nie, en is bij **na** en **naar** lank nie so sterk as bij talle van ander woorde. Dit is waar dat in vinnige uitspraak die slot-**r** maklik geëlideer raak, dog dit is met die woorde **daar** en **waar** b.v. amper net so sterk die geval. **Waar-naartoe** klink feitelik soos wanatoe; **waar was jij** word **wa=wez=jij**; **daar was niemand** nie word **dawaz=niemand=nie** en so voorts. Bij **naar** is die proses weliswaar verder gevorder, dog dit kan nie beweer word dat die **r** glad verdwyn is nie. Dikwels word **naar** op dieselfde wijze verswak as **maar** tot **mar** en krij ons, vernaam onmiddelik voor klinkers, die vorm **nar**. Die verswakking van **somar** tot **soema** (gewestelik Bolands) is hiermee heeltemal analoog.

Die gevolgtrekking is, dat die afskaffing van die vorm **naar** lei tot ernstige taalverarming.—P.)

C. AFSKAFFING VAN VREEMDE SPELVORME.

(1) ai word ê in **affêre, militêr, populêr, populêrder, rewolusionêr, sekundêr, ens.**

(2) au word ou in **ouditeur, outeur, outo-riteit, ens.**

(3) c word k of s, volgens uitspraak: **kafee, konjak, sederboom, sentrum, sertifikaat, sienies, sipres.**—A.

(Met hierdie drie reëls kan ons ons verenig.—P.)

(4) ch word g, k, s, sj, of tj, volgens die uitspraak: **gaos, gemie, gerub, kloroform, kolera, masien, Sinees, sjampanjie, sjokolade, tjek.**—A.

(Onder erkenning van die deugdelikheid van die beginsel, kan hierdie wijsiging nie deurgevoer word nie alvorens 'n leidraad daargestel is vir wat die beste uitspraak dien genoem te word. Van bijkans al die aangehaalde voorbeelde bestaan afwikkende uitsprake, waarvan dikwels nie uitgemaak kan word of hulle beter of slegter is as dies wat daar aangegee word, b.v. **kaos, kemie, glo-roform, golera, masjien, Sjinees, tsjek.** Die vorm **masjien** (mv. masjiene) word hier die algemeenste en beskaafste geag, en bied die voordeel dat hij die naaste staan aan die uitspraak van die ander moderne tale en aan die etimologie. Die vorm **Sinees** is hier glad onbekend, wel die plat of soms humoristiese vorm **Snees**. Die vorm **sjampanjie** met die uitgang **ie** pleks van **e** sou hier vir 'n drukfout aangesien word, was dit nie dat hij onder (6) herhaal word nie.—P.)

(5) eau word o: **buro, kado, tablo.** (Die meervoud is **buro's kado's tablo's.**)

(6) **gn** word **nj**: **konjak, sjamjanjie.**

(7) **th** word **t**: **atleet, matesis, teater, tema, teologie, teoreties, tesis, tesourier.—A.**

(Met hierdie drie reëls kan ons ons verenig.—P.)

(8) **v** word **w** in die middel van woorde waar in die onvervalste Afrikaanse uitspraak 'n **w** gehoor word: **aktiwiteit, diwident, envelop, ewolusie, individu, konserwatief, konserwatorium, reserwe, rewolusie, Skandinawië, soewerein—A.**

(Teen hierdie reël geld dieselfde beswaar as teen (4): solank nie uitgemaak is wat die „onvervalste Afrikaanse uitspraak is”, blij dit uiters moeilik om dit konsekwent toe te pas. B.v. word naas mekaar gehoor die uitsprake **provinsie** en **prowinsie, universiteit** en **uniwersiteit, konvensie** en **konwensie**. Daarenteen word selde iets anders gehoor as **provinciaal, uniwerseel** en **konwensioeneel**. Die veiligste sou dus wees om die **v** te behou behalwe waar dit 'n onegte buigings-**v** is, soos **aktief, aktiewe**, en selfs **respektiewelik**. Desnoods sou hieruit kon volg dat afleidings soos **aktiwiteit** ook die **w** sou krij.—P.)

(9) **x** word **ks**: **aksioma, heksameter, oksford.**

(10) **y** met die waarde van die **ie** in **riet** word **ie** of **i** volgens die klem—d.w.s. **ie** in lettergrepe wat die hoofklem van die woord dra, en **i** in swakker beklemde lettergrepe: **fiesies, fiesika, leries, sienies; fisiologie, liriek, silinder, sipres**. As **y** die waarde van **i** in **dik** het, dan word dit altijd deur **i** vervang: **Egipte, simpatie, sintaksis, sisteem**.

(Met hierdie twee reëls kan ons ons verenig.—P.)

(11) z word s : sefier, sodiak, soölogie.

N.B.— Uit bo-staande blyk dat vreemde woorde nou bijna altyd op eg Afrikaanse manier kan gespelle word. Beslis vreemde woorde, wat elkeen as sulks voel en wat ons in die middel van 'n Afrikaanse sin kursief of tussen aanhalingstekens sou druk, kan natuurlik die vreemde spelling behou. Ook eiename behou dikwels 'n on-Afrikaanse spelling: **Augustus, Australië, Cyprus, Cyrus, Jacobus, Shakespeare.**

Waar vreemde z in die uitspraak inderdaad altoos s word, daar moet dit ook so geskryf word. Daar is egter enkele woorde, soos **bazaar, Zoeloe, Swazi**, waar die z die suiwer uitspraak is in Afrikaans.

Eiename.—Om verregaande anargie te vermij, behoort alle eiename die bestaande spelling te behou, behalwe waar die uitspraak regstreeks daarmee gemoei is, soos: **Griekeland, Noorwege.** Waar die uitspraak geen faktor vorm om in aanmerking geneem te word nie, soos in die woorde **Egypte** en **Skandinavië**, moet die tradisionele vorm gehandhaaf word. Die willekeur waartoe dit kan lei om hieraan te torring blyk genoegsaam uit die aangegeve voorbeelde: die naam van die maand **Augustus** is in baie minder mate 'n eienaam as 'n landnaam soos **Egypte**—tog word eersgenoemde nie aan reël C (2) onderwerp nie, terwyl laasgenoemde wel onder C (10) val; die medeklinker v in **Skandinavië** word ver-afrikaans, maar die c in **Jacobus** word gehandhaaf, alhoewel, die naam in die Bijbel, waar ons mense hom tog vandaan krij, met 'n k gespel word, wat ook die spelling van die

oorspronklike Griëks is—tog word die verlatijnste vorm, waarmee ons niks te doen het nie, gehandhaaf. Wat Hollandse name in Suidafrika aanbetref, lijk dit nie prakties om hierin 'n verafrikaansing deur te voer alvorens van regeringswege daartoe meegewerk word, afgesien van die vraag of dit in enige geval histories verdedigbaar sou wees.

Tot sover die wijsigings.

Intervokale g en d.—Terwyl die Spelreëls tog hersiening ondergaan, word algemeen gevoel dat 'n beter formulering van Reël 17 hoogs gewens is. Bij die meeste mense heers die indruk, dat die Akademie die **g** en **d** tussen 'n beklemtoonde klinker of tweeklinker en 'n toonlose **e**, nie erken nie. Uit Opm. 2 blyk wel die teendeel, maar die woorde van die hoofreël is daarmee ogenskynlik in teenspraak: „Tussen 'n bekl. kl. of tweekl. en 'n toonl. **e** val **g** in die uitspraak weg en ook in die spelling.” Hierdie indruk word versterk deurdat vorme wat in Transvaal meesal 'n glimlag opwek. in die Woordelys bijna uitsluitend die vorme sonder **g** aangegee staan, selfs in gevalle soos **êe**—Wat die intervokale **d** betref, staan b.v. net die vorm **geleë** aangegee, terwyl **gelede** hier waarskynlik baie meer gebruiklik is. Aangesien die voller vorme in verskeie opsig die verkieslikste is (b.v. vermyding van deeltekeens, minder ver gedrewe gelijkmaking van woordvorme soos **gelege** en **gelede**, groter klankvolheid van ons taal en makliker uitspraak, veral vir publieke redenaars en op die toneel), verdien hulle volledige erkenning.—P.

ANTWOORD VAN DIE SPELLING- KOMMISSIE

Pretoria, 23 Julie 1920.

Na aanleiding van die voorstelle van die redaksies van die Pretoriase tydskrifte en koerante wat U mij versoek het om voor te lê aan die lede van die Spellingkommissie, is mij deur gemelde Kommissie opgedra om aan U mee te deel dat noukeurig kennis geneem is van die sienswijse daarin uitgespreek, maar dat dit onmoontlik was om op die stuk in te gaan en wel om die volgende redes:

1. Die wijsiginge soos gepubliseer o.a. in die Huisgenoot en die brosjure van prof. Smith is finaal goedgekeur deur die laaste vergadering van die Akademie, sodat die Kommissie geen bevoegdheid had om op die besluite terug te kom nie. 'n Klein uitsondering hierop vorm 'n paar ondergeskikte puntjies, en een belangrike punt n.l. die van die deeltkens en kappies, wat wel terugverwijs was na die Kommissie. In die laaste punt is nagenoeg geen verandering gekom nie, en die besluite omtrent die paar ander puntjies sal binne 'n paar maande gepubliseer word in finale vorm, saam met die nuwe woordelijs.

1. Die redaksies van die spellingveranderinge soos totnogtoe gepubliseer is, hoewel korrek wat die beginsels betref, nie die offisiële publikasie van die Akademie nie, en in die finale redaksie sal sekere punte anders gegroepeer word en moontlik geredigeer. So is dit bij die groepe van woorde op **-eng** en **-ing**, waar U o.a. besware opbring, 'n kwessie van groepering, waarin nog wijsiging kan kom bij die finale bewerking.

2. Op sommige punte in U stuk is daar inkorrekte waarneming, b.v. 'n woord as **fraaiing** is net so goed twee-lettergeregig as **draaiing**, net die tweeklank is in die eerste kort, in die tweede lang. Op ander punte is dit blykbaar nie voldoende duidelik aan die publiek welke beginsels die Kommissie gevolg het nie(b.v. **algar, heeltemal**), en sal dus dankbaar gebruik gemaak worde bij die volgende uitgawe van die geleentheid om ons duidliker uit te druk.

Orals waar die Kommissie vryheid het om gebruik te maak van wenke in U stuk uitgespreek, soos ook van wenke van die publiek in die algemeen, daar sal dit sonder versuim gedaan word bij die eersdaagse finale bewerking, dog, behoudens die uitsonderinge in voorafgaande punte vermeld, het die Kommissie geen opdrag om terug te kom of af te wijk van die besluite van die laaste vergadering van die Akademie en soos in voorlopige redaksie gepubliseer o.a. in die brosjure van prof. Smith.

Hoogagtend,

U dñsw. •

TH. H. LE ROUX.

HOE OM NIE TE SKRIJWE NIE.

(Gedeeltes van die wenke wat hier volg het in „Ons Vaderland” verskijn onder die rubriek „Koerant-A.B.Jap”. Dié wenke word hier net aangevul en uitgebrei).

Hierdie artiekeltjie is uitsluitend bedoel vir redaksie-lede van Afrikaans-Hollandse nuusblaaie of tydskrifte en lede van die publiek wat arteikels of verslae of kennisgewings of ander geskrewe of gedrukte briewe, stukke of dokumente, vir publikasie bestemd, aan koerante, nuusblaaie, tydskrifte of ander onderdele van die openbare pers stuur, en mitsdien vir al diesulke wat ook in die toekoms redakteurs sal word, of in 'n ander hoedanigheid stukke van letterkundige of ander aard sal wil bydra om gepubliseer te word. Lesers, wat nog nooit 'n brief of 'n kennisgewing naar 'n koerant toe gestuur het nie, en ook nie plan het om eendag in 'n koerant te skrywe, of sekretaris van 'n partijtak of vereniging te word waardeur hij kennisgewings of verslae sal moet laat publiseer nie, hoef dan die artikkel nie verder te lees nie.

Ons is so deurdronge van 'n pijnlike besef van die struikelblokke, wat daar in die weg van die afrikaanssprekende publiek is, dat ons dit nooit vir 'n oomblik oor ons hart sal kan krij om die spot te drijf met ons mense se onmag om hul le op papier in hul eie taal uit te druk nie. Ons weet maar te goed hoe, bij 'n aansienlike deel van hulle,

die onderwijs uitsluitend Engels was, en dat, waar dit Hollands was, dit in te 'n klein dosis toegedien is om enige waarde te hê. Van Afrikaans praat ons nie eers nie, want niemand wat vandag al langbroek dra het Afrikaans op skool geleer nie. Ja, soveel leedgevoel koester ons met die teenhede waaronder ons mense in die opsig versug, dat ons met plesier al so lief alle ingestuurde stukke sal oorskryf, voordat ons ons in spottende sin oor hulle foute sal uitlaat.

Maar nou, ons het nie die tyd om alles oor te skryf of te verbeter nie, daarom gee ons met die beste bedoeling enkele wenke, wat sal help om skrywers van ingestuurde stukke minder foute te laat maak, en ook as 'n prikkel sal dien vir hulle en andere, om meer van die reëls van ons taal te wete te kom.

Vereers is koerantpapier nou verskriklik duur— omtrent 8 maal so duur as voor die oorlog—en is daar dus alle rede om uiters spaarsaam te beskik oor ons plaasruimte, sodat ons geen verskoning hoef te vra nie, wanneer ons skrywers van pers-artiekels hier aanmaan om hulle opienies tog veral kort en saaklik in te klee. Ons gee hier 'n verkeerde en 'n regte voorbeeld van 'n koerant-artikel. En dis nie somaar 'n versinsel nie. Ons ontvang werklik artikels van die stoffasie. Baie skrywers begin hul artikels min of meer as volg:

Aan de Edele Heer Editeur, „Ons Vaderland” (ons skryf hier alles agtermekaar, maar die aanhef word gewoonlik nog oor 'n half dosijn reëls versprei), Waarde Editeur, Ek is nie eintlik 'n koerantskrywer nie, maar ek voel as ek nie nou lug gee aan mij gemoed nie, dan sal ek bars, want

ek is nou vol tot in mij keel vir al die dingetjies wat ons heeldag lees wat daar in ons land aangaan. (En dan gaan die skrywer voort om nog twee velle papier vol te skryf om duidelik te maak waarom hij nou juis genoodsaak is om naar die pen te grijp, ofschoon hij dit aan „meer bekwaamer” persone sou oorgelaat het om oor die onderwerp te skryf). Dus mijnheer editeur, wees dan a.u.b. so goed om mij enige plaasruimte in uw beroemde blad af te staan om die volgende punte in swakheid onder die aandag van die publiek te bring, ens.

Ons koerantskrywers, is praktiese mense. Wat nie eintlik ter sake dienende is nie, krap ons gewoonlik maar uit. Dit kan ons lesers in Mapogse-land b.v. nie skeel hoe vol mnr. Koekemoer van Groot Spelonke is van die birmelandse politieke draadtrekkerij nie. Al wat hulle kan skeel is of hij 'n steentjie bij te bring het om diegene wat nie wil sien nie, die oge oop te maak dat hulle kan help om die toestand te verander. Sij opinie—as dit vars botter kan snij—moet dan diens doen om deur ons lesers die waarheid te laat invrijf bij die wat nog nie oortuig is nie. So laat ons dan maar altijd die gedeelte wat niks nuus bevat nie weg.

Maar nou, ons is, behalwe dat ons uiters praktiese mense is, daarbij nog baie besig, sodat ons nie bra tijd het om altijd al die oortollige welstandsmededeling uit die brief te krap en miskien nog 'n stukkie papier boaan te plak—waar ons die stuk weggeknip het—om die hoof te skryf en „Mnr. Dinges van Groot Spelonke skryf as volg”.....

Skrywers van ingestuurde stukke kan ons dus baie help, as hulle dadelik wil wegval en sê: „Dit is pure twak wat die en die beweer: die ding steek so inmekaar.” En sê dan net presies wat u meen, sonder omweg of uitleg.

En nou, sekretarisse, smeer julle vet! Julle is die tak van koerantskrywers wat ons, persmense, net die meeste ergernis aandoen. Wanneer die sekretaris 'n kennisgewing opstel, dan lê die huis vol ou koerante, waar daar 'n menigte kennisgewings in voorkom. Dit nie alleen nie, maar ons het sif eie kennisgewing van te vore al verbeter, maar hij doen nie moeite om op te let wat die regte vorm is nie.

Ons neem die kennisgewings van takke onder „Partijnieuws” gratis op. Vandaar dat ons maar bietjie suinig is en daardie rubriek se berigte so kort moontlik besnoei. Hier is weer 'n voorbeeld van omslagtige langdradigheid, wat ons bij ons sekretarisse wil ontmoedig: „Mij is opgedragen 't volgende onder de aandacht van leden, taksbestuursleden en afdelingsbestuursleden van de kiesafdeling Omweg te brengen, dat er op de eerste deze besloten is om onze taksstemvergadering van de kiesafdeling Omweg, te doen plaatsvinden op de 20ste dezer. Leden, taksbestuursleden, enz. gelieven hiervan nota te nemen. Verder moet ik d leden nz., in kennis stellen dat de tellingsvergadering zal plaatsvinden op de 25ste dezer, des voormiddags om 10 uur, en wel bij het hotel te Lawaaiwaterfontein. U bijvoorbaat dankende voor opname. De uwe, Jasper Uitvoerig, Sekretaris, Afdelingsbestuur, Kiesafdeling Omweg.”

Dit is glad te omslagtig, veral waar al die afdelingssekretarisse die reg het om 'n mededeling van dieselfde inhoud te plaas. Al wat nodig is is net bo-aan „Partijnieuws”; daaronder „Kiesafdeling Omweg” of „Tak Omslagtig (Omweg)” dan „Stemvergaderinge is vasgestel op 20 April. 'n Tellingsvergadering op 25 April, 10 v.m., bij die Hotel, Lawaaiwaterfontein.—Jasper Uitvoerig, Afd. Sekr.” Dan weet die lede mos al wat hulle moes weet. Niemand neem daar tog meer notiesie van omdat die sekr. sê dat hij daartoe opgedra is en elk en 'n ieder bij name vra om tog kennis daarvan te neem nie.

Joernaliste sal sê: nou wat op aarde het ons kollega daarby voor om ons aandag uit te nodig bij die beskouing van euwels wat ons ook maar te goed ken en elke dag moet onder versug! Geduld, kollega's, volgende keer behandel ek julle en mij eie tekortkominge en vra ek die lesers—koerant-skrywers of nie—om dit te lees en vir ons te lag.

* * *

Ek het laas beloof om die skoot met ander koerant-editeurs en mij eie foute die spot te drijf. Maar om hierdie gesellige gesprekkies dié naam van A.B.Jap te laat wêrd wees, moet ek met verdrag opklim. Ons was laas nog bij die B en dit is eers bij die Koo en die Kee wat jong redakteurtjies foute maak. Al die ander foutjies tot daar kom nog op rekening van die geagte briëfskrywers. Vir hulle wil ek 'n paar reëls aan die hand gee, wat hulle en ons te pas sal kom.

'n Kollega het eenkeer 'n raak vergelyking gebruik wat ons hier wil herhaal. Hij sê partij ingestuurde stukke is so vol foute dat teen die tijd

dat die brief persklaar is, dit omtrent lijk soos ou Filant se baadjie; want net so as wat jij aan 'n baie dikgelapte baadjie nie kan beken watter lap die oorspronklike verteenwoordig nie, net so moeilik gaat dit wanneer die brief met die rooi ink gekorriseer is, om uit te maak of die brief oorspronklik met rooi of swart ink geskryf is, omdat jij partijkeer meer as die helfte van die woorde moet verbeter.

Briefskrywers wat nie die skryfwijse sekuur dophou nie, loop gevaar om nie minder as vier verskillende taalvorms deurmekaar te gebruik! Hoe so? Ja, dit sal ek dadelik duidelik maak.

Die Afrikaans-Hollandse pers, gebruik vandag net twee vorms, n.l. Afrikaans en Vereenvoudigde Hollands. Laasgenoemde vorm, wat ook bekend is as die Kolliewijnse spelling, is van 1891 in gebruik in Holland en van 1906 af in ons land. Voor die tijd was hier, sowel as in Holland in swang die vorm wat genoem word die De Vries en Te Winkel-spelling (ingevoer in 1865). As ons nog verder terug gaan dan tref ons die Siegenbeek-spelling aan (ingevoer in 1904). Word dit baie droog? Ek sal netnou weer 'n grap maak: ek is nou baie ernstig.

In hoofsaak kom die spelling van Afrikaans en Kolliewijnse (Vereenvoudigde) Hollands ooreen. Laat ons nou 'n paar van die vernaamste Kolliewijnshervorminge opnoem om te wijs hoe 'n mens in Hollands sowel as Afrikaans nie moet skryf nie. Voor 1906 het ons geskryf: **Mensch, boomen, peeren**, ens. Toe kom die vereenvoudiging en die sê: kijk die **ch** aan die agterend van **Mensch** word tog nie uitgespreek nie, laat dit maar weg. Nou skryf ons mens, wens, ens.

LETTERGREPE.

Sulke woorde soos **boomen**, **peeren** verander ook nie die uitspraak wanneer hul met 'n enkele **o** of **e** geskryf word nie, dus **bomen**, **peren**. Die reël daarvoor is dit: wanneer 'n woord in lettergrepe verdeel word en daar kom 'n **o** of **e** aan die einde van 'n lettergreep, soos **boo-men**, **pee-ren**, dan is dit nie nodig om die **o** of **e** dubbel te skryf nie. Met **a** en **u** was dit lang al die geval. Ons het altyd geskryf: **namen**, **uren**, ofskoon daar vandag mense is wat in ou Hollands, nuwe spelling en Afrikaans sulke woorde soos **strate**, **mure**, ens., met 'n dubbel **a** of **u** skryf. Dit is iets wat ons geslag nooit geken het nie en wat net 'n enkele maal in 'n eienaam aangetref word, soos van **Straaten**, van **Vuuren**, ens.

Dit is miskien nodig om die proses van verdeling in lettergrepe bietjie nader toe te lig.

Lettergrepe is die dele van 'n woord wat afsonderlik gevorm word, wanneer 'n mens die woord langsaam uitspreek, dus: **Bo-me**, **Hot-ten-tot**, **hol-lands-spre-ken-de**, **en-gels-me-dium-skool**, **skool-ra-de**.

Nou is die reël dit:

1. Breek eers af in lettergrepe die aparte dele van 'n samegestelde woord, dus: **hollands-sprekende**, **engels-medium-skool**, **skool-rade**;

2. Breek dan af tussen twee medeklinkers (die **klinkers** is die letters **a**, **e**, **i**, **o**, **u**, **ij**; al die ander is medeklinkers), dus: **Hot-ten-tot** (tussen **t** en **t**, tussen **n** en **t**), **hol-lands** (tussen **l** en **l**), **en-gels** (tussen **n** en **g**);

3. Breek af voor 'n enkele medeklinker, dus:

bo-me (voor **m**), **me-di-um** (voor **d**—die verdeling van **d** en **um** val onder 'n reël wat vir ons doel hier nie toeligting behoef nie), **ra-de** (voor **d**), **spreken-de** (voor **k**—reël 3—en tussen **n** en **d**—reël 2).

Nou is die volgende vraag waarom **skool** met 'n dubbele **o** geskryf en **bome** met een **o**, terwyl die uitspraak in albei gevalle **oo** is.

Die antwoord is dit: **bome** kan 'n mens nie anders uitspreek as **boome** nie terwyl **skool** heeltemal 'n ander uitspraak laat hoor as dit **skol** geskryf word. Neem 'n ander geval **boom**, **bome** en **bomme**. Die verskil is heeltemal gelege aan die verdeling in lettergrepe. In **bo-me** is die **o** lang in **bom-me** kort.

Wanneer 'n woord nou so afgebreek word dat daar 'n klinker aan die einde van 'n lettergreep te staan kom, b.v. **bo-**, **spre-**, **ra-**, dan word dié deel van die woord 'n **ope lettergreep** genoem.

Reël: In 'n ope lettergreep verdubbel die klinker nie.

Die reël hou ook goed vir eenlettergrepige woorde of 'n ope lettergreep aan die einde van 'n woord, dus: **bo**, **bu-ro**, **sku**, **waarsku**, **vra**. **e** is 'n uitsondering, dus: **twee**, **komitee**. Ook in verboge vorme of afleidinge word, volgens die Pretoriase perskonferensie die dubbele **e** van sulke woorde behou, dus: **tweede**, **tweërlei** (insteede van **twede**, **tweërlei** van die Akademie).

In enkele verkleiningsvorme verdubbel die klinker in die ope lettergreep, dus: **pootjie**, **paadjie** (tj verteenwoordig hier een letterteken, maar die **o** ofskoon **poo-tjie** afgebreek blij dubbel, om verwarring met **potjie**—'n klein **pot**—te vermij.)

Is dit nou duidelik?

'N PAAR REELS.

1. Die **ch** wat aan die end van 'n woord nie uitgespreek word, nie val weg (dus: **mens** instede van **mensch**).

2. 'n Klinker, n.l. **a**, **e**, **o**, of **u** aan die einde van 'n lettergreep word nie verdubbel nie, behalwe in 'n paar eenlettergeregte woorde wat op **ee** eindig, soos **tree**, **zee**, ens.

3. Dan die agtervoegsel **lijk** wat **lik** uitgespreek word, word ook so gespel, dus: **mogelik**, **dageliks**, ens.

Al die genoemde segeninge van die Vereenvoudigde Hollands het Afrikaans reeds voor die vereenvoudiging min of meer besit, en het ook bij die vasstelling van 'n egaal spelwijse vir Afrikaans deel van ons spelling geword. Waar ons dus in Hollands nie meer skryf **menschen**, **boomen**, **peeren**, ens., daar skryf ons in Afrikaans ook enkel **mense**, **bome**, **pere**.

Nou kom nog 'n paar reëls waarin ons in Afrikaans selfs nog verder vereenvoudig as in Vereenvoudigde Hollands. Ek sal die skoot net 'n paar noem. En as briëfskrywers net die paar reëls wat hier volg wil onthou, al vergeet hulle dan ook al die voorgaande, dan sal hulle die beroep van ons, redakteurs, draaglik maak.

1. In Afrikaans gebruik ons nooit **z** nie, altijd **s**, dus: **sal**, **so**, **swart**, **voorsitter**, ens.

(Die Pretoriase koerantskrywers het gemeen dat daar 'n enkele keer werkelik 'n **z** gehoor word, b.v. in **bazaar**, **Zoeloe**, en dat dit in dié gevalle moet behou word).

2. **Ch** aan die end van 'n woord of lettergreep word **g**, dus: **lag, juig, sag** (van zacht), **geagte, ligte**, ens.

3. **Sch** aan die begin van 'n woord of lettergreep word **sk**, dus: **skool, skaap, geselskap**, ens.

4. **t** wat **s** uitgespreek word, word ook **s** geskryf, dus: **nasie, nasionaal, konstitusie** (pleks van **natie, nationaal, konstitutie**).

5. **C** wat **k** uitgespreek word, word ook **k** geskryf, dus: **kongres, Oktober, konneksie** (pleks van **congres, Oktober, connectie**).

6. **c** wat **s** uitgespreek word, word ook **s** geskryf, dus: **konsep, konsessie, Desember** (pleks van **concept, concessie, December**).

7. **t** wat aan die einde van 'n woord nie uitgespreek word nie, val weg, dus: **konsep, plaas, ooskuskoors, aankoms** (pleks van **konsept — of concept — plaats, oostkustkoorts, aankomst**).

8. **Door** word **deur**, ook in samestellinge: **deurloop, deurmekaar**.

9. **Voor** word **vir**, b.v.: „Gee dit **vir** mij,” „Ek doen dit **vir** mij plesier.”

Uitsondering: „Hij verskijn **voor** die magistraat,” „Ek was **voor** jou daar.”

In samestellinge word dit **ver**, b.v.: **verbij, veral, vernaam, verniet, versigtig**.

Uitsonderinge: **voorsien, voorkom**, ens.

10. **Over** word **oor**. Ook in samestellinge, dus: **oortuig, onoorkomelik**.

Uitsonderinge: enkele geleerde woorde, b.v.: **owerheid, owerste, owerspel**.

11. **Boven** word **bo**. Ook in samestellinge, dus: **bodeur, bobaas, bolip**; maar **bowenatuurlik, bowendien, bowenaards**.

12 (a) **i** word **ie** in die beklemtoonde lettergreep van Afrikaans en verafrikaanste woorde: dus: **tradiesie, ambiesie, kompetesie** (pleks van tradisie, ambisie, kompetisie). Die nadruk of klemtoon is n.l. hier op **die, bie, tie**.

(b) In onbeklemtoonde eindlettergrepe word **ie** geskryf, dus: **bietjie** (en alle verkleiningsuitgange op **ie** of **jie**), **grasie, notiesie, posiesie**.

(c) In ander onbeklemtoonde lettergrepe word **i** geskryf, dus **individu, munisipaliteit, tradisioneel** (bij **tradiesie** is die klemtoon n.l. op **die**, daarom skryf ons **ie**; bij **tradisioneel** is die nadruk op **neel**, daarom skryf ons **i**).

13. Die deelteken op die **e** word net gebruik na **o** of **e**, dus: **oë, vermoë, reël, verleë**; maar: **laer, vrae, kruie, getuie, wije**, omdat in die gevalle weglating van die deelteken nie die uitspraak verander nie. (Ek is nie bijgelowig nie, vandaar 13 reëls.)

Dis ook nou werklik vereers genoeg. As almal wat briewe vir publikasie stuur net die paar reëls wil in agneem, dan sal die koerante met plesier al die ander foute wat hulle maak self regmaak, Maar ons maak ook regtig staat daarop, dat almal wat in die koerant skryf die paar reëls telkens sal raadpleeg.

Die wat heeltemal op hoogte wil wees, raai ek aan om die Afrikaanse spelreëls te bestel vir 'n trippens, of die Afrikaanse woordelijs vir 'n paar shillings. Dis bij enige boekwinkel verkrygbaar.

Volgende keer lag ons vir die redakteurs.

* * *

Ons het verskeie briewe van instemming met die wenke onder hierdie rubriek ontvang. Dat dit help, kan sowel ons as ons rooi ink getuig. Ja.

dit help in enkele gevalle selfs te veel! Een insender, wat gewoonlik in Hoog Hollands skryf, vervang nou glad in Hollands ook die z deur s. Nee, dit was nooit ons bedoeling nie. Ons het uitdruklik gesê: „In **Afrikaans** gebruik ons nooit z nie altijd s.”

Nie alleen partikuliere briëfskrywers nie, ook die koerante wat altijd deur ons „Tonteldoos” be- „vonk” werd, skijn daar baat bij te vind. Hulle foute is baie minder, en waar hulle hul nog vergis word die fout die volgende uitgawe met betuiging van leed herstel, onder „verbetering”—wat ons graag as staande rubriek sou sien in elke koerant wat nog bietjie slordig is. Die pers het te ’n groot invloed, dan dat onverskilligheid gedoog kan word. Immers, die lesers wat vir lering vatbaar is, neem die uitdrukking en spelwijse van die koerant as norm aan. En tereg, want waarvoor is ons dan so slim geleerd!—jammer maar dat intekenaars nie meer sekuur is met opbetaling nie, sodat ons salaris ook kan in ooreenstemming wees met ons arbeid en ons begaafdheid. („Ons” is nie hier die editeur van ons koerant of ons redakteurs nie, maar al ons kollega’s, ook die van enkele klein koerantjies wat 5sh. per artikel betaal word en £1 3sh. in die maand vir vertaling van die advertensies!)

Enkele lesers het ons gevra om meer lig, in gevalle soos ons „klaargemaakte dames’ vonk. (Sie onder „Vonke”). Juistement, dis die punt wat ons ons buitendien voorgeneem het om hierdie keer oor voor te lig.

Kijk, die ding staan so. Die Engelse taal, ofskoon saamgestel uit Angel-Saksies, Frans, Latijn,

Grieks en nog klein klompies woorde van elke moontlike taal, is blykbaar so arm dat hulle elke woord maar in elke moontlike verband gebruik. So het hulle b.v. die gewoonte om 'n selfstandige naamwoord of ander rededeel sonder buiging te gebruik as 'n byvoeglike woord voor 'n ander naamwoord. Voorbeeld: **Pretoria School Board** (Pretoriase Skoolraad of soos sommige korrespondente skryf, Pretoria Skool Raad). **Board** (Raad) is hier die naamwoord en sowel **Pretoria** as **School** word as byvoeglike woorde gebruik. In Engels is soiets gewettig, omdat—soos ons reeds gesê het—Engels so'n arm taal is. In Hollands, Afrikaans of Duits hoef dit nie, omdat genoemde tale deur buiging of op ander wyse voorsiening maak.

Vorm nou in Afrikaans twee of meer woorde een begrip, dan word die woorde aanmekaar geskryf. **Skoolraad** is een van die woorde, wat so'n eenheidsbegrip aandui, so ook **verjaardagsoen**, **Arbeiderspartij**, **tremstaking**, ens. As die begrip nie 'n algemeen-erkende eenheid uitmaak nie, word die woorde met 'n koppelteken geskryf. Anders by wyse van buiging, soos Pretoriase, Smutsiaanse, Malanistiese, Smartterige, ens. Twee of meer naamwoorde kan gerus maar altyd aanmekaar geskryf word, behalwe in gevalle waar dit die uitspraak van die saamgestelde woord kan belemmer. Die „Uil” kan dus gerus maar „Fontein koppie water skema” alles aanmekaar skryf.

Die taalsiekte wat 'n navolging van die Engelse skryfwyse kenmerk, word genoem „Anglisme” dan is die name van die meeste vereniginge in ons land anglismes, b.v. : Pretoria Toneelvereniging,

Jakhals Draai Debats Vereniging, dan sulke kaf soos hoof bestuurs vergadering, mijn werkers vereniging ens.

Die „klaargemaakte dames“-kategorie (sie „Vonke“) word as volg verhelp „klaargemaakte dames- en kinderjaste“. Dit beduie dan „damesjaste en kinderjaste“. Met weinige uitsonderinge is dit egter net die besigheidsbestuurders van koe-rante wat teen hierdie laaste reël sondig, b.v. „Mark, kommissie, handels, boedel, huis, assu-ransie, finansiële en algemene agente“. Al hierdie woorde, behalwe finansiële en algemene, is naamwoorde en mag nie maar gebruik word of hulle bijvoeglike woorde is nie. Die hele tittel van die firma sou dus moes lui: „Mark-, kommissie-, handels-, boedel-, huis-, assuransie-, finan-siële en algemene agente.“

Dis 'n interessante maar ingewikkelde reël en word te droog, as 'n mens dit te skoolmeesteragtig gaan behandel.

ENKELE TAALKUNDIGE MOEILIKHEDE.

Ek wil op net nog 'n paar dikwels voorkomende foute wijs.

Die lidwoord **een** word in Afrikaans sowel as vereenvoudigde Hollands amper **un**—of nagenoeg soos die Engelse lidwoord **a**—uitgespreek en word sonder uitsondering met 'n blote **n** en weglatings-teken geskrywe, so: 'n. Onthou nooit **een** nie, of dit moet die telwoord voorstel, b.v.: „Daar is maar net **een** son“; maar: „Daar loop 'n man met 'n stuk van 'n wors in 'n sakdoek.“

Die betreklike voornaamwoord is **wat** en nie

die nie. Voorbeeld: „Die man **wat** in 'n koerant wil skrywe, moet die reëls leer **wat** gewoonlik gebruik word.”

Dit is onafrikaans en 'n teken van slordigheid om die laaste **nie** van 'n ontkennde sin weg te laat. Dis verkeerd en baie lelik om te sê: „Ek sal nie kom”; hij kan nie skryf”; „Jan wil nie eet.” Die regte manier is: „Ek sal nie kom **nie**”; „hij kan nie skryf **nie**”; „Jan wil nie eet **nie**.”

Om is 'n woordjie wat baie keer verswiig word, b.v.: „Hij is besig 'n brief te skryf”; vra hom bij ons te eet”; „Genl. Smuts stel voor 'n nuwe partij te stig”. Die regte manier is... **om** 'n brief te skryf; ...**om** bij ons te eet; ...**om** 'n nuwe partij te stig.

Oor word dikwels verkeerdelik gebruik vir **omdat**, **omrede**, b.v. **oor** hij dit nie kan doen nie; ...**oor** ek more moet weggaan.

Dan na die vergrotende trap is verkeerd, want 'n anglisisme. Dit moet wees **as**. B.v. Ek is groter **as** jij; hij is beter **as** sij broer.

Dat word wegens slordigheid deur baie **lat** uitgespreek en dus ook **lat** of **laat** geskrywe, b.v.: „Ek weet **laat** dit verkeerd is.”

Net 'n paar reëls omtrent verbuiging van bijvoeglike naamwoorde (hierna geskryf bnw.). Verbuiging beteken in hierdie geval, dat daar **e** agteraan kom—met of sonder verandering van die stam van die woord.

Eenlettergrepige bnw. op **d**, **g**, **f** word verbuig, b.v. 'n **goeie** raad, 'n **wilde** dier, 'n **gladde** klip; 'n **slegte** mens; 'n **droge** (of droë, A.) boom, 'n **hoge** (of hoë, A.) skool; 'n **gawe** seun, 'n **liewe** kind.

Eenlettergrepige bnw. op ander medeklinkers en op klinkers verbuig nie, b.v. : 'n **lang** tyd, 'n **groot** os, 'n **swaar** ketting, 'n **lui** kind, 'n **vrij** nasie.

Eenlettergrepige bnw. op **s**, afgelei van selfstandige naamwoorde (snw) verbuig, b.v. : **aardse**, **Britse**, **Roomse**, ens.

So-ook 'n paar op **s** en **r**, b.v. : **vaste**, **juiste**, **woeste**, **flukse**, **snaakse**, **valse** ook **vals**), **dwase**; **pure**, **ware**, **nare**, **dorre**.

Vir verdere uitsonderinge raadpleeg die Taalboekie.

Die meeste twee- en meer-lettergrepige bnw. word verbuig, dus: **ongelukkige**, **industriële**, **onverskillige**.

Vir uitsonderinge sien Taalboekie.

Baie skrywers is geneig om, onder Nederlandse invloed, byvoeglike woorde onverbogte te skryf voor naamwoorde wat in Nederlands onzijdig is, b.v. „op **politiek** gebied”, „'n **gehoorsaam** kind”, „'n **nuttig** boek”, ens.

Ons is 'n woordjie wat baie lîj onder die geleerderigheid van diesulke (met dié verskil dat **ons** onnodig verbuig word, terwîl in eersgenoemde geval die byvoeglike woord verkeerdelik nie verbuig word nie), b.v. **ons** kind, **ons** beginsel **ons** boek (waar die naamwoord in Nederlands 'n „**het**”-woord is); maar **onse** partij, **onse** beginsels **onse** oorwinning (waar die naamwoord of 'n „**de**” woord of 'n meervoudsvorm is. Die regte manier is om maar altyd **ons** te skryf.

ANGLISISMES.

Met die paar voorbeelde van anglisismes, wat ek die vorige keer genoem het, is die lijs van verskijsels van die Engelse taal-siekte nog lang nie uitgeput nie. Elkeen wat 'n bietjie baie Engels lees of hoor is vatbaar vir die siekte, in die een of ander gedaante. Dis dan ook nie juis ongeleerde of halfgeleerde mense wat die meeste daaraan onderhewig is nie. Nee, onder die geleerdste Afrikaners, sou ek sê, word dit amper nog meer aangetref as bij gewone mense.

„Papier,” hoor' jij baie keer iemand sê vir koerant, wat 'n te letterlike vertaling is van „paper” (verkorte vorm van „newspaper”). Dit is 'n anglisisme van die eerste water. 'n „eerste-grad” anglisisme, sou ek ook hier kon gesê het, dan was dit ook 'n anglisisme vir „first rate”. Waar is Jan? Hij het nog nie „opgedraai” nie (vir „turned up”). Hoe „roep” jij dit? (vir „call”, moet wees „noem”). „Weet” jij al jou Grieks? vra 'n Engelse student eendag vir mij (omdat „know” sowel vir „weet” as vir „ken” gebruik word). 'n Kennisgewing van 'n naburige stadsraad vang aan met die volgende woorde: „Attensie word getrek na seksie...” (gloeiende anglisisme: „Attention is drawn to section...”). Prokureurs is baie lief om hulle aanskrijwings as volg aan te hef: „Ik ben geïnstrueerd geworden” (letterlike vertaling van „I have been instructed” moet wees: „Mij is opgedragen” of „Ik ben gelast”).

Om jou aan anglisisme skuldig te maak, hoef jij nie juis verkeerde woorde te gebruik nie. Span

hulle maar net verkeerd om in—in dieselfde volgorde as in Engels—dan is dit kant en klaar anglicisme. „Genl. Smuts het gesê in die Landbousaal verlede Vrijdagaand, dat ons is nou baie vrijer as onder 'n republiek.” In die sin is nie minder a s vier foute, en ofskoon dit nie dikwels gebeur dat al die foute in een sin voorkom nie, is al vier foute wat in die een of ander verband voorkom in die skriftaal van Afrikaners wat nie moeite doen om hulle taal suiwer te hou nie. Met behulp van 'n baie eenvoudige taalreël kan hierdie soort bastersinne vermij word. In Engels gebruik hulle n.l. eers die werkwoord, dan die plek (waar) en dan die tijd (wanneer). In Afrikaans geld die teenoorgestelde volgorde: eers die hulpwerkwoord (het), dan die tijd (Vrijdagaand), dan die plek (in die landbousaal) en dan die hoofwerkwoord (gesê).

Bijgesê, dit geld vir 'n hoofsin. Dit was nou nie nodig om nog omslagtiger te word nie, maar dalk pruttel iemand weer: Wat van sulke sinne soos: „Ons hoor, dat genl. Smuts Vrijdagaand in die landbousaal gesê het,”—waar die hulpwerkwoord (het) glad nie op die plek staan wat jij daarvoor aangewijs het nie? Goed in bii sinne word die hulpwerkwoord dan naar agtertoe geskuif—voor of na die hoofwerkwoord. In die volgende geval kom dit voor die hoofwerkwoord: „Hulle sê, dat generaal Smuts Vrijdagaand in die landbousaal s a l voorstel...” Vir klemtoon-doel, eindes is die woordskikking partijkeer bietjie anders, maar nooit presies soos in Engels nie. Die fout in die laaste deel van die sin kom baie voor: „dat ons is vrijer,” moet wees „dat ons

vrijer is." In 'n bekende toneelstuk kom die volgende voor: „Annie, weet jy dan nie dat ek dra iets gewigtigs op mij hart," en nog 'n paar in die honderd van dieselfde soort foute. „Dra" (hoofwerkwoord) moet heel laaste kom.

* * *

„Mijners Unie," „Mijn Werkers Unie," is terme wat ons heeldag teëkom in artikel van goudveldse beriggewers of ingestuurde stukke van briefskrywers uit daardie geweste. As dit dan „Unie" moet wees, laat dit dan „Mijnwerkers-Unie" wees, want Engels „miner" is tog 'n „mijnwerker" en nie 'n „mijn werker" of „mijner" nie!

Maar ook teen die woordjie „Unie" het ons 'n ernstige bedenking. Dis 'n woord wat afgelei is van Latijn „unus" of Frans „un," wat „een" beteken, en in ons taal binnegesluip deur die Engelse woord „Union." As daar een middel is wat ons kragtig moet aanwend om verbastering te voorkom, dan is dit deur klakkeloos oorgekalkte verengelste Latijnse of ander vreemde woorde uit ons taal te weer. In die hoog-wetenskappelike taal sal ons dít vir 'n tydlang nog maar moet verlies neem om in baie gevalle Griekse of Latijnse woorde met 'n Afrikaanse stêrtjie te gebruik, maar laat ons gewone sterweling, wanneer ons met alledaagse doen en denke deurmekaar raak, nou nie nodeloos gekwel word deur 'n kunsmatig-gerekte woordeskat nie! Buitendien word ons taal baie mooier, suiwerder en rijker, wanneer ons deur buiging, vervoeging en andersins steeds nuwe woorde van Dietse herkoms skep, in stede

van te moet terugval op die eerste beste misbruikte ingeburgerde vreemde woord.

Af te keure is ook nog die stokkerige „vise-voorsitter” en „vise-sekretaris”. Die regte manier is „onder-voorsitter” en „hulp-sekretaris”.

’n Persoon wat hom verbeel dat dit „geleerd” klink om sulke woorde soos „eleksie” (vir verkiesing), „konklusie” (gevolgtrekking), „proporsie” (verhouding), „determinasie” (vasberadenheid) te gebruik, vergis hom deerlik. Die kennis en gebruik van sulke woorde getuig wel van die besit van ’n mondjievol kennis van die Engelse taal, maar is lang nie ’n bewijs van woorde-rykdom op die stuk van die eie taal nie. Inteendeel!

Dus, sodra ’n enigsins uitheemse woord in Engels min of meer gelijk op ’n ingeburgerde vorm van die woord in ons taal, is daar rede om so ’r woord met argwaan te bejegen en dit maar liever deur ’n makker woord te vervang. B.v., om nou tog op die woorde van ons teks terug te kom, „Unie” klink te rooi. Dus liever „Vereniging” of liefs „Bond”—so ’n mooi suiwer woord waar ons „bind”, „band”, ens. van dieselfde Dietse grondwoord het. Maar in die geval van die „Miners’ Union”, sal ons „Mijnwerkersvereniging” inburger, om verwarring met die „S.A. Werkersbond” te vermij. Sal medewerkers a.u.b. hierop let en ons help om ons taal suiwer te hou.

Volgende keer oor iets wat minder droog is. Net dit nog: lees tog baie Afrikaanse en Hollandse boeke! Dis die beste manier om van die Engelse siekte te sout.

VONKE.

(Hier volg 'n bloemlesing van „Vonke” wat van tijd tot tijd in „Ons Vaderland” verskijn het. Die name van die koerante wat deur mij bevoñk word is denkbeeldig. Ek gebruik altijd dieselfde naam vir dieselfde koerant. Die name wat nie eintlik mooi klink nie, soos „Die Jakhals”, „Die Muishond” ens. moet niemand tog aanstoot uit neem nie. Ons blad het ek self nie die welluidendste naam gegee nie.)

* * *

Op 12 Maart skryf die „Valk”: „Ons aanbod om enveloppen met naam en adres van kopers te bedrukken houdt nog goed tot 1 Maart.” Mooi skoot! Ons bestel 1000 pakkies op voorwaarde dat dit eergister moet klaar gedruk wees.

* * *

In die jongste uitgawe van die „Mossie” beskryf 'n medewerker die verjaardagfees van 'n honderdjarige en sê o.a.: „Ek het nooit gehoor van een mens met wie die oubaas ooit kwaaivrinde was nie, en dit gedurende honderd jaar!” Die skrywer sê nou nie juis dat hij die oubaas langer as honderd jaar geken het nie; maar gedurende honderd jaar het hij nooit gehoor dat hij met iemand kwaaivrinde was nie.

* * *

Dit laat ons denk aan die ou tante wat 90 jaar oud was en toe 'n skilpad in die koskas opsluit

met die woorde: „Hulle sê mos 'n skilpad word honderd jaar oud: ek wil nou self kijk of dit waar is.”

* * *

Wanneer hou die stoflike oorskot van 'n dooi mens op om 'n „lijk” te wees? (met eerbied). Ons vra dit naa aanleiding van 'n berig in die „Aasvoël”, waar die blad aankondig dat die lijk van oorlede Sir Starr Jameson een van die dae bij die Matoppas sal herbegrawe word. (Hij is al 'n hele paar jaar gelede in Engeland dood!).

* * *

Die „Aasvoël” is nie eintlik baie gelukkig in sij woordekeus nie. Hij struikel b.v. oor sulke anglisismes soos „Bakstene-leggers” („bricklayers”), „meester-bouwlieden” („master builders”) ens. Dan praat ons kollega van „Het Bestuurskomitee van de Vereniging van 't gesaliede personeel.”

En kijk dan die volgende:

„Dat het Goevernement verzocht worde, dat het, waar het naa autoriteit zoekt voor het opleggen van een inkomstebelasting voor het volgende finansiële jaar voorsiening zal maken voor de vrijstelling van alle inkomens, die £600 per jaar niet te boven gaan.”

Die amptelike vertaling kan dit nie oortref nie!

* * *

Die pos-autoriteite het 'n slim plan uitgedenk om bij „Aprilfool”-dag verbij te kom. Die postempel van Wijnberg het op 1 April die datum 32 Maart gehad!

* * *

Die „Laksman” van Koggelmanderdraai het

die vorige Saterdag sij lesers laat bereik, deurdat die elektriese motor uit orde geraak het, net toe die koerant moes afgedruk word. Die redaksie spreek die hoop uit, dat „niks van die aard weer sal gebeur nie.” Ja, nee!

* * *

Die „Laksman” is bereid om enige hoeveelheid gom te koop teen ’n goeie prijs. Ons gebruik somaar gewone pap.

* * *

Kaapse Magistraat (tot kleurling, wat vir dronkenskap voorkom):

Is jij getroud?

Beskuldigde: „Ja Baas, dit is wat gemaak het dat ek drink.”

* * *

„O. Tipper en Ko. bied te koop aan ’n groot voorraad **klaargemaakte dames** en kinder jaste” („Laksman”). Ek wou net per advertensie briefwisseling van dames uitgenodig het, met die oog op ’n „verstandhouding,” maar nou is dit nie meer nodig nie: ek bestel doodgewoon ’n „klaargemaakte dame” van die firma Tipper en Ko., teen 6/7s. 6d. (Jong Redakteurs en ander koerant-skrywers, lees ons artikel onder hoof „Koerant-A.B.Jap.”)

* * *

Die „Muishond” is ’n groter letterdief as die „Laksman”. Laasgenoemde neem n.l. ons artikel met kop, stêrt en kloutjies oor, sodat lesers van hom, wat ook „Ons Vaderland” lees, kan sien dat hij dit maar net van ons leen om nie weer terug te gee nie. Maar die „Muishond” steel partij maal ons artikels en berigte, deur dit so te

omskryf, dat net ons en hij en ander joernaliste kan sien dat dit 'n tweedehands-artikel is. Dit het hulle b.v. weer gedoen in die geval van ons artikel oor die hofsak teen Sir Abe Bailey.

* * *

„Er zijn in Engeland proeven genomen met ontbrandbare stof voor uniformen voor vliegers. Het materiaal werd lange tijd in vlamme petrol gehouden en was nauweliks geschroeid”. (Die „Ietermagoa”).

Dis 'n leun! „Ontbrandbare” beteken dan juis iets wat maklik brand. Mnr. Brown, wat in die parlamentshuis aan brand geraak het, word dan juis genoem die „ontbrandbare of ontvlambare lid”. Was dit nou ontbrandbare, ja! Wat sou ou mnr. Brown blij gewees het as hij een van daardie brandproef uniforms kon krij!

* * *

De kanadese Regering heeft besloten een kanadese Luchtdienst te vormen met kanadese oud-officieren”. (Die „Ietermagoa”).

Hoekom dan soveel nadruk op „kanadese”? Dit lijk net of hierdie Sap-blad wil nasionaal word —of hij tussen die reëls wil uitroep „Kanada vir die Kanadese en Afrika vir die Afrikaner”!

* * *

Die engelse pers het 'n slegte manier om 'n Afrikaner wat in moeilikheid kom met volle naam, adres en „pedigree” aan die groot klok te hang. Die „Ietermagoa” het die kuns ook al geleer. Hi publiseer n.l. die volle naam van 'n Afrikaner wat vir 15 gevalle van diefstal tot 4 jaar tronkstraf veroordeel is. Dis tog nie mooi om die gevallende onder ons eie vlees en bloed so te adverteer nie.

Laat ons Afrikaans-Hollandse pers liever stilswijgend ooreenkom om in dergelijke gevalle net die voorletters van 'n ongelukkige op te gee.

* * *

„In die Inhambane distrikten wordt er veel vee door leeuwen weggesleekt. (Die „Ietermagoa”).

Onmanierlike lees, dat hulle nie die vee fatsoenlik kan wegdra nie!

* * *

„The African Mirror” is die naam van 'n geïllustreerde tydskrif. Die „Muishond” maak daarvan „Die Afrikaanse Spiegel”. Engelse kollega's geliewe in vervolgt te gewaag van „Mousedog” wanneer hulle „Muishond” bedoel en ons wil in vervolgt niks minder onderskeie wees nie as „Our Fathercountry.”

* * *

Nou eers, op 3 April verbeter die „Aasvoël” 'n berig in sij uitgawe van 16 Maart gestaan, n.l. dat die hr. G. A. Louw, op 'n seker vergadering 'n mosie van vertrouwe gekrij het. Dit moes gewees het wantroue en is toe te skrijwe aan 'n misdruk (sê die „Aasvoël”).

* * *

Ons het 'n waardige ou oom geken wat nie eintlik vlug ter tong was wanneer hij moet lees nie. Wanneer hij dan die hoofstukke van Numeri met die baie name moes deurworstel en hij kom op 'n alte lastige naam af, dan sê hij net „Dis weer 'n misdruk” en lees dan maar verder.

* * *

„Likmiddels voor veeziekten” (die „Asvoël”).
Ons soek middels te een veesiektes.

Mnr. Godfrey Isaacs, besturende direkteur van die Marconi Maatskappij in Engeland het onlangs verklaar dat die draadlose telefoon so vinnig vordering maak, dat hulle binnekort van Londen naar enige stad in Amerika sal kan telefoneer. Daarna kom Suidafrika aan die beurt. Hoera! Dan krij ons tog kables wat jonger as 'n week is.

* * *

„Kaffers en ander mense”, sê die Aasvoël”.

„Baas”, het die ou kaffer gevra, „wie het die wet van die opgaaf (hutbelasting) gemaak, die Engelse of die mense?”

* * *

Ons koerant kos maar net een pond in die jaar. Om die koerant vol te skryf hou ons drie redakteurs en 'n stuk of wat vaste medewerkers aan. Die „Laksman” se intekengeld is 18/-. Maar die Koggelmanderdraaise Drukkersmaatskappij lê die ding anders aan. Hulle adverteer net dat hulle 'n groot voorraad gom wil opkoop. Of hulle 'n skêr gebruik of 'n geroeste mes meld hulle nie, maar ons wil liever hulle pen wees as hulle skêr, want soos hulle kan knip het ons na die tyd van die „Randse Vriend” (lang reeds ter siele) nog nie weer gesien nie. In een uitgawe neem hulle nie minder as ses artikels en vier kort beriggies uit „Ons Vaderland” oor, verteenwoordigende die pennevrug van al drie ons redakteure. Ons voel gelei dat ons al drie medewerkers van die „Laksman” geword het, maar ons wil graag ook die tasbare resultate daarvan deelagtig word in die vorm van diegebruiklike honorarium. Die „Laksman” geliewe oor te neem.

„Telegramies berig uit Kaapstad. Prov. Raadsverkieëing uitgesteld.” („Laksman”).

* * *

„Die magistraat het 'n trem gerij”, sê die „Randse Afrikaner”. Sond'ër saal en toom seker? (Die „Randse Afrikaner” het ook al die weg van alle koerante gegaan).

* * *

„Swartbooi, 'n gewese kaffer poliesie agent” („Papagaai”). Hoe sou 'n „gewese kaffer” daar uitsien? Ek sê mos heeldag dat ons in Hollands of Afrikaans nie soos in Engels aanboer nie. Bij ons word twee of meer selfstandige naamwoorde aanmekaar of met 'n koppelteken geskrijf. Sê nou maar kaffer-poliesieagent, of glad kafferpoliesieagent alles aanmekaar.

* * *

„De heer Retief stelde voor, onbestreden gesekondeerd door de heer Arnold” („Laksman”). 'n Swak klomp mense op die vergadering, wat somaar 'n man toelaat om 'n voorstel „onbestrede” te sekondeer!

* * *

Magistraat: Ja, dis jou hond wat die Rebok gevang het: ek moet jou £4 boete oplê.

Swartbooi August: Mij genugtig, ou seur, maar hoe kon mij hond nou met die jagwette van die land bekend wees?

* * *

„Die Wolmark word stewiger. Bokhaar is nog stil.” („Uil”). En dan raai hij die boere aan om eers ondersoek in te stel voordat hulle verkoop. Nee ons sou sê verkoop solang as die Bokhaar nog

stil is. As dit begin skree, moet 'jij weet dat dit vol motte is.

* * *

„Die naweek het ons baie vreemde gesigte gebreng” sê die „Uil”, en dan noem hij ’n stuk of wat op. ’n Mens sou sê watter belang kan die lesers hê bij die name van „vreemde” gesigte!” Dis nou somaar plaasruimte mors. Waarom nie liewer ’n artikel uit die „Laksman” oorgeneem nie? B.v. een uit die wat die „Laksman” van ons oorgeneem het).

* * *

Die „Nagtegaal” neem ’n seker beriggie oor uit „Ons Vaderland”. Dan neem die „Trompet” die weer oor uit „Nagtegaal”. Waarom nie direk uit ons blad oorgeneem nie, da nis dit tog varser uit ons blad oorgeneem nie, dan is dit tog varser

* * *

Die „Basuin” publiseer die volgende „Regelen van de Burgersdorp Schiet Vereenigen” :—

„1. Geen sterke drank zal op de veld toe gelaten worden.” (Verstaan nou mooi, die drank moet op die veld oop gelaat word, of lees dit anders: die lede moet die drank uitdrink voordat hulle op die veld kom).

„2. De besluit van de Kapetein zal in alle gevallen Finaal Wezen” (kommentaar oorbodig).

„5. Geen schiet zal de recht hebben koelte te maken voor zijn geweer wanneer schieten.” (Dit wil sê, nie die „schiet” nie, maar iemand anders moet die koelte maak).

„8. De sek zal verplicht wezen elke schiet dag kennis te geven met ’n klok door de staten.” (Seker roepende: „Alzo zal men dien man doen?” Maar deur die Staten? Die Verenigde State?)

Die „Muishond” is darem maar ’n ou jakhals. Hij publiseer die briefwisseling tussen genl. Hertzog en Smuts oor samenwerking, woordelik. Net een sinsnede word sorgvuldig weggelaat, n.l. waar genl. Smuts sê dat ’n samenwerking tussen die Nasionale en S.A. Partij té veel die skijn sal gee van ’n „doorgaans anti-Engels Partij.” Die gedeelte van „doorgaans” tot „Partij” word deur die Regerings-organ sorgvuldig weggelaat. Seker om die nasionaal-gesinde Sap-mense nie te laat sien hoe huiwerig hulle leier is om die skijn te gee dat die volkspartij van Suidafrika té Afrikaans is!

* * *

Genl. Smuts is ’n nog slimmer vos. In sij slot-antwoord aan genl. Hertzog sê hij o.m.: „De bedoeling van mijn voorstel (van een non-partijregering) was ’n tussenstap bedoeld om eerst rust en vrede te verrijgen en daarna de atmosfeer te skeepen waarin dan de poging kon genomen worden.” Dis nou te sê: omslagtiger als ’n dors donkie: die kies die kortste pad naar die drinkplek!

* * *

Die mense in Graaff-Reinet is almal erg gesond behalwe die dogtertjie van mevr. K. S. „Sij is nie so erg gesond nie” (meld die „Kuikendief”).

* * *

Dieselfde koerant sê dat die mense van klipplaat (Jansenville) ’n beswaar gehad het, wat £100 opgebrenge het (die bedoeling is bazaar). As ek vir elke beswaar £100 krij, begin ek dadelik met ’n klok deur die strate (selfs deur die state van van die „Basuin”) en ek som al mij besware op. Mij eerste beswaar sal wees dat die „Laksman”

mij artikels uit „Ons Vaderland” oorgeneem het, sonder om daarbij te voeg: „onderstaande allesins lesenswaardige artikel van die knappe pen van ’n vermaarde medewerker van „Ons Vaderland”, neem ons in sij geheel oor.”

* * *

Onder „Binnenlands Nuus” publiseer Die „Kuikendief” stukke onder die volgende hoofde: „Debat insake Ierland”, „Home Rule Wetsontwerp”, „Oprukken van Franse Troepen”, „Toestand in Duitsland”. Die eerste sal nog gaan want dis moontlik dat die Debatsvereniging van „Kuikendieffontein” ’n debat kan voer oor die toestand in Ierland, maar ’n wetsontwerp oor „Home Rule” sal nie in ons parlement behandel word nie, en dan sou dit sleg met ons afloop as die Franse troepe in ons Binneland moet opruk.

* * *

„Wij genezen alle bloed ziektes en huid ziekten” (Advertensie die „Jakhals”). In Grieks het hulle twee meervoudsvorms, ’n dubbelvoud en ’n meervoud. Praat hulle van twee, dan gebruik hulle die dubbelvoudsvorm en meer as twee die meervoud of baievoud. Nou lijk dit of die advertensie-bestuurder van die „Jakhals” in Hollands ook die dubbel- en meervoud wil invoer. Maar hij moet nou net sê watter vorm is vir twee en watter vir meer as twee, want sê nou die „Laksman” wil sij advertensie oorneem en dit later toepas op sij eie advertensies, dan weet hij nie of hij moet sê „klaargemaakte dames of damens” wanneer die meer as twee is. Behalwe Grieks het al die ander beskaafde tale wat ek ken net een meervoudsvorm, met uitsondering van enkele

woorde, soos in deftige Hollands b.w. kinders en kinderen. Maar dan is ziektes en ziekten tog ook nie 'n konsekwente navolging nie. Dit sou moet wees z i e k t e r e n.

* * *

„Ons het die volgende van ons ou moeder, „Ons Vaderland” oorgeneem,,. So vlei die „Randse Afrikaner” ons. Waar ons ons goudstadse tijdgenoot se handelwijs hierin vir ander klein koerantjies as voorbeeld wil voorhou, kan ons ook nie nalaat om hom moederlik te vermaan oor 'n seker versuim nie. Dit is, dat hij ons altyd as sij moeder moet behandel en nie aan vreemde vrouens drink nie (met permissie) soos in die geval waar hij 'n berig van ons Edeur uit Kaapstad uit 'n vijandige koerant met vijandige hoof en al oorneem. Hij kan tog begriip dat „Ek sweer aan sij Majesteit”, wat die Sap-koerant bokant ons berig plaas 'n skimp op genl. Kemp is. Hoekom nie die berig direk van ons oorgeneem nie? Daar was tijd genoeg toe van Maart-maand af tot nou, die 23ste April!

* * *

.Die „Bosluis” noem 'n bosluis „bush tick”. Soos die kerel wat wou Engels praat: „Ai loek troe de faar loeker (verkijker) en ai sie de jump koks (sprinkhane) iet ol mai vaders kok lyks (hane-poot-druuwe).

* * *

Die „Trompet” adverteer dat mnr. T. J. van der Walt van Elandsfontein, Steynsburg, die swart-bles bulkalf wat op sij plaas loop, sal beskou as sij eiendom, indien die kalf nie afgehaal word voor die 31ste Mei nie!

As hulle daar in die Karnoo-wêreld so eie reggebruik, is dit dan te verwonder, dat die „Trompet” in dieselfde uitgawe moet berig dat Jan Erasmus, kleurling, die ander dag voor die magistraat verskijn het, omdat hij 'n hoeveelheid mielies, die eiendom van mnr. P. J. van Rensburg, gesteel het?

* * *

In Pretoria sit ook nou langs die straat 'n skoenpoetser, wat 'n mens se skoene skoonmaak, as jij die more te laat geslaap het om dit self te doen. Whê! die „Basuin” van Burgersdorp spog verniet so met hulle tandedokter en hulle skema van elektriese lig! Pretoria word ook opstêrs. Net jammer van die pêrd wat—noudat ek dit skriewe—hier in die straat loop en vreet. Begriip, in die hoofstad van die Unie en vlakvoor die redaksie-kantoor van die invloedrykste koerant in Transvaal! Dis darem bietjie primitief.

* * *

'n Mar agent (is dit nou mark of maer?) adverteer in die „Randse Afrikaner” as volg: „Stuur julle eiers, vruchte en groete aan ons. Ja, beste groete ou maat! Dis al wat ek kan spaar.

* * *

Die „Randse Afrikaner” se letter „s” is soos die bont varkie wat die ou hotnot nie kon tel nie. In dieselfde advertensie lees ons: „Dit -a] onbe-te aandag hê”. Die esse het hier totaal uit die vorm gespring.

* * *

Die „Laksman” het 'n Raaiseloplossing-kompetisie uitgeskryf. Nou skryf die redakteur van:

dié rubriek: „Daar was niet een groot getal oplossers, eenige oplossers hadden verzuim.” ’n Mens sou sê as hulle versuim het om op te los, dan kan hulle nie oplossers genoem word nie! Of was dit soos die sondegskoolonderwyser wat in die onderwysersklas kla, dat hij vandag nie minder as sewe afwesige kinders in sij klas gehad het?

* * *

Die „Laksman” kla bij sij intekenare, dat hulle tog moet ’n bietjie roer met die geldjies, omdat daar so baie dingetjies in verband met die koerant duurder geword het, soos papier, drukkoste, ens., ens., en dan vervolg ons kollega: „Dit is maar ’n paar ekstra dinge wat ons moet betaal.”

Ek sal die lysie verder aanvul: hulle moet nou hulle editeur meer betaal, omdat hij sij artiekels nou self skryf. Hij het nl. in sij laaste uitgawe niks van ons oorgeneem nie. Ons kollega hoef ons nou nie juis te boykot nie. Hij kan net soveel artiekels van ons oorneem as hij wil, maar dan moet hij net erken dat hij dit uit „Ons Vaderland” knip.

* * *

Op die Rand is ’n nuwe hollandse inspekteur. Hij gaan ’n skool besoek, en verneem bij die principaal hoe dit met die Hollands staan in die skool. Nee, daar word glad nie Hollands onderwys nie. Nou begin die inspekteur uit te vaar teen die principaal omdat hij Hollands durf agterwege laat. Toe altwee al vuurwarm was en dit amper lijk of hulle mekaar gaan uitstof, „kom dit uit, dat dit glad ’n verkeerde skool is.

* * *

Die hollandse onderwysers van die Rand nodig

Inspekteur Thompson uit om hulle te kom toespreek. Hij antwoord, ek kan nie, ek het al 'n uitnodiging aangeneem om die kleurlingonderwysers toe te spreek. Ek sou daar glad nie 'n skimp in gesien het nie, maar omdat die ou' opsettelik die kleurlingonderwysers noem, lijk dit maar bietjie snaaks. (Hij kon mos maar gesê het: ek was al beset!')

* * *

Onder „Wat nog moet gebeurén” adverteer die „Muishond” op 19 April 'n toneelopvoering wat op die 17de April (twee dae van tevore) sou plaasvind. Maak bietjie melding dat ek van plan is om gister Johannesburg toe te gaan!

* * *

Vandat die dood in die wêreld gekom het is 'n mens jou lewe nie meer seker nie. Jij moet jou gesonde tande laat uittrek, net omdat die tandedokter 'n neef is van die onderwyser wat jou kinders leer, en jij dus gehoue is om hom te ondersteun! Maar so dol soos die volgende geval het ek nog nie bra raakgeloop nie. 'n Lijkbesorger adverteer in die „Randse Afrikaner” en sê onder meer: „Ondersteun 'n mede-Afrikaner”. Nou spreek dit vanself dat jij die lijkbesorger nie op 'n ander manier kan ondersteun nie as om dood te gaan. Stel jou voor mense in die openbare pers uitnodig om dood te gaan, net om hom te ondersteun!

* * *

In die konsert op Fontaine Bleau het die kêrel wat die rol van die hakkelaar in „Die Bedriegers” gespeel het, gehakkel dat sij neksenings opswel, wat natuurlik die gehoor in 'n woeste lagbui ge-

stort het. Een ou tante vererg haar en sê: „Sies, julle behoort julle te skaam om nog vir die stomme man te lag, kijk hij word eintlik uit asem soos hij hakkel! En is dit nou kastig die goeie speler wat hulle uit Pretoria moes laat kom? Hier is mos honderde mense wat die part sou kon gespeel het, sonder om so verskriklik te hakkel!”

* * *

Prof. Moorrees, wat volgens die „Muishond” in 1885 gebore is, was 7 jaar van te vore, dus in 1878 al, hulpprediker te Noorder Paarl.

* * *

„Dit sou goed wees as lesers en skrywers die-Afrikaanse „wijsinge” goed sou deur lees,” sê die „Uil”. Ons sê ook so. Lees hulle diwardeur. Ook die Editeur van die „Uil” kan gerus sijn raad self opvolg, dan sal hij nie „flink” met ’n „v” spel nie, en sal hij leer om sulke woorde soos skooft raad, plaas gebrek, ens., aanmekaar te skryf. En dan weer die „Laksman” met sijn „klaargemaakte-dames.”

* * *

Die „Basuin” meld: „Laaste Saterdag was twee Hottentotte op die mark wat net aan gesond word was van pokke.” (Nou kijk nou die „Basuin” het nog nooit eers sijn lesers in kennis gestel dat die mark pokke gehad het nie, tot nou, dat hij al aan gesond word is). „Die opsigter het hulle dadelik na die afsonderings kamp geneem en ontsmet.” (Hier bij ons het baie swartgoed, wat nie eers pokke of ander siektes het nie, nodig om ontsmet te word. Ons sou begin bij die kaffer wat die bus drijf tussen Pretoria en Mayville).

Komkommerkuil krij 'n s k e m a van elektriese lig, berig die „Basuin”. Opstêrs!

* * *

„Uitverkoop van overskot dames en meisjes jaste” (Advertensie die „Kuikendief”—die spelling is ook sijne). Overskot van dames en meisjes! Koop bietjie vir mij een op die „C.O.D.”-stelsel, kollega. Maar ek wil nie 'n d a m e hê nie: dit moet 'n m e i s j e wees!

* * *

„Uitverkoop van sterk mans klere vir skerp konkureerende prijse” (Advertensie die „Jakhals”—die spelling is ook weer hulle s'n. Uitverkoop van s t e r k m a n s!! Genugtig, skryf tog: „mansklere”, „dames- en kinderjaste”, „klaarge-maakte damestabberts!”

* * *

Hoeveel honderde vonke sal ek dan nog op julle ribbes moet laat uitslaan voordat julle 'n beskaafde taal sal gebruik in julle advertensies! As dit nodig is dat ons in die redaksie-kolomme 'n suiwer taal moet besig, hoeveel te meer die advertensies wat in meer as een uitgawe verskijn!

* * *

„Die Bouliede in Johannesburg eis nou £8 16sh. minimumloon per week. Om metselaar te wees betaal dus beter as om 'n gewone onderwyser te wees. (Die „Laksman”). Watterlawwigheid is dit nou om so'n vergesogte voorbeeld aan te haal! Waarom dan 'n gewone onderwyser? Noem 'n meer konkrete geval, 'n joernalist natuurlik! En dan hoef jii nie eers gewone te sê nie, want b u i t e n g e w o n e joernaliste, soos ek en die Editeur van die „Laksman”, krij ook nie eers

so'n rojale traktement soos die metselaar voor-
noemd nie.

* * *

„In Kaapstad het geval verlede Dinsdag 'n
harde bui reent” (Die „Laksmán”). Kragtig
kollega, jou woordskikking laat te wense oor!

* * *

Die „Trompet” adverteer 'n uitverkoping wat
„begin v a n a f a.s. Saterdag.” Hoe lang be-
gin so'n uitverkoping dan? Ek sou sê die oom-
blik nadat dit begin het hoef dit nie meer aan te
hou om te begin nie!

'n Blad wat so langsaam be g i n kan dan ook
maklik nou eers adverteer soos die „Trompet”
doen: „Spoedig sal Winter weer hier wees.”
As ek moet sê dan is Winter („die Winter”, hoor!)
lang al hier! (Dit was 13 Julie).

* * *

„Vermis, 'n Wandelstok.—Iemand moes per
abuis in die vergadering van gistermore 'n wan-
delstok geneem het wat die eienaar as erfstuk nie
wens te verloor, en vra dit terug te besorg aan die
kantoor van die „Kuikendief”.—Goed hij hoef
dit nie as erfstuk te verloor nie. Laat hom
dit naar as 'n gewone wandelstok verloor!
Maar tussen ons gesê, dis darem 'n lelike manier
om sulke abuisse te begaan!

* * *

„Rare kopies” (advertensie die „Vlakvark”).
Ag sies tog! Van wanneer af is Engels „rare”
dan „raar”? Seldsaam, nie waar nie?

* * *

„Furniture Warehouse” is „Huisraad stapel-
plaas”, volgens 'n advertensie in die „Vlakvark.”

„Mans jaste teen verbasingswekkende lae prijse” (advertensie die „Jakhals”). Ek glo nie. Ek wil nog die jas sien wat goedkoper is as wat mijne voor die oorlog gekos het. En as hulle nie baie goedkoper verkoop nie sal ek mij glad nie verbaas nie. Dit laat ’n mens denk dat dit ’n winkel vir tweedehandsjaste is!

* * *

„Die plaaslike Skoolraad het ook verlede Saterdag die stoute skoene aangetrek en as ’n liggaam bedank. (Die „Kuikendief”). Die stoute skoene? Watter moed vra dit so danig teenswoordig om te staak? Die stadsraad van Burgersdorp kan al vir die laaste—ek weet nie hoe lang nie—niks omtrent hulle begroting besluit nie, omdat hulle nie ’n kworum kan krij nie. Die gevolg is dat die ou stadsaal nou al verbou word om as smidswinkel te beantwoord.

* * *

’n Leseres het haar verbasing te kenne gegee dat ons artiekels kon vertaal uit „Umteleli wa Bantu” (die „Banttoestem”—die vertaling van die naam is ons s’n). Dis nog niks! In ons markberig was verlede week iets in Russies. Hier is dit: Z3... 6 rarf mafg maf mbafg” mbafwkkyp.

Die vertaling van ((mafg” af tot die end is: „Husse en tammenêrs per kissie.” Ons loof ’n prijs van ’n skêr uit vir die leser wat die prijs daarvan kan uitmaak, n.l. „Z3... 6 rarf.”

* * *

Iemand adverteer in die „Ystervark” „Dames Halsbanden”. In daardie dorp moet die dames glo aan ’n ketting vaslê? Dis soos die Ier wat in Holland met ’n woordeboek wou oor die weg en

dan sulke vertalings maak sos „collars”, „halsbanden”; „cuffs”; „boeien”; en teen ’n tremkondukteur iets beduie oor „lighting conductor”, wat hij eenvoudig „bliksem-kondukteur” noem.

* * *

Ons kollega van die „Kuikendief” maak ook nou en dan ’n vonk. Hier is een wat ek van hom leen:

„Snaakse drukfoute vind ’n mens soms in koerante. In die „Advertiser” van gister lees ons dat die Herenigingskongres waarnaar in die Spa-Manifes gerefereer word op 22 September te Bloemfontein sal gehou word. Dit moes gewees het: Sap-Manifes. In „De Burger” van Dinsdag staan dat die Irrigasie Raad van Graaff-Reinet tenders vra vir oprigting van ’n tussenstasie op die Hemelspoort. Dis „Zemels-poort!”

* * *

„Pragtige Gesang en Psalmboekies vir dames en here en andere met groot helder druk” (die „Kuikendief”). „Pragtige gesang vir dames met helder druk!” „A koe kylie” sal die ou Boesman sê en vir ons slaan dit ook dronk!

* * *

Nog een: „Ons het mooi pare boekies vir dames in ivoor tassies.” (die „Kuikendief”). Nou toe nou, ek het al gehoor van ’n meisie in ’n glaskas; maar ’n „dame in ’n ivoor tassie”?! Bitte ich verstehe sie nicht!

* * *

„Mannen bekleed door Hepworths” (die „Trompet”). Mij pa het altijd ’n kar se kap bekleed!

Minister Malan het miere.....

Verstaan mooi, die minister van Mijwese het miere, wat diamante vreet. Hulle het, volgens die minister oor die 1,700 karaat van die Duits-wes-diamante afgevreet—tenminste nie hulle nie, maar die „suur” wat uit hulle lijwe sweet. Ek verstaan hierdie „pedigree”-miere word nou op 'n proefplaas aangehou, waar klein miertjies kan gekoop word om juweliersware en ander gereedskap wat „aanslaan” skoon te vreet—ek meen skoon te „suur”. Die prijs van 'n paar mier-kalfies is glo sewe duwweeltjies. Ja, natuurlik kalfies, want die minister se miere is soogdiere!

* * *

Die „Laksman” praat van Boer kapaters. A nee, kijk, maar dit gaan darem nou te ver! „Klaargemaakte dames” kan ons nog vergewe, maar nou skimp die „Laksman” darem te grof!

* * *

Die „Bosluis” van Bush Tick-vermaardheid, spog dat sij getal intekenare gedurende die afgelope maand met 'n dosijn aangegroei het. Niks gewend! Vir die laaste jaar was die kleinste getal nuwe intekenare per maand, wat ons administrasie ingeskrywe het, 253! En ons maak nie eers orasie daaroor nie.

* * *

In NuwYork gaan die mans „overalls” dra, as protes teen die hoge pryse van klerasie. Vir wie sal hulle daarmee vermaak? Ek dra al vir maande mij nuwe hoed, net vir „spite”, omdat die oue nie altijd wou nuut blij nie. En as ek weet dat ek iemand se medelijde sal gaande maak, dan gaan ek nou in mij slaap mij reënjas en sambreel dra.

'n Belanghebbende skryf aan ons oor inligting omtrent die pensioene vir gewonde burgers en sê onder meer: „Aangesien die pensioene-wet gemaak is, is ek ook twee maal in die boere-oorlog gewond”. Aangesien ek met mij jas slaap, is die klere baie duur.

* * *

Die „Laksman” praat van iemand wat oor 'n seker vraagstuk uitgewij het. Ek weet dat jii 'n gebou in wij, maar van uitwij het ek nog nooit gehoor nie. Dis uit w e i kollega!

* * *

Die amptelike vertalings is baie keer walglik, vermaaklik, ergerlik en jammerlik tegelyk. Die provinsiale staatskoerant praat van diere wat op die dorpsgronde „door 'n herder opgepast” moet word. Waarom nie, terwyl hij hom so moor met die h e r d e r, dan nie maar die diere laat h o e d nie.

* * *

Die „Vink” se redaksionele artikelword ont-sier deur die volgende lastige „springfout” d i k g u n s (in plaas van digkuns). Toe ons „Span-ders”-redakteur dit sien, roep hij triomfantelik teen mij uit: „Sien jij nou, jij spot mij omdat in mij artikel „rendesvouz” gestaan het in plaas van „rendezvous”. Ek het vir jou gesê ons s e n z het maar net omgeruil. Ek moes dit toe met hom eens wees, dat dit 'n „springfout” was. Is dit nie 'n raak woord die nie. Dis mij eie uitvindsel.

* * *

Dit gebeur bij ons meer maal—net soos bij alle ander koerante. Ons het laas b.v. gepraat van 'n

seun wat warm „geoopl” was. Dis ook heeltemal verklaarbaar; dat die letter l, wat so smal is, lekker tussen die ander letters kan uitspring.

* * *

Die „Muishond” het nou die dag ’n ongenadige „misdruk” beleef. Die hoof van die hoofartikkel het daar as volg uitgesien: „Saa sk plamaai i ongeluk toe” en moes gelees het: „Saam skoplamaai die ongeluktoe.”

* * *

Die „Wolf” beskryf die man wat met die Mijnwerkersvereniging se geld weggeloop het, o.m. as volg: „Australiër, 43 jaar 5 voet 10½ duim.” ’n Mens sou in die versoeking kom om nog ’n T agter jaar te set.

* * *

„’n Man wat in 1914 uit die Unie gedeporteer werd wat in Londen gebore was en later in die Turkse leer geveg het, werd onlangs te Johannesburg voor die magistraat beskuldig van in die Transvaal te wees en daarbij ’n verbode immigrant was. Hij was te Pietermaritzburg geïnterneer en sê dat hij daar afgesonder geleef het omdat die Duitsers hom gehaat het. Hij werd veroordeeld tot 3 maande tronkstraf.”

(Die „Lammervanger”). Drie maande tronkstraf, omdat die Duitsers hom gehaat het! ’n Mens sou sê iemand wat deur die Duitsers gehaat word, moet liever ’n pensioen krij en ’n betrekking as brandsiekte-inspekteur.

* * *

O ja, daar val mij nou iets bij. Mnr. C. A. Smal, brandsiekte-dokter, adverteer: „Vervaardiger van brandsiekte en ander veesiekte middels”.

Vervaardiger van brandsiekte! En ek dog dan hij roei dit juis uit. Wel, „klaargemaakte dames” is daarbij nog maar ’n blote grap.

* * *

„Die heer Izak v. d. Vyver, die ’n operasie in die Graaff Reinette Hospitaal deurgemaak het was ernstig gewees, maar ons is blij om te meld dat hij aan die betere is.” (Die „Uil”.)

Ek sou denk dat hij „ernstig” moet gewees het. Wie ondergaan dan ’n operasie vir die grap?

* * *

Die „Uil” noem mnr. P. Marais „ons ou stads-genoot”. Maskas, om nou al ’n dorpie soos Kalbasfontein ’n „stad” te noem! As ons weer hoor het hulle dalk ook al ’n „skema van elektriese lig.”

* * *

In die „Laksman” adverteer ’n seker firma, dat hulle ’n groot voorraad klerasie ingekoop het net voor die prijse g e r i j s het. Dis ook die hele moeilikheid: daar is suurdeeg in die prijse. Ek het nooit gewet dat die prijs r i j s en dit daarom hoog is nie. Die winkeliers het dus altyd vir ons belieg, toe hulle gesê het die prijse s t i j g.

* * *

Nie net die „Laksman” nie, ook die „Muishond” wij nou die dag uit oor ’n seker saak, instede van daaroor uit te wei!

* * *

Die „Muishond” sê die e g g e n o o t van mnr. is die gelukkige moeder geword van ’n flukse seun. In pronthollands sou dit moet lui:

„Meneer Dinges se man het 'n seuntjie gekrij! Kommentaar oorbodig.

* * *

Die „Muishond” praat van skool karrikulum. Hij wou sê—ag ek meen hij moes gesê het—k u r r i k u l u m. „Skool” is nie eers daarby nodig nie, want kurrikulum beteken al vanself „leerplan”. Wie sal nou ooit sê die „Muishond” bedien hom van gebrekkige koerant-joernalistiek?

* * *

Die „Muishond” kondig nou al 'n huwelik aan wat die 16de Jan. sal plaasvind. Ja nee, Krismis kom ook nog aan! Maar dit moes 16 Jun. (Junie) gewees het. Dit sal hulle leer om nie so lui te wees nie, en die maand se naam voluit te skryf. Veral in hulle geval sou dit maar net een letter meer gewees het. Hulle volhard mos nog in die spelle van „Juni” en „Juli”—waarom, kan ons nie wijsword nie—daar hulle immers ook die vereenvoudigde spelling toepas. Dit kon ook wees dat hulle bedoel het Januarie wat verbij is, soos die ander dag met wat twee dae gelede nog „moet gebeuren”.

* * *

Die „Muishond” verkort Generaal Smuts as volg: „Genfl. Smuts.” Daar was 'n tijd toe die woord „Camouflage” so baie gebruik werd, dat dit amper in 99 uit die 100 gevalle gebeur het dat waar fl. voorkom, dit deel uitmaak van genoemde Franse woord. Toe ek dus Genfl. Smuts lees, spreek ek dit onwillekeurig uit „Camouflage Smuts”. Haai!

Bij 'n kabelberig uit Londen oor die Amritsar-wreedhede van genl. Dyer, voeg die „Muishond” as onderskrif die kritiek van sekere Satyamurti in 'n Engelse koerant, en laat die gebruiklike—Ed. M.—volg onmiddelik na die volgende woorde van genoemde Satyomurti: „Wanneer 'n volk vastbesloten is zijn vrijheid te heroveren dan is er geen macht ter aarde—neen, zelfs Groot Brittanje niet—die het kan keren... op Brittanje rust de verplichting 't vraagstuk deugdelik, verstandig en belangeloos tot 'n finale oplossing te brengen.—Ed. M.) Dis 'n lang onderskrif van 48 reëls en elke kristenmens wat so'n groot brok verslind het en aan die einde kom, en daar net Ed. M., sonder meer sien, sal al die aanhef vergeet het en meen nou maar dat dit die Ed. M. se eie mening is. Nou weet „Muishond”-lesers toevallig dat die Ed. M. wat die onderskrifte bij die kabels skryf nie dieselfde twee is wat hulle om die beurt uitlaaten en voor hereniging of ongrondwettelikheid en staatsgevaarlike sujettisiteit van 'n poging tot verandering van 'n grondwet. Maar ons wil maar sê, die „Muishond” kan dalk verdenk word dat hij uit drie monde spreek pleks van uit twee soos tothiertoe!

* * *

,Ons „Spaanders”-man het laas 'n oulike woordspeling uitgehaal: „Die regering k r u i p die een dag vir die kapitaliste, die volgende dag k r u i p hulle in hulle skulp vir die Arbeiders, maar k r u i p doen hulle!” Dit was fijn uitgedenk en ek het hom dan ook somaar vergewe dat hij „rendez-vous” verkeerd gespel het wat hij volhou dat

dit 'n „springfout” was, waar die s en die z omgeruil het.

* * *

Maar nou wil ek maar sê een van die „Muishond” se korrespondente wou dit ook probeer, maar sijn poging was mis. Hij sê: „die vrou moet was en strijk en die kaffer strijk die middelman se winste op.” Asdit deug, is dit vergesog.

* * *

Die seun van die „Muishond” wat die Reuter-verslag van die Parlement vertaal het dan nog meer sukses gehad. Hier is dit: „Die prijse moet weer op hulle normale peil terugval en die goud moet weer op sijn normale peil staan kom.” Dis reg, die prijse moet val maar die goud moet blij staan, maar dan moet die Britse konneksie eers breek.

* * *

Raai, raai: „Spr. dring daarop aan dat versker word dat die mag nie om die handel van die land tot stilstand te bring nie geplaas word in hande van die banke of iemand ander.” („Muishond”). Kan nie kleinkrij nie!

* * *

In Indië belas hulle „voornaamlik slechte gebruike, n.l. grond opium, zout en sterke drank.” („Muishond”). Hm! s o u t 'n 'slegte gebruik! Seker net vir die mense wat nie hulle s o u t wêrd is nie!

* * *

„Sommigen glimlachten zelfs op hoorbare manier” („Muishond”). Dit mag tekenend wees, maar dis nie waar nie. Die hoor-

bare glimlag noem ons: „proes”, „skater”, „gier”, ens.

* * *

Die Balfourse korrespondent van die „Muishond” beskryf die natuurlike tooisel van hulle veld as volg: „Die rante was nog groen, waar dit nie droog was nie” en wederom: „Nou sal die vee swaar krij en sal die mense, terwille van die vee, verplig wees haas te maak met die oes— waar daar enigsins te oes is— om lande skoon te krij vir die vee.” ’n Mens sou sê as die oes so skraps is, hoef hulle op die plekkies waar daar nog enigsins te oes is, maar nie te oes nie en ja maar die vee wat daar nog oor is dadelik indie lande wat daar nie is nie. Want hoor verder: „Gevolglik is die vee nie te vet nie.” (Maar solang as daar nog lewe is, is daar hoop, want siet, die korrespondent vervolg): „Tog is hul nie te maer nie.” Die korrespondent het die klok hoor lui. Hij wil ook woordspeel”, maar in die geval moet dieselfde woord telkens ’n ander betekenis hê en nie soos bij hom nie, waar hij „vee” af die sewentien maal en „oes” dertien maal en „veld” en „lande” ’n maal of wat, in dieselfde betekenis gebruik.

* * *

Die Kolluwijnse spellingshervorming het ons hollandssprekende stofbewoners van ’n paar hoofbrekings bevrij—o.a. van die lastige *d e n*, *d e r* en *d e s*. In Afrikaans is ons nog meer rewolusionêr en het ons glad nog die verskil tussen *d e n* h e t-woorde weggevaag, deur vervanging met die lidwoordjie *d i e*. Die „Muishond”, nie tevrede met die stap tot vereenvoudiging nie, wil sijn konserwatistiese neiging—wat o.a. in die behoud

van Juni en Juli aan die lig kom—ten toon spreï, deur invoering van glad 'n splinternuwe lidwoord. Hier is dit: „Doe saal was goed gevul.”

* * *

„Zijn behandeigheid deed de aanwezigen letterlik versteld staan van verbasing” („Muishond”). Ja nee, behandeigheid moet 'n eienskap wees wat 'n verbasende—ag kom, verbasingwekkende — ontsteltenisbaring moet te weeg bring! Kolossaal!

* * *

Vertaling is 'n lastige werk. Jij verval so maklik tot anglisismes, wat ek in die volgende meen te bespeur: „Dit gee mij 'n onrustige gedagte,” „die lijn van die geringste teenstand volg”, „die belastingvoet van die ekstra inkomstebelasting moet vinniger stijg” („Muishond”). Kragtie, tot jii voete onder die lijf uit lê. A nee, gee ons 'n kans om tenminste ons voete op moederaarde te hou, al stijg wat ook al! Verder: 'n amptenaar op die geaardheid van die Auditeur-Generaal” (net so'n saggeaarde man, glo?), „belastingsoos dit,” ens.

* * *

Dan lijk dit of die „Muishond” onder dieselfde ongeluk gebuk gaan soos ons, dat as hulle n.l. nie foute in die proewe korriseer nie, die setters nie ook nog weer die proewe deurlees om die foute te soek wat nie aangemerkt is nie, „Reksie” word n.l. nie vanself „reaksie” nie, nog ook „orlog” „oorlog”, „veld” vir „geld”, „gef” vir „gaf”, „goeed” vir „goede”, ens.

„Waar is die vervlakste Tonteldoos?’’ bulder ons „Spaander’’-man een more, toe hij van Johannesburg af kom, waar hij weer ’n vergadering van die voorsitter en die sekretaresse bijgewoon het.

„O Griet, sê ek vir ons „Toestand’’-redakteur, hij is weer ongeduldig omdat die tremstaking verhinder het dat hij al sij nooiens kon besoek, en nou moet arme ek weer verbij kom. Dit het ook nie honderd jaar geduur nie, of hij storm die kantoor in:

* * *

„Hei, jou blikskottel!’’ sê hij, jij kan so maklik die spot drijf met „rendezvous’’, wat ek jou sê wat ek nie verkeerd gespel het nie en die foutjies van die „Laksman’’ en die „Muishond’’ maar wat omtrent julle eie foute? Het jij ooit gelees dat „Ons Vaderland’’ in ’n advertensie praat van lijsels? Ek versoek jou, as jij ’n man is, skryf nou ’n slag „Vonke’’ oor al die foute wat in „Ons Vaderland’’ voorkom en nie oor mij ou foutjie nie.

„Mij liewe man’’, troos ek hom, „dis juis mij plan. Daarom het ek vir die laaste maand al al ons foute opgeteken. Laat ek jou egter dit verseker, dat jij self in ’n uitgawe van „Ons Vaderland’’ kan snuffel en jij sal daar nie soveel foute in kry as wat ek in een uitgawe van die „Muishond’’ raak geloop het nie. Oor die woord lijsels sit jij vereers al verniet so ’n keel op. Kijk dit hang van die pêrd en die leiselhouer af of dit lijsels of leisels is. Wanneer ’n pêrd te vurig is, lij hij daaronder en is dit lijsels; so ook wanneer die leiselhouer heeldag

in die stomme pêrd se bek sit en pluk. Anders is dit leisels''.

* * *

Maar nou die ander „Vonke'' oor ons eie foute: Ons „Toestand''-man het 'n gesig gesien toe hij in die Hospitaal was. Hier is dit: hij skryf in sij Toestand oor die Franse Rewolusie van 1930. Kommentaar absoluut oorbodig!

* * *

Waraan het dieselfde redakteur van ons gedenk, toe hij net in die daaropvolgende uitgawe skryf van die Regering se „oorlogdoorzoen''-politiek: Ek denk dis aksionabel!

* * *

„Ons Vaderland, Reuter & Co.,'' is die nuwe naam van ons nuwsagentskap. In ons uitgawe van 18 Mei staan n.l. onder „Briewe uit die Volksraad': Van ons Parliementaire korrespondent'' en daaronder: „Reuter Kaapstad, 14 Mei.''

* * *

Dis dan ook werkelik al die vonke wat ek in 'n maand se tyd in ons blad gekrij het, of hulle moet dit ook 'n vonk noem wanneer ons op die 27ste April op een bladsij uitkom met die datum van die 23ste.

* * *

Die „Bosluis'' is nie 'n sportsman nie. Ek het 'n „vonk'' gemaak oor hulle „Bush tick'' (vir bosluís): Dit het genoemde koerantjie woedend gemaak. Hij sê „Bush tick'' is glad 'n ander ding, of wat, weet ek nie eintlik nie, maar in ieder geval, hij sê ek lieg dat hulle „Bush tick'' gebruik het vir bosluis. Nee, in die opsig is die

„Muishond” en die „Laksman” baie meer „sportmanlike”. Hulle het n.l. nog altyd sonder gramskap ons „vonke” oor hulle dwaling gedoog. Nee wag ekskuus bietjie. Die „Muishond” het ook nou kiewelie geword. Maar hieroor later.

* * *

Maar die „Bosluis” sal hom vasloop om van mij te gewaag as ’n „medewerker” van „Ons Vaderland”! Dis onwaar, ek is ’n redaksielid, of beter gesê, op die permanente editoriale staf. Hoe pruim die twak vir jou kollega?

* * *

Laas het ek gewijs op ’n nuwe lidwoord van die „Muishond”, n.l.: „Doe saal was goed geul.” Nou kom daar nog een bij. Die „Muishond” praat nou van „Di, Mittagpost van Weenen”. Is dit nou Patriots of Oostenrijs?

* * *

Die „Vlakvark” steek ook al aan. „Doi wintr is hier.”

* * *

Die hele redaksionele staf van die „Muishond” bestaan nou uit Nasionaliste! Die „Charlie-Fichardt die Engels sprak”-redakteur is n.l. in Holland en die hoofditeur is parlementêre korrespondent. Hulle was die enigste twee Sappe. (So sê die mense.)

* * *

In die laaste verband ’n staaltjie: die hoofditeur stuur ’n Perstribune-telegram. Die seun wat die telegram persklaar maak skryf daaronder: „Die berig van ons korrespondent is misleidend, omdat Reuter nog dit en dat daarby voeg.—Ed. M.)

Die „Muishond” se Parlementêre korrespondent telegrafeer: „’t Leven van de Senaat zal verlengd worden tot Oktober ultimo.” Ultimo beteken verlede maand! Hij bedoel proximo, maar dit sou ook verkeerd gewees het, want proximo beteken nie volgende Oktober nie! Nee wat, roep hom terug!

* * *

Die „Kuikendief” adverteer ’n lesing wat sal „gehou word te Aberdeen, oor die herlewing onder die Afrikaners, in die kerksaal.” Dit word tijd dat hulle buitekant die kerksaal ook herleef!

* * *

Die „Bosluis” kan maar nog nie snags slaap oor die „Bush tick”-vonk wat ek van hom gemaak het nie. Om sij gemoed ’n bietjie af te koel, wil hij ook ’n „vonk” of ’n „pruimpie” oor ons maak, maar ons kollega het net die klok hoor lui. Sij „sogenaamde grap” (so noem meergenoemde kollega ons „vonke”) is op sij gunstigste ’n „swaapse kluitjie.” Hij beweert dat „die Editeur van „Ons Vaderland”, die de Parlementsverrichtingen aan zijn blad rapporteert” berig van papiere wat genl. Smuts op die tafel gelê het.

* * *

Dis ’n lasterlike vergissing. Ons edituur het belangriker werk as om oor papier-eiers te berig. Hij lig reeds vir maande weer, op sij bekende vorsingskundige skerpsinnigheid, die lesers in ooronthullinge insake mieresuur-en diamante-geheim-sinnigheid.

* * *

„Vendusie van Dames nette klederdracht” (die „Bosluis”). Vendusie van Dames! Dis ’n kwaai

saak! Lees die A.B.-Jap, kollega! Tussen twee hakies, „klederdracht” is ’n afgetrokke selfstandige naamwoord en al sou ’n mens nou kon ’n vendusie hou van dames of klere, dan seker nie van „klederdracht” nie. Jij sou dan net so goed ’n mespuntvol van ’n wijfiespook se skaduwee in jou koffie kon roer!

* * *

Die „Bosluis” besondig hom aan die volgende naamvervalsing: mnr. P. J. BoUtha.

Partij koerante is so gewoon om artikels van ander koerante te leen en dit selfs vir hoofartikels te gebruik, dat dit bepaald nodig word om, wanneer hulle eenmaal in ’n skrikkeljaar ’n eie artikel skryf, dit dan op die een of ander wyse aan te dui. Die „Bosluis” het die feit waarskynlik in die oog gehad toe hij hierdie week sij hoofartikel onderteken: „The Editor”. (Ek het nie gesê die „Bosluis” leen artikels van ander koerante nie!)

* * *

Vandat die vliegskip en die draadlose telegrafie in die wêreld gekom het, neem die getal mense wat met minagting praat van alle tyd en afstand bij die dag toe. Die „Basuin” is een van die veragters van tijdrekening. Op die 11de haal hij iets aan uit „Ons Vaderland” van die 4de en weet dan om te sê „Ons Vaderland” van heden sê sus en so, asof ons blad toe net vars uit die oond kom. Die regte waarheid is, dat die „Muishond” ons artikel oorgeneem het, en die „Basuin” weer met huid en haar van hom.

* * *

Vertaling is ook iets wat bij die „Basuin” bij-

saak is. „Up-to-date Drapers” word „op tot dato drapeerders”. „Board of Executors” vertaal ons kollega: „Board van Executeurs.”

Ook die naam van ons blad voel die „Basuin” nie baie eerbied voor nie. Hij skryf dit sonder aanhaling en dan nogal ons Vader Land.

* * *

Niemand het seker nog ooit sij distrik soveel afbreuk gedoen nie as die „Basuin” met die volgende berig: „’n Distrikt so als ons distrikt kan nie sonder ’n eije tandarts wees nie” (die spelling is sijne). Hij peuter nou al wie weet hoe lang dat die tandarts moet ondersteun word, omdat hij ’n neef van een van die plaaslike onderwysers is. Maar hier sê hij nou amper is soveel woorde, dat die mense in Pompelmoeskuil distrik baie gou slegte tande krij!

* * *

„Komt vroeg tijdig en versekeren enige van deze kansen, want het sal jaren duren voor u weer die gelegenheid kregen om zulke kansen te kregen. De winkel voor Huishoudelik, Draperie, Nieuwiqueden en Kwaleteit.” (Advertensie in die „Basuin”).

* * *

„Ospirantkandidate” („Die „Jakhals”). Ek weier om te kommenteer!

* * *

Mej. Rijssnijer („Die „Jakhals”). Ek denk r i j s sal ’n mens nie s n i j nie. Jij skep dit met ’n lepel!

* * *

„Aangezien er vele bestellingen Employment of coloured troops in kwamen en de oplaag beperkt:

is by England and France on the Western front (slechts 1000 eksemplaren) zo willen wij contrary to International Law onze lezers vragen om zo spoedig mogelijk in te tekenen. 'n Tweede oplage kan tengevolge van Th revolt of the people of Louvain niet gedrukt worden. (Advertensie in „Ons Vaderland”—die Engels en Hollands was langs mekaar en lees toe presies soos hierbo.)

* * *

Is dit opsettelik, of het hulle uitknipsels deurmekaar geraak? Die „Trompet” knip die artikel oor die dood van Oom Abram Bezuidenhout uit ons blad, en set daaronder: „Die Volksblad”! Nee kragtie, kollega! Ek het altijd gehoor hulle sê die grootste diefstal is wanneer jii 'n Bijbel steel. Nou ja, ek sê die grootste leun is wanneer jij oor die dood lieg!

* * *

Maar weer sê ons as hulle artikels van ons verknoeid oorneem, dan is dit beter dat hulle nie die bron vermeld nie—of dan maar 'n ander koerant die eer gee, soos in die geval. Ons artikel eindig n.l. in die „Trompet” as volg:—

„Ons hartelike betuiging van medegevoel met die weduwe.

Genl. Bezuidenhout en die ander famielie. („Die Volksblad”.)

Dus, nie net 'n leesteken verkeerd nie, maar glad 'n blote sinsdeel as afsonderilke paragraaf!

* * *

„Van de oorlogskatting sal Duitsland 105 percent aan Frankrijk betalen en 25 percent aan Engeland, terwijl België 'n bepaalde voorrang heeft bij die uitbetaling. („Muishond”). Sê nou maar

dat die bepaalde voorang uitwerk op 86 persent, dan moet 216 persent van die vorderingē aan die drie lande uitbetaal word. Vergeet nie elke hele bestaan uit 100 persent. Hoeveel onse op 'n pond, oftewel meer lig!

* * *

„Ons Vaderland” is tog maar die koerant van oweral. Hierdie week ontvang ons die naam van 'n intekenaar uit Mars, p.k. Zoutfontein. Hoelang sukkel sterrekundige nou nie al om met die bewoners van Mars in verbinding te kom nie? Hier is 'n wenk vir Marconi. Laat staan al die gesukkel en adverteer al wat julle aan daardie mense te vertel het in „Ons Vaderland”—ons blad word immers daar gelees.

* * *

Nog 'n koerant wat uitgediend is: die „Nineteenth Century Review”. Ons lees tog al in die twintigste eeu!

* * *

Die reëlingskommissie versoek die afgevaardigdes na die „Saamwerk-Unie-kongres” om wit strikkies te dra, anders kan hulle maklik in die „drang” oor die hoof gesien word. Ja nee, veral as hulle bietjie klein is!

* * *

Tog nog een van onself: „Tijdelike persone, vervoer” („Ons Vaderland”). Ons is almal maar tijdelike persone.” Wij hebben hier geen blijvende stad.” Die bedoeling was persone-vervoer. Ag wat 'n sug van verligting vir die „Laksman” met sij „klaargemaakte dames”!

* * *

„A Rugby Dance” („Bosluis”). Ek wil dit graag sien, veral die „scrum dance”!

„Holmes en Zoon—nie ingevoer nie maar in Transvaal gemaak” (Advertensie die „Ploeg-voor”).

* * *

Die „Basuin” verneem dat die Studente van die Randse Universiteits kollege besluit het om, as ’n protes teen die hoge prijse van klere, net ’n hemp en broek gekleed te gaan.

Die stomme goed: Hoe moet hulle voete dit in die koue hou sonder skoene? Nee dan is Windvoel nog slimmer. Ek sien hij het vir hom ’n paar seklagho’s gemaak van ’n motor se buiteband. Die studente behoort dit te probeer. Dan kan hulle dit in die more aantrek as dit so koud is en wanneer dit begin warm word, kan hul dit met die toutjies aanmekaar bind en om hul nek hang. Ek sien al hoe dwing meer as een om baad, jie aan te trek, wanneer hij ’n stukkend hemp of gelaste kruisbande aan het—omstandighede wat immers ook famielie is van besuiniging.

* * *

Die „Strandjut” het dit ook oor die duur prijse en is veral begaan oor die duurte en skaarste van vuurhoutjies en, voeg ons tijdgenoot daarby, dit lijk of die ou manier van die tonteldoos en vuurklippie een van die dage weer in die mode sal wees. Ja nee, die ou manier is tog maar die beste, het die ou tante gesê. Ons het dit ook al ingesien, daarom het ons hier bytijds ’n „Tonteldoos” aangeskaf.

* * *

Uitweïende oor die verhoogde postarief, sê die „Strandjut” dat jongkêrels en nooiens net die meeste kla oor die ekstra halfpennie.

Ons kollega is seker getroud, of 'n geswore vrij-gesel, anders sou hij geweet het, soos ek dit weet—en ook glad nie skaam om te beken nie—dat die nuwe tarief vir vrijbriewe net eersteklas te pas kom. Ses velle op albei kante geskryf is n.l. die minimum vir 'n normale verliefde. Voorheen moes die slagoffer van Amor maar netjies 2d. betaal vir die vervoer van 'n brief van genoemde dikte. Nou is dit 1½d., omdat die minimum tarief nou die gewig rek tot 1 ons, in stede van 'n ½ ons, soos tothiertoe. Nee minister Burton is die beskermheilige van alle verliefde skryf-lustiges!

* * *

„In 'n lesing van die Geografiese Vereniging te Johannesburg het mnr. Pirow lie volgende verna-me besonderhede aan die dag geleg” (Die „Basuin”—die spelling is ook sijne).

Watter besonderhede? Of word die beriggie nog vervolg?

* * *

„Mnr. Warren en mnr. Kokot, Distrikt Goeverments Engineers het l.l. Dinsdag more die insoekhof gehou re die dorp water skema.” („Die Uil”).

„Insoek” is 'n nuwe besoeking wat ek nie ken nie. Maar dis nie die doel van mij verterende vonkwerk nie. Ek wil maar aantoon hoeveel foute 'n sondige editeur in staat is om in een enkele sin te laat sluip. Behalwe dat Distrikt Goeverments en Engeneur almal verkeerd gespel is, moet dit nog, volgens ons A.B.-Jap-wenk aanmekaar geskryf word: Goevernements-distrikingenieurs. So- ook Dinsdagmore, insoekhof, dorps-water-skema. Ag toe, kollega, probeer gerus!

Die „Strajut’’ noem Prof. Lauwerijs ’n kunstenaar in de deklaratie!

* * *

„Die trem stakings in Johannesburg en Oos Londen is op ’n end. Die stakers het die werk weer begin.” (die „Papegaai’’).

Hij het net vergeet om bij te voeg: „Want die beëindiging van ’n staking beteken dat die stakers ophou om stakers te wees en dus weer begin te werk.”

* * *

Die „Papegaai’’ praat van huisrente. Top-punt van anglisisme! „House rent’’ is „huishuur’’. „Rente’’ is „interest’’.

* * *

In die „Papegaai’’ verskijn ’n artikel van dr. F. V. Engelenburg oor „Standbeelden’’. Gaan die „Volkstem’’ die artikel oorneem? Of beter gevra, waar kom die „Papegaai’’ aan die artikel? Miskien op dieselfde wijze as wat hulle ons vertaling van genl. Smuts se telegram oor Jameson oorgeneem het?

* * *

Maar hoekom verdraai ons kollega ons artikels wat hij van ons oorneem? Ons hoof bokant die artikel—wat hij sonder vermelding van bron uit ons blad geknip het—was „Genl. Smuts verheerlik Jameson?’’ Hij plaas ewe mak: „Genl. Smuts oor Jameson.’’

* * *

Ons neem dit ook maar verlief dat hij ons nie erken nie, want dan was sij foute, „begrawenis’’, hulle (vir hulde), een (vir ’n) en Rhodesie (vir Rhodesië), dalk ook vir ons s’n aangesien.

Die „Volkstem” sal n.l. nie erg gevlei gevoel nie oor 'n beriggie wat die „Papegaai” van hom oorneem (met vermelding van bron) en waar in twee reëls die volgende te lese staan: „toen die niet hoog in Arcadia bleek, brok zij haar kafferneus op en zi minachtend...”

* * *

Die „Papegaai” is ten seerste deurdronge van die noodsaaklikheid om spaarsaamheid te betrag, met die wolf, papierskaarste, voor die deur. Hij plaas die volgende hoof bokant die kerkelike deputasie-onderhandelinge: „Decisvan Hereniging, opwachting bijde ediders.” Wat „ediders” ook al mag beteken (ek raai: „Leiders”) is dit duidelik dat die editeur van die „Papegaai” mij A.B.-Jap gelees het oor die „Uil” se „Fontein koppie water skema”, en dit te algemeen wou toepas.

* * *

Van seer geagte sijde word daar drukwerk bestel van die Sterfling-drukkerij. Dit duur bietjie lang voordat die drukwerk klaar kom. Nou wou ons vriend nie skrijwe en verwijt: „Hoor, julle is 'n dooierige klomp.....!” Nee, hij skrijf 'n vrindelike briefie maar adresseer dit aan die Sterfling-drukkerij. Dooierig kan dit glo nie!

* * *

In die advertensie van sij Brandsiekte-middel in die „Jakhals” gee mnr. C. A. Smal die prijs op as: „10s. 6d. per 100 skape.” Werklik, dis die goedkoopste skape waar ek nog ooit van gehoor het!

* * *

„Die „Jakhals” adverteer nog ander dinge so voordelig. „Beste meel en mielie sakke is. 5½d.”

Beste meel vir minder as 'n daalder! (a la klaargemaakte dames).

* * *

Nog 'n voordelige kopie, per die „Jakhals”-advertensie: „'n Span van 16 donkies met enkel leer borsplate £22 4s. 6d.” Minder as £1 10s. vir een donkie!

* * *

Ek lees in die jongste uitgawe van die „Jakhals”, dat die „Unie-skoenfabriek” al hierdie jaar vijf eerste pryse op tentoonstellings behaal het. Dis nie 'n wonder nie, want hulle maak die grootste skoene wat seker nog ooit vervaardig is. In die „Jakhals” adverteer hulle skoene van No. 66 tot 11. Ek verstaan dat oordele Goliath No. 27 gedra het. Dan wou ek graag die man sien wat No. 66 dra!

* * *

'n Ander firma adverteer in die „Jakhals” „sterk mans skoene”. Bij daardie winkel sal ek dan seker ook kan koop, want ek is 'n sterk man. Met ander woorde, dis die winkel vir mij, Pagel, Tromp van Diggelen en genl. Smuts.

* * *

'n Ander adverteerder in die „Jakhals geïmporteerde mans stewels.” Geïmporteerde mans! ja, dit sal wel die winkel wees vir die „Sons of England”!

* * *

In 'n skutberig in die „Jakhals” word die verkoping aangekondig van 'n „Afrikaner Bul te wild om te skut, loop op Magalieskraal.” Wie gaan nou 'n dier koop wat die Regering met al sij amptenare en beamptes nie eers in 'n skut kan krij nie! Die ding is kepaal te wild om te tel!

„Een prachtige kans om een tans een tans zoveel gezochte plaats, in zoveel gezochte plaats te kopen” (advertensie die „Jakhals”). Die setter hakkel!

* * *

„Die wereld beroemde medisijne vir die lastige kwaal sinds 1890 uitgevind”. (Advertensie die „Jakhals”). 'n Mens sou sê wie was nou so ver spot om die lastige kwaal uit te vind!

* * *

„Dageliks toenemende getuigskrifte. (die „Jakhals”-advertensie). Ja nee, menige getuigskriflijk amper of dit t o e n e e m. Soos die kaffer wat op die magistraat se vraag of dit die waarheid is wat hij praat, antwoord: „Ja, ou seur, dis meer as die waarheid!”

* * *

Die „Lammervanger” meld van 'n ou-ingesetene wat Richmond 'n besoek gebring het en hom Sondag die n s b a a r gemaak het, deur die orgel te bespeel. Dan sê hulle nog die slawetijd is verbij! „Verdienstelik”, hoor kollega!

* * *

Die „Trompet” maak onderskeid tussen engelsen hollandssprekende stadsraadslede: lid McCabe en R' a a d s l i d Rijswijk.”

* * *

Die „Trompet” adverteer „klere wat afwijs en waardigheid gee aan die draer.” Sê nou nog klere maak nie die man nie! En wederom: „Ons pakke teen £8 10s. kan nergens verkrij word.” En waarom adverteer hulle dit dan darem?

* * *

„Aan die kiezers van de k l e s a f d e l i n g

Pretoria Noord" („Ons Vaderland"). Die kom-
positeur wou skimp op mij ou chef, maar toe kon
hij nog nie eers klets afdeling spel nie.
Een troos, daar word op die oomblik nie net in
Pretoria Noord geklets nie, maar oor die hele
Transvaal.

* * *

Die „Lammervanger" krij dit al amper reg. Hij
praat van „die voet- en korfbal spelers." Ag hoe
jammer tog dat „kolrbalspelers" nou nie aanme-
kaar geskryf was nie, dan sou daardie koppel-
tekentjie agteraan „voet" 'n teken van kennis ge-
wees het, wat dit ongelukkig nie is nie, want
elders in die uitgawe is sprake van „Stad Huis",
„Boere Saamwerk Genootskap" (dis 'n wonder
dat „saamwerk" nie ook nog twee woorde was
nie!), „sending gemeente", „Smuthfield Koel-
Kamers Uitvoer Maatskappij." Ag liewe land,
waarmee moet 'n mens dit tog inpomp en waar?
Bij die neus of die ore?

* * *

Die „Bosluis" begin regkom. „Lage-graad-
mijnen" is 'n hofie in die jongste uitgawe. Net
nog te veel strepies, kollega!

* * *

„Gallieerde Eenheid" („Muishond"-plak-
kaat). Ja nee die eenheid is gal bitter.

* * *

Ons artiekeltjie onder die hoof „Stoot maar
aan" werd deur sewe klein koerantjies oorge-
neem. Ses van hulle het eerlik te werk gegaan
en vermeld dat hul dit uit ons blad knip. Net
die „Lammervanger" maak of hij dit self uit-
gedenk het. Dis darem nie billik nie, veral as 'n

mens reken dat hulle die bron erken van 'n our artiekeltjie uit „Muishond”, wat deur geen ander koerant oorgeneem is nie!

* * *

„Uitroeien van ongedierte ordonantie” (hofie in die „Lammervanger”). Ja nee, partij ordonansies kan gerus uitgeroei word! Dit klink 'n bietjie wreedaardig, maar as ek mij sin moes krij, sou ek partij editeurtjies wat nie wil leer nie, ook uitroei.

* * *

„Vendusie van Heilbron distrik plase” („Bosluis”). Vendusie van Heilbron—'n hele distrik op vendusie—dis bietjie 'n „tall order”!

* * *

• „Waterbok koei” (Staatskoerant). Hoe sou „Olifant hen” klink!

* * *

In 'n Engelse tijdgenoot adverteer Jacobus Johannes van der Merwe, dat hij in vervolg James John McMerwe wou hiet. En hij is 'n mijnwerker—nie eers onderwijser nie—anders kon 'n mens denk dat hij streef om genade in die oge van mnr. Adamson te verwerf. Om die ewewig te herstel, verkies ek om voortaan aangespreek te word as „von Tonteldbos.”

* * *

„De verkiesings petitie van Dr. Colin Steyn en de hr. van Tonder, in verband met de verkiesingen in Bloemfontein Zuid, zal Zaterdag, 12 Junie behandeld worden.” Dit skryf die „Bosluis” op 18 Junie! Dit kom daarvan as 'n mens „second hand” berigte uit ander koerante knip, sonder op te let of hulle nog geldig is.

* * *

Die Russiese uitgang „sk” beteken „rivier.” Dit onthou ek nog goed van die dae toe ek in „School Higher” moes leer hoe dat die paaie in ander lande loop, waarin ook begrepe was die papegaai-afdreunerij van al die dorpe, berge en riviere van al die Europese lande (van Engeland moes ons ook die plase en die lokasies se name leer en natuurlik ook die name en adresse van die sekretarisse van die Engelse debatsvereniginge!) Wel, toe ek nou die dag in die „Muishond” die woord „Weseindsk” boaan ’n artikel lees, dag ek bij myself, kragtie, maar Russies is darem partijkeer net soos Afrikaans. want ’n mens sou nou sweer dat „Weseindsk” beteken,, Weseindrivier”! Weer dreun ek die riviere se name af, want ek kon mij nie versin, hoe daar in die 12 jaar tijd vandat ek „School Higher” gepaas het alweer ’n splinternuwe rivier ontstaan is nie—want ons het tog daardie dae die name van al die spruite en sandslootjies ook geleer. Nou goed: „Omsk,” „Tomsk,” „Obolsk”—en die hele rij af, maar ek krij maar nie die naam „Weseindsk” nie. Nou lees ek die kabelberig om te sien in watter streek die nuwe rivier loop en waarlikwaar, dis ’n artikel oor die Weseindskool! Dit was al die tijd ’n misdruk!

* * *

In ’n warm hoofartikel van die „Muishond” spring nou die dag een reël glad uit ’n ander kolom weg en val hier tussen die hoofartikel se reëls onderstebo. Dis ’n voorspooksel van ’n bollemakiessieslanerij wat aanstaande is!

Genl. Smuts se toespraak oor „Suid-Afrika groot, vrij en onafhanklik” het die „Muishond” so laat skrik, dat hij die middag sij plakaat oor dieselfde toespraak glad in die kleur van die Arbeiderspartij (rooi) druk!

* * *

As daar iets is wat ek haat, dan is dit anglisismes in artikels van mij. Die artikel in ’n vorige uitgawe onder die hoof „Arbeiderspartij-kluitjies” was van mij. Nou het ek al ’n paar keer die persoon wat die hofies set geskrobeer omdat hij telkens daardie koppeltekentjie weglaat, waardeur dit ’n anglisisme word—soos tevore in die A.B. Jap duidelik gemaak. Toe ek hom weer oor ’n bowegenoemde versuim oor die kole haal, skrik hij so groot, dat hij glad ’n dubbele koppelteken inset. Te veel geholpe!

* * *

„De volgende zijn sommige van de verschillende goed onlangs in ons winkel geland: 700 paar mans en vrouwens schoenen van de Engelse fabriek waar ons in van mij lewe se dagen gekoop het’ („Strajut”). 700 paar mans! En dan mans—somaar goed noem! Ag, mij A.B. Jap, wat in die dag der koerantskrijwers-misdade teen julle sal getuig!

* * *

Die „Wolf” gee die adres van die nuwe dorp Viljoenskroon op as P.K. Rendezvous. Genugtig, ’n dorp sonder ’n eie poskantoor! Dit kan nie ’n danige opstêrs dorp wees nie!

* * *

Die ander dag het ek gemeld van iemand wat die „Sterling”-drukkerij wou sleg sê, en dit doen

deur hulle die „Sterfling“-drukkerij te noem. Iemand anders moes die „vonk“ gelees het en wou daar toen munt uitslaan, deur op ons eie drukkerij te skimp. Hier is dit; instede van die Noordelike Drukkers skryf hij die Wonderlike Drukkers.

* * *

Die „Ploegvoor“ het deur onvermijdelike omstandighede een uitgawe agter geraak en wou die vertraging verhelp deur hulle maand te rek. Hulle praat ergens van die 61ste Desember!

* * *

„Belangstelling in Municipale sake is so aan die verslappe dat twee agtereen volgende vergaderings opgeroepe om die begroting goed te keur, nie kan gehou word omdat daar geen kworum van Raadslede was nie.“ (Die „Basuin“).

Glo maar hulle het 'n plan om te staak vir meer loon of minder ure!

* * *

„Mnr. P. H. Coetzee is hard bezig om die ou stadsaal te verbou om te beantwoord aan 'n smidswinkel. Die municipale kantoer sal nog die week oorgeplaas word naar ander kamers.“ (Die „Basuin“).

En dan wonder hulle waarom raadslede slap is, as die ou stadsaal beantwoord „aan 'n smidswinkel“!

* * *

„'n Tijdgenoot vermeld dat mnr. Chas. Pienaar van Waaiplaats in die Karroo so gelukkig was om paraffien op sij plaas te krij. Hij het vir water geboor en krij toe paraffin.“ (Die „Basuin“).

Ek sou sê 'n Tijdgenoot wat so'n kordaatstuk vermeld, verdien vermelding.

Reuter meld dat die Britse Regering 'n Staatskoerant van 114 bladsije gepubliseer het, bevattende die name en onderskeiding van betietelde persone. Die tietels en goeters spruit voort uit heldedade verrig ('amper sê ons „begaan”) in verband met die groot oorlog. Waar haal hulle al die helde vandaan, sou 'n mens vra? Geen wonder, dat Brigadier-Genl. Page-Croft op 'n kongres van die voorgestelde Nasionale Partij in Engeland, Lloyd George beskuldig het, dat hij persone van slegte sedelike reputasie en finansiële skurke vir tietels aanbeveel het. Spr. het die Britse Eerste Minister uitgedaag om dit t ontken en onderneem om voor 'n spesiale kommissie getuienis tot die effek af te lê.

* * *

Die Joernalistiek het ook sij ligtere sij. Nou en dan loop ons koerantmense ook iets raak om oor te lag. So sluit een van ons korrespondente b.v. die week 'n brief aan ons in 'n koevert waarin hij 'n haarlok van 'n dame bewaar het. Sij adres staan ongelukkig nie in die brief nie. 'n Ander ou vriend stuur ons 'n brief geadresseer aan „Bessielief.” Die brief wat vir ons bestemd is, is ongetwyfeld in besit van „Bessielief.” Waarskynlik sal sij met ons ruil?

* * *

L.I. Donderdag het die Arbeiders-lid, Brown (Germiston), skielik in die Parlementshuis aan brand geslaan. Dit het 'n hele reddingsbende na 'n tjdjie geluk om die brand te blus, nadat die agbare lid se baadjie halfpad verbrand was. Die uitleg word gegee dat die volksverteenvoerder se baadjie met petrol skongemaak was en dat hij

'n dosie vuurhoutjies in sij sak gehad het. Ons voel geneig om die geval anders te verklaar. Die Arbeiders was so warm die eleksiestrijd ingegaan en nou vind hulle ineens, dat hulle maar weer ontrou moet word aan hulle beginsels en die kapitalistiese groep hart en siel ondersteun. Hulle ijwer is dus gedaal tot duisende grade onderkant vriespunt. Nou ja, maar die gloed moet dan tog ergens beland en so begin die vlamme nou al op hulle baadjie uitslaan. Arbeiders pas op, julle beginsels sal om wraak roep!

* * *

Burgemeester Waterston (Arbeider) van Benoni, het geweier om 'n afgevaardigde uit sij raad te stuur naar die Bond van Suid Afrikaners (die anti-Asiate Beweging). Hij wil nie sij neus in die Imperiale politiek steek nie, sê hij! Daar het jij dit! Dit gaan die Empaaier gelde en daarom wil ons imperialistiese Arbeiders nie die Koele teenwerk nie. Pragtige logika van die kampvegters vir die belange van die verdrukte werkmans en sij ekonomiese selfbehoud!

* * *

Die „Muishond” meld dat die Prins van Wallis l.l. Sondag 'n draadlose berig ontvang het van die „Hertzog” van Devonshire! (Bedoel word natuurlik „Hertog”). Wie is hier so van skrik bevange, dat hij al Gehl. Hertzog op die brein het, die Redaksie of die setter? Of anders gevra: waar kom die „Muishond” daaraan om die Leier van die Nasionaliste te noem „Hertzog van Devonshire”? Weet hulle nie dat genl. Hertzog hom nie tieteltjies, lintjies, strikkies en sijkouse laat aanleun nie! Buitendien weet ons nie of die

généraal eng ingénome sal wees met die bekendmaking dat hij 'n draadlose berig aan die Prins van Wallis gestuur het nie!

* * *

In die Britse Laerhuis het die hr. J. W. Hogge, sambok van die Asquith Partij, bij die bespreking van die Staatsdiens-begroting voorgestel om die Eerste Minister se salaris te verhoog. Hij wijs daarop dat 'n salaris van £5,000 glad nie toereikend is nie.

Wie het ook weer gesê: „Die enigste verskil tussen 'n minister en 'n gewone amptenaar is dat 'n minister baie geld krij vir bietjie werk en 'n amptenaar bietjie geld vir baie werk”?

En dan, wat is die plan van mnr. Asquith se sambok? Verwag hij dat sij grootbaas weer haas Eerste Minister gaan word? Hier bij ons oorlê ons dit andersom. Solang as die teenpartij aan die bewind is, word die toelage so ver moontlik afgebreng en wanneer die eie partij aan die hoof kom, word dit verhoog tot driemaal soveel as dit voor die besuinigingsmaatreël was. So het die Arbeiders in die Johannesburgse Stadsraad gedoen (Oubaas Allen se toelage werd besnoei van £2,000 tot £1,500—deur die Arbeiders—en nou krij Burgemeester Steer £2,800. Dis besigheid!)

* * *

'n Kennisgewing in die Pretoriase trems versoek „rookers om op de achterste banken plaats te nemen.” Dit word nie uitgevoer nie. Ek ken mense wat rook, en wat al in mij teenwoordigheid op die heel voorste bank gesit het. Of is 'n roker net 'n roker wanneer hij rook?

Die „Pretoria Stadsraad” is nie al te sorgvuldig met hulle taal nie. „Pretoria stedelike tramweg” is n.l. ’n anglisisme.

Tussen hakies „wanneer gaan die „Pretoria Municipale Raad” twintigste-eeus word? „Rook” en „mensen” is tog n.l. vorms wat tot die verlede behoort. Immers die offisiële Hollandse taal van die Unie is tog Vereenvoudigde Hollands of Afrikaans. Hulle is sowaar nie outijds in hulle belastingvorderinge nie! Waarom dan anachronisties op taalgebied?

* * *

„This week’s great Thought”: „Die man met die lang nuus pleit vir geduld. Raadslede gaan die Ariadne draad volg. Raadslede gaan die ariane die rooitaal.” (Hofie bokant ’n artikel in die „Papegaa”.)

* * *

„Die wolmark staan nog stil.” („Laksman”). Pas maar op, as hij begin rondspring, soos die swartbont varkie, wat die ou Hotnot nie kon tel nie.

* * *

„Onthulling van Monusent van Onse Jan” („Basuin”). Dis nie om te lag nie, maar om te huil, as die drukkers in die hofies vir ons sulke poetse bak—dit kom ons ook baie oor!

* * *

Die „Lammervanger” laat ’n mens aan ’n skenderbek denk. In ’n dosijn kort beriggies is daar vier wat begin: „Naar wij vernemen.” (A la ou Antjie Taterat).

* * *

„Pragtige pluï s damesjaste” („Laksman”).

Kollega! „Pluis” as byvoeglike naamwoord! het 'n te snaaks betekenis, om te sê 'n damesjas is pluus! Probeer weer, jij krij al „damesjaste” reg, sodat jij nie meer jou adverteerders „klaarge-maakte dames” laat uitveil nie.

* * *

„Uitstekende seleksie mans baadjies.” („Laksman.”) „Uitstekend seleksie mans”! Dis om 'n dame te laat watertand!

* * *

„Verkoping sonder inhoud” (without reserve. — „Laksman.” Sonder inhoud! Dis die vendusie daardie, waar jij die plek koop wat in 'n lege sak is.

* * *

„Ons verneem, dat mnr. Haasbroek, die sit-tende lid vir Klerksdorp nie weer sal staan nie.” (Pretoriase korrespondent van die „Vlakvark”.)

Seker nie, dis lekkerder om te sit as om te staan!

* * *

Iemand wat in die „Laksman” adverteer, maak 'n root „offer” van 15 per cent afslag.” Hoe is dit dan dat mense onder die nuwe bedeling nog offer! Engels „offer” is „aanbod”, hoor!

* * *

Die „Papegaai” neem ons artikel „Die stroom naar die dorpe” oor, en is glad so ordentlik om ergens in die middel van die artikel te sê: „Ons Vaderland.” Maar tog doen ons kollega ons deur die weglating van die heel laaste woordjie van ons artikel 'n onreg aan. Ons het besluit met die woorde: „Die platteland is die ruggraat van die

land. Vergeet dit nie!" Die „Papegaai" laat kalmpjes die „nie" weg.

* * *

„33 persent afslag op dames winterhoede." („Laksman". Dis nie 'n slegte plan nie. Dames word nou vinnig goedkoper! Dis aan die „uitstekende seleksie mans" te danke. Of is dit vandat die damesjaste pluus word?

* * *

In dieselfde advertensie praat hulle van „Groot-aantal stukke." Hoekom nie liever „dameshoede aanmekeer geskryf nie, instede van „groot-aantal"? Maar, wag hij kom reg, more oormore sal hij wel leer om die regte woorde aanmekeer te skryf.

* * *

„De op tot dato drapeerders", adverteer in die „Basuin": „Nieuwe snijders kostuums met uitzondering en extra waarde nette baatjes in verskeide stijle lieflike bloese voor alle gelegenheden lieflike millinere modellen nuwe dres goedern." Kommentaar is absoluut oorbodig, behalwe, dat die „Basuin" hier 'n kostelike geleentheid ongebruik gelaat het, waar hij 'n heerlike waarheid deur middel van 'n taalfout kon uitbreng as hij b.v. gesê het „lieflike dames bloese." Kragtig, gee tog die „Laksman" so'n kans en hij sal dit nie laat verbij glip nie!

* * *

Die „Jakhals" skryf: „Ds. van Broekhuizen het gister naar die Raadsitting kom luister." Ja nee, die sitting is baie hoorbaar, veral die gekraak van die ruggraat van die lede wat so hard op hulle stuitjie neerval en dan so lui blij lê!

Die „Jakhals” laat ’n adverteerder onder die hoof „Pakkies met kanse” uitveil: „Agt’kanse gepak in een pakkie en dan verkoop vir ’n spesiale prijs.” „Voetedrag” klink daarby nog opstêrs! „Hoe sou dit wees as hulle by die agt „kanse” nog ’n teelepél van ’n jakhals se omkijk ook inpak.

* * *

Dieselfde firma se winkel word in dieselfde advertensie genoem: „Pretoria’s sterk groeiende winkel.” Ja nee, ons lesers in Mars sal ’n winkel, wat sulke konkrete kanse aanbied, hoor groei!

* * *

„Uitverkoop van donkerblou mans hemde” (advertensie die „Jakhals”). Uitverkoop van donkerblou mans! Meisies dis julle kans! Die prijs is van 5s. 3d. af. En dan voeg hulle daarop dat hulle die artikels in die meeste gevalle aanbied „lager dan vandagse inkoopsprijs.” Nou ja, wat die inkoopsprijs van mans vandag is, sal die belanghebbendes seker weet, ek weet dit nie.

* * *

’n Mens kan nie altyd glo wat in advertensies voorkom nie. Die „Jakhals” adverteer kruisbande vir 1s. die paar. Ek dag hier is ’n kans vir mij, ek gaan ’n paar koop vir ’n shilling en dan verkoop ek weer een vir vier skelling aan die kaffer wat die potloodskrif-briewe uit ons kantoor wegrij. Dan kos mijne mij net 3d. Maar moenie glo nie, hulle wil mij net een gee vir ’n shilling. Weer die Engelse na-aperij wat mij so in die skande laat kom het. So hoor ons ook heeldag ons mense praat van ’n paar broeke (a pair of trousers), ’n paar glase (wanneer hulle ’n bril bedoel).

„Rieme 11vt. lang en ekstra breek (advertensie die „Jakhals”—hulle het breed bedoel). „Our candid advertisers” sal die „Sunday Times” in sijn vonke-kolom sê!

* * *

„Lichte donkie trekkettings 6s. 6d.” (advertensie die „Jakhals”). Lichte donkie 6s. 6d.: dis darem 1s. 3d. duurder as die donkerblou mans hierbo.

* * *

„Tuigen kompleet voor 10 muilen in eersteklas konditie” (adv. die „Jakhals”). Sou hulle ook tuie aanhou vir muile in slegte konditie (maer muile)?

* * *

„Huidkwalen moeten niet gekrabbt of gewreven worden” (die „Jakhals”). Ja nee, liefde is mos ook 'n kwaal wat jij nie kan krap nie!

* * *

Zadels kompleet met stijgbeugelriemen vernikkelde stijgbeugels vernikkelde stijgbeugelriemen, vernikkelde stijgbeugels en buikriemen £ 0 0 (die „Jakhals”). Nogal goedkoop vir so'n vierdubbele vernikkelde stijgbeugelriemerige sael!

* * *

„Ons Vaderland” deel mee, dat die Nasionale Partij van Kaapland gister hulle kongres in Pretoria Wes geopen het. Hulle sê nie of dit in die Landbousaal of die Burgersaal is nie, anders kon ons Pretorianers tog ook ons Kaaplandse broers gaan hoor beduie! Was dit nou Pretoria Noord wat ons editeur so voor die gees sweef, dan kon 'n mens dit verstaan. Maar nie genoeg dat hij in Pretoria Noord die wind laat Oost

waai nie, rou wil hij nog in die Weste ook die windstreke in die war bring. 'n Spotvoël kan dalk sê: Ja, maar Pretoria Wes is nabij Weskoppies." Maar sulke skimperij dan liever op die setter, hoor!

* * *

„Die verslag van die onderwysersvergadering op Bloemfontein Saterdagavond kan deur 'n misverstand nie in hierdie uitgawe verskijn nie”, skryf die „Vlakvark”. Die lesers wat nie op die hoogte is van die inwendige van 'n koerant nie, sal natuurlik wonder watter misverstand dan oorsaak kan wees van die vertraging! Die verslag kom tog doodeenvoudig in, of dit blij uit. Ek sal dus die geheimsinnige misverstand 'n bietjie moet ophelder. Dit was net die oomblik voordat die koerant moes verskijn—julle weet lesers, wanneer ons gewoonlik met 'n paar knope die horing neersmijt, as nuusgierige mense, wat nie koerante lees nie, ons deur die telefoon lastig val oor die uitslag van die een of ander. Die voorman kom binne en vra: „Moet die verslag van die Onderwysersvergadering in, meneer?” „Naar die duiwel met die verslag,” en hij mik met die skêr naar die verbouereerde voorman, wat die spat neem en nog net die woorde „foeter dit...” hoor. Hij verstaan „foeter dit uit” en gaan die setsel in die kas gooi om weer opgesmelt te word. Dit was die misverstand. Sulkes gebeur nog al baie in die koerantwêreld. Dit gaan bij ons ook baie keer soos in die geval van Maarskalk Sout in die Napoleontiese oorloge. 'n Onderoffisier kom hom op 'n goeie dag mededeel dat hulle 'n klomp vijandstroepe krijgsgevangene ge-

neem het en vra wat hij met hulle moet maak. Soult was baie verkoue en was juis weer van 'n onophoudelike hoese- en niesbui bevange. „Ma sacre tous” sê hij (hij wou sê „mij vervlakste verkoue!”). Die onderoffisier verstaan „Massacrez tous” (maak hulle dood). En hij gehoorzaamde!

* * *

„Vlakvark” skryf: Die heer C.... van die personeel van die „Vlakvark” het gister in Kaapland in die huwelik getree, sê die „Burger”. Hoekom moet die „Burger” dit in eerste instansie sê? Dis immers die „Vlakvark se plig om te meld dat die sekere lid van sijn personeel vir genoemde doel in Kaapstad op verlof is! Maar so gaan dit, as ons arme koerantmense nie toevallig in die hospitaal beland nie, word ons wel en wee agter 'n digte sluier van vergetelheid weggesteek. Hier bij ons het ook anderdag iemand getrou en ek gaan dit ook doen voor honderd jaar om is. Dan hoop ek sal die „Bossluis” dit vermeld en 'n uitknipsel aan „Ons Vaderland” stuur.

* * *

In die „Jakhals” skryf iemand oor die verpligtende inenting o.m.: „Ek gaan liever tronk toe as om mij kind te end”. Ja nee, liever tronk as galg toe, want wie sijn kind end doodmaak word met die dood gestraf. Wou hij dalk sê ent?

Hierdie „vonk” leen ek van die „Afrikaner” (Pietermaritzburg):

Die Pos-beamptes het in die gewoonte geraak om somaar maar alles wat 'n Hollandse adres op het, in ons bus te gooi, of bij ons af te lewer. Die ander dag kom hier 'n „Volkstem” te lande

met die adres daarop, duidelik en volledig gedruk :
Privaat Sekretaris,
Minister van Postwezen,
„Norfolk Hotel”,
Pietermaritzburg.

Snaaks dat die posbeampies nie eens weet wat bedoeld is vir die „Privaat Sekretaris” van hul eie hoof!

* * *

Van Alexander die Grote word vertel, dat, toen daar nie meer lande was wat hij kon verower nie, hij gaan sit en huil het—ek glo op ’n miershoop. Wel, as ek nie so’n opgeruimde seun was, wat aan elke sombere wolk ’n silwer randjie sien nie, dan was Bloedstraat vandag seker al verdoop tot Tranestraat.

Tevergeefs soek ek n.l. in die laaste tyd in die verskillende koerante naar foute wat bevonkbaar is. Ek sou dus, as ek net so bloeddorstig was as oorlede Alexander, mij oge uit mij kop kon huil, vanwege die skielike vonkenood.

Maar nee, dit was nooit uit vonksug, dat ek met foute van die koerante die spot gedrijf het nie, maar uit ’n eerlike begeerte—gebore uit liefde vir mij taal—om mij kollega’s te leer om bietjie sorgvuldiger te werk te gaan, en die lesende publiek en ons taal nie onnodig te moor nie!

Dat die wenke, vervat in mij vonke en A.B.Jap, nie op rotsagtige aarde geval het nie, getuig die menigte briewe van instemming. Een van mij kollega’s, wat ek menigvuldiglik bevonk het, skrijf: „Ek geniet jou vonke baie, al raps jij mij ook so kort-kort. Stuur a.u.b., uitknipsels van al jou A.B.Jap-artiekels. Ek was ’n tijdjie afwe-

sig en het toen 'n paar uitgawes van julle blad nie ontvang nie. Ek wil daardie wenke van jou vir geen geld mis nie." Dit noem ek nou 'n sportsman! Sal die „Bosluis", wat nog gedurig seur oor 'n vonk waar hij tog skuldig aan was, hieraan 'n voorbeeld neem!

Die vonkskaarste is dus regtig 'n omstandigheid waar elkeen met 'n sprankie taalliefde hom oor behoort te verheug. Maar nou, sonder om te verwijt of aanspraak te wil maak op erkentelikheid, moet dit mij vergun wees om kollega's daaraan te herinner dat hulle darem 'n bietjie dank aan mij verskuldig is. Sou hulle nou nie wil saamspan en mij 'n klein aandenkinkie gee nie, al was dit 'n skêr?

Ook lesers, van ons sowel as van ander koerante, behoort dit in ag te neem. Ek hou nie van bedel nie en wil dus nie vra dat lesers ook moet bijdra tot die koopprys van die skêr nie; maar laat hulle mij net regvêrdig behandel! Moet mij nie weer bedank vir mij „Vonke," „Ou Pruimpies" en „A.B.Jap," en dan darem die biltong en mosbiskuit aan die Editeur adresseer nie. Mij adres is: Mnr. Tonteldoos, adres „Ons Vaderland," Pretoria.

* * *

Om Koert Kolskoot se senuwees was so ferm soos 'n trapsoetjies s'n. Hij skiet op twintig tree 'n slagbees so hou vir hou in die middel van die kroontjie. Dit was dan ook 'n uitgemaakte saak dat Oom Koert die slagbeeste van al die bure moet kom doodskiet. Sij ongevraagde fooi is dan altyd net 'n kernaatjie—gewoonlik 'n stuk van die kambene met korttribbetjie. Op die wijze het Tant

Lenie jaar uit en jaar in gedurig beesvlees gekook, want die boere in die streek van Osspruit het altyd maats gemaak, en sodoende om die beurt saam bees geslag. Net Oom Koert het nie 'n beurt gehad nie. Hij moes soos die ou Leviete vanmelewe deur almal van kernaatjies voorsien word. En tereg, want arbeider is sijn loon waardig!

Kijk, met ons koerantmense gaan dit mos ook so. Ons is almal Koert Kolskote. Word daar iemand begrawe, of 'n bruidjie in die „ergernis” (egtenis) gelei, of 'n konsert gehou, dan moet ons altyd daarby geroep word, omdat ons die „dinge raker” kan skryf as gewone mense. Net ons krij nie altyd ons kernaatjie nie, of partijkeer krij ons darem een ou kambeentjie. Sal die leser glo dat daar nou na die 11de Augustus, in Pretoria twee uitvoerings gegee word, waarvan ons vir die een maar een perskaart ontvang het en vir die ander glad nie een nie—ons behoort kaarte te koop en die saak te ondersteun sê hulle (ons sal name noem as dit weer gebeur).

Naar aanleiding hiervan net 'n paar woordjies. Met kwistige pen maak ons reklame vir die funksies en gaan dan nog ons aand daar sit en verspeel, waar ons ander broodnodige werk voor in die steek laat, wat ons dan later in die nag moet doen. En dan word nog verwag dat ons geld moet uitgee om ons tyd daar in hulle voordeel te gaan bestee! Verbeel jou dat Oom Koert nog elke maal as hij 'n bees moet gaan doodskiet, vir die buurman wat die bees slag 'n emmer meel sou moet present gee, pleks van dat hij (Oom Koert) 'n voordeeltjie krij!

Nee, dit is etikette om aan elke koerant van wie

julle 'n verslaggie verwag, mánstén s twee
komplimentêre kaarte te stuur. Want vergeet
nie, as die editeur sij aand moet gaan verslijt in
'n konsert, hij dan gedeeltelik moet kan skadeloos
gestel word, deur die voordeel dat hij sonder on-
nodige ekstra uitgawe sij vroutjie kan saamneem,
of ons ander redaksielid sij nooi, of Tonteldoos 'n
ander kêrel se nooi— omdat hijself nie een het
nie.

SWAAPSE KLUITJIES.

(Oorspronklik verskijn onder „Ou Pruimpies”, teen welke tietel enkele lesers egter ’n bedenking gehad het. Hulle sê die dage van die pruimpies en die snuifdoos is verbij. En die „Tonteldoos” dan?)

„4029 please Missie!” (’n mens moet in Engels die nommer vra, anders kom jy nooit deur nie).— Nog beset? Verdeksels! Ou seun, ons kan daar nou niks aan doen nie. Ons moet in more se uitgawe, soos jy weet, antwoord gee op die vraag van mnr. Koekemoer, wanneer dat die Pensioene-Raad vir gewonde burgers op Bethal sal sitting hou. Vat hierdie nege duwweltjies en jaag gou met die trem op Uniegebou toe. Dit lijk mij of die mense daar beset sal blij tot na die druiwetijd. Toe maak bietjie gou, ou seun.”

„Editeur, maar hoekom dan net nege duwweltjies? Dis tog ag duwweltjies met die trem tot bij die Uniegebou en ag duwweltjies terug. Met hierdie ou paar pennies kom ek net tot halfpad en weer terug, dan hou ek nog maar ’n pennie oor! Denk u hulle sal mij op skuld laat rij? ’n Paar jaar gelede, toe ek nog op kollege was en bij die stasie uitstel vra vir mij kaartjie se geld totdat mij pa se mielies gedors is, het hulle mij net so laat omdraai en gesê hulle skrijf nie hier op nie.”

„Nou ja, terug is nie so haastig nie. Jij kan terug loop.”

„En hoekom dan nie maar daarheen ook loop nie, terwyl u nou op besuiniging uit is?”

„Nee dit het haas, jij hoor die man is al van gister af „engaged”, als jij nie gou maak nie, is hij kepaal al op weg kerktoe om te gaan trou, voor jij nog daar is.”

„Nou weet u wat, Editeur, laat ek gou bietjie op die Rooi Indiaan motor spring. Dit gaan gouer, en kepaal kan die vent nog nie eers Hollands verstaan nie, en u weet self ek is maar bietjie baar met die Engels, dan kan ek hom somaar in die mandjie oplaai hierheen, dan kan u hom self die informasie vra, en kan hulle ons later ook nie weer opstrij nie.”

„Kerel, hou nou op met redeneer, Ek het die motor self nodig om die outoriteite te gaan sien oor die Duitser wat hulle nie fatsoenlik wil begrawe nie. Ek kan hulle ook nie deur die telefoon te spreke krij nie, en ons het al twee artikels daaroor geskrijf, soos jij weet. Toe maak nou gou, ou seun.”

„Die mense is ook nuusgierig en allés moet die arme koerant maar weet! Kijk nou weer daardie kerel wat wil die adres weet van die fluks boerdogter uit die Kaap, wat die mooi artikel in ons koerant geskrijwe het. Sij vrou wil haar dan kasting gelukwens met haar flink houding. Ek glo hij het net so min 'n vrou as ek. Dis hijsself wat haar wil gelukwens. Wat help dit mij nou dat ek 'n privaat briefie aan die dame geskrijf het, om mij bewondering vir haar kranigheid te kenne te gee? En die japsnoet wat in hierdie uitgawe ook weer

so oëdien bij die boerdogter, oor haar fluksheid. U moes mij laat staan het, dat ek 'n warm voetnoot onder sij brief geskrijwe het, wat hij sij kop oor sou krap!"

„Nou, kerel, sal jij nou gaan of nie?"

Ek het toe maar 'n sikspens geleen bij iemand in die drukkerij. Een pennie sal die kondukteur tog seker vir mij afslaan. Waar ek weer die sikspens sal krij om terug te betaal, weet ek nie, want ek verstaan dat die drukkers nou al £9 in die week eis, sodat ons arme redakteurs weer sal moet gemelk word om die verlies op te maak. Want dit lijk of ons intekenare ook nie onthou dat ons koerant maar net zsh. duurder is as die „Laksman" terwyl ons drie redakteurs moet betaal. Die Bestuurder het mij gister gesê, dat as hij die maand nie minstens 'n paar honderd pond aan intekenaarsgelde inkrij nie, verwag hij dat mij salaris volgende maand sal moet afgebreng word tot dertien pond sewe shillings en vier skelling. Arme ek, verlede jaar al mij baiesukkel verkoop om mij jongkerelbelasting te kan betaal!

Ek is toe met die nege duwweltjies en die geleende sikspens weg. Maar dit moes ek nie gedoen het nie, want ek was net uit, toe die voorman die proewe inbreng. Een was 'n klomp grappies van mij, wat ek vergeet het om 'n hoof bo-aan te skrijf, toe iemand van Groot Spelonke oplui om te vra hoeveel stemme ou Merriman gekrij het.

„Wat sal ons hier bo-aan set?" vra hij aan die sub-editeur. Die was ook besig. Hij kijk net op, en sien daar is iets van die „Volkstem" ook in. „O, set maar enigiets wat skerp is." En of die voorman nie heengaan en „Rissies" 'bo-aan

geset nie! Wat 'n ramp, „Rissies” is die handelsmerk van 'n „Burger-medewerker! Wel, dit was verbij maar ek verwag nog elke dag 'n brander van die „Burger” se Rissies-man. Wat ek oorspronklik bo-aan wou skryf, het mij toe ook ontgaan, so het ek toe die volgende keer „Vonke” geset. Die eerste klomp vonke het so uitmeekaar gespat, dat baie van hulle tussen die kort berigte te lande gekom het.

„Vonke” lijk ook vir mij net so'n woord wat elke jong redakteurtjie sal gebruik vir 'n handelsmerk. So het ek gedenk om maar nog 'n woord in reserwe te hou, as ek miskien van patentdiefstal beskuldig word in die geval van „vonke”. „Ou Pruimpies” sal seker nie somaar elke penkop aan denk nie, totdat ek dit nou uitgevind het. Nou wil ek maar vooraf sê dis mij handelsmerk. „Vonke” kan die eiendom van die redaksie blij, maar „Ou Pruimpies” en „Ons Vaderland” sal ook seker nie gou skei nie, want ek verstaan die lesers is baie tevrede met daardie artikel van mij wat die „Laksman” oorgeneem het. En hulle sê hulle sal mij hier aanhou al was dit neen-en-neentig jaar. Nou ek is ook nie van plan om eerder weg te gaan nie, maar langer as dit sal ek tog ook nie graag aan een koerant wil blij nie. Na die tijd sal ek dan vir verandering na 'n ander koerant toe gaan— wie weet, dalk na die „Laksman”—en dan wil ek mij handelsmerk saamneem. Die lesers is mij getuie dat „Ons Vaderland” na verloop van 99 jaar nie meer die reg sal hê om „Ou Pruimpies” bokant artikels te gebruik nie.

Vandat die eerste artikel, onder hiendie hoof, verskijn het, het ek drie briewe ontvang, waar ek hier melding van wil maak.

Die skrywer van die eerste brief vra: „Hoe-kom was daar dan nie „Vonke” in julle laaste koerant nie?” Lesers, is dit nou nie gulsig nie? Ek het toe ook dadelik aan die persoon geskryf: „Maar man, is jii dan nie met „Ou Pruimpies” tevrede nie?” Maar om alle verdere misverstand te voorkom, sal ek maar hier bekend maak—en dit sal ’n verstandhouding wees tussen mij en die leser van „Ons Vaderland”—dat as ek vol-doende aanmoediging krij; deurdar daar b.v. elke maand 250 nuwe intekenare kom, soos dit die laaste paar maande die geval was, en daar word maandeliks ’n paar honderd £ ekstra aan tekeningsgelde ontvang, ek die lesers dan eenmaal in die week „Vonke” sal gee en eenmaal „Our Pruimpies.” Dit wil nog altyd sê, as daar nie ter elfder ure iets lekkerders kom nie. In die geval moet die „Ou Pruimpies” oorstaan om die volgende keer opgewarm te word.

Die tweede brief handel oor die „Ou Pruimpies.” Daarin druk die skrywer sji verbasing uit om af te lei dat die skrywer van „Vonke” op die redaksie van „Ons Vaderland” sit. Hij het gemeen, as hij die redakteurs daar so ernstig onder die koerante en kopie bedolwe sien, dat hulle beroep so eentonig en vervelig en sielododend is, dat hulle nie eers kan „pruim” sê nie—wat is nog te sê ’n grap maak war lesers oor kan lag. Nee, daar het die ou vrind dit mis. Ons het ook ons grappige oomblikke, al is die grappe, wat ons heerlik onder mekaar oor lag, nou nie juis altyd

publiseerbaar nie. B.v. as 'n briëfskrywer Engeland ons a a r d s e vijand noem (vir aartsvijand) en dit dan onwillekeurig aan die een van ons wat die brief korriseer ontsnap, dat dit te hope is dat die Afrikaanse volk nie nog h e m e l s e vijande ook het nie.

Welseker kon elke leser wat niks van 'n koerant afweet nie, veronderstel het dat die skrywer van „Vonke” moet weet hoe 'n koerant nie geskrywe word nie. Anders, hoe sou ek kon wonder wat die „Laksman” met die gom wil maak? Kijk, as dit eendag mog gebeur dat ons iets uit die „Laksman” voorneem, dan sou ons die uitknipsel met pap (of gom dan, soos die „Laksman” dit verkies) op 'n stukkie skryfpapier vasplak en dan skryf ons: „Hierdie artikel neem ons oor uit die „Laksman”. Maar 'n koerant wat artikels uit 'n ander koerant knip, het nie eers gom nodig nie—ook nie 'n pen nie—sij enigste gereedskap is 'n skêr.

Die derde brief was geadresseer: „Die Wel Edele Heer Tonteldoos. Vonke-Redakteur, „Ons Vaderland”. Ek dog dat dit 'n „Vonk” is wat iemand mij stuur. Mar dit was meer, dit was 'n hele vuurpijl. Dit was 'n betrekking wat mij aangebied werd vir hoof-editeur van die „Verskietende Ster” van Warmbad. Die direksie het gemerk, dat daar waarskynlikheid bestaan, dat die direksie van ons koerant moontlik sou kon dreig om, as sake sleg gaan, (wat gelukkig nie so is nie) te oorweeg om mij salaris tot op 'n seker laagwatermerk af te bring. Nou bied hulle mij dan 'n shilling en 'n trippens meer as daardie bedrag aan. Ek het vir iemand van die grap vertel en, gesê ek gaan 'n „vonk” daaroor skryf.

Mij openhartigheid het ten gevolge gehad, dat die Direksie mij laat roep het om te verneem hoeveel waarheid in die gerug geleë was. Ek het niks weggesteek nie en hij het mij toe verseker, dat as dit nodig sou moet word om mij salaris tot op die voorgestelde bedrag af te bring, hij dadelik weer 'n daalder sou opset, sodat ek dan nog 'n trippens meer krij, as wat de „Verskietende Ster” mij aangepresenteer het. Ek het hom toe verseker, dat ek mij nie baie oor die salariskwessie bekommer nie—dat dit nie mij liefde vir „Ons Vaderland” is wat mij hier hou nie, maar mij vaderlandsliefde—dat ek dus nie eers oor die voorstel van die „Verskietende Ster” sou slaap nie, maar bij „Ons Vaderland” sou blij.

Maar later verstaan ek die belangstelling in mij beweging beter. Die Editeur kom mij sien. Hij het 'n eksemplaar van die „Kuikendief” in sij hande. „Ou seun,” sê hij, „jij maak uitstekende vordering in die joernalistiek. Verlede week het die „Laksman” al 'n artikel van jou oorgeneem, maar nie gesê waar hij daaraan kom nie. Kijk hier het die „Kuikendief” 'n artikel van jou oorgeneem en gesê: „'n Tijdgenoot skrijf as volg.” Nou belooft ek jou, dat ek jou vir promosie sal aanbeveel sodra as 'n ander koerant 'n artikel van jou oorneem, met vermelding van bron. Dat jij joernalistieke kapasiteite besit, is vir mij buitendien duidelik, uit die feit, dat die „Muishond” al op 'n „Vonk” van jou geantwoord het. Jij moet weet die „Muishond” se vel is so dik soos die ou bul van Basan s'n. Hij trek hom nie maklik 'n ding aan nie, maar as hij skree, dan moet jij weet dit was 'n raak skoot gewees!

Ons „Vonke” en „Ou Pruimpies” smaak nie vir almal lekker nie. Van die kantoor van die Pensioenraad lui hulle op en sê: „Dis nie waar dat ons telefoon heeldag beset is nie. Julle „pruimpies” is pure twak.” „Presies,” sê ek, „as julle dägga pruim, ons nie,” en ek lê die horing neer. Die pen ook tot volgende keer.

* * *

„Verjaardagsoen” is een van die woorde wat voorkom in ’n telegram wat ek Vrydag gestuur het vir mij mooi se vrindin se suster. Liewer drie van die woorde, want of hulle nie mooi daar bij die poskantoor dieselfde woord vir drie woorde tel nie! Drie pennies, vir ’n soen wat ek nog maar vra om vir mij te bewaar! Dis die duurste soen wat ek nog ooit nie gekrij het nie.

Maar om nou op die een- of meerwoordigheid van daardie verjaardagsoen terug te kom: dis die plaasvervangende editeurs van sommige klein koerantjies wat nie net ons taal verknoei nie, maar nog maak dat ’n onskuldige soen wat nog maar net bespreek word, drievoudig is en ’n trippens kos. As hul nie heeldag peuter met sulke woorde soos „klaargemaakte dames” (insteede van damesjaste”), „Hoof bestuurs vergadering,” (insteede van „hoofbestuursvergadering”), „kies afdelings sekretaris” (vir „kiesafdelingssekretaris”) ens., dan sal ’n mens hulle in amptelike kringê ook kan leer om nie ons taal te verknoei en dit nog boonop duurder te maak nie!

Dit herinner mij nou net aan ’n uitnodiging, wat die „Burger” verlede week gepubliseer het, aan alle joernaliste om ’n vergadering bij te woon. Ek denk toe, maar hoor, dit sou nie ’n slegte

plan wees as ons ook 'n aktiewe Unie kon hê om ons teen onself—ag ek meen teen kwaksalwers in ons vak—te beskerm!

In alle vername vakke en professies—behalwe die joernalistiek—is dit strafbaar om onbedrewe arbeiders vir bedrewe arbeid te employeer en oortreders word op die swartlijs geplaas en geboycot. En waarom mag uitgewers van dorpskoerantjies dan maar toegelaat word om „unskilled labour”—ja nee, ek sê dit, onbedrewe arbeid!—aan te wend om hulle koerantjies vol te skryf—nee vol te knip? B.v. om 'n hoofartikel te skrywe, behoort 'n mens darem al 'n paar bene gekou het.

Ekselb b.v. sou die saak in 'n hoofartikel vir jou net piekfijn uitmekaar geset het, maar ek hou mij maar onledig met die vonke en ou pruiimpies en A-B-Jap, om ander koerante te leer hoe hulle nie moet skryf nie. Dan moet ek al die ander koerante deur lees om te kijk watter artikels hulle nie uit ons koerant geknip het nie en of daar artikels bij is wat ons kan uitknip. Voorts moet ek die stukke wat ingestuur word oorskryf (ek sê ekspres oorskryf, want as ons baie van die stukke wat inkom moet korriseer, dan word die artikel te bont en kan die setter nie daaruit wijs word nie). Gelukkig is nie al die stukke so onbeholpe nie, en krij ons ook baie artikels wat dit 'n plesier is om na te sien. En na die laaste artikel van mij oor „Koerant-A-B-Jap” sal daar seker deur die ander ook minder foute gemaak word, b.v., ek reken daar vas op om nooit weer in 'n Afrikaanse brief 'n z te sien nie.

Waar het ek mij nou weer in die rede geval? O ja, verder kijk ek die Amerikaanse koerante

deur om te sien waar hulle die Empaaier sleg sê. Dit gebeur ook maar selde dat ek die voorreg krig om iets uit 'n Amerikaanse koerant te vertaal, want die redakteur van ons wat die „Toestand in Europa” skryf, vleg mos meeste van tijd al die wederwaardighede van die Amerikaners in sy „Toestand”. Nou, ek verstaan self nie te veel van daardie toestand nie en partijkeer is ek self in twyfel of Bonar Law die hoofstad van Ierland of van Mustafa Kemal is. Maar die bietjie „Jokrefie” wat ek vanmelewe geleer het, vertel darem vir mij dat Amerika nie 'n dorp in Europa is nie!

Ek hou nie daarvan om van mij maats te skender nie, maar ek wil darem iets sê van die kêrel wat die „Randse Spaanders” skryf. Hij weet altijd skielik van 'n belangrike vergadering wat op die Rand sal plaasvind en dan sit hij op 'n Saterdagmiddag daarheen af. 'n Mens kan nie sê wat hij wil nie, maar hij kan darem denk wat hij wil. Nou ek denk die vergaderings van hom bestaan net uit die voorsitter en die sekretaresse. Hij kom ewewel altijd met 'n lang verslag, maar ek kan ook 'n verslag uitdenk. Ek pas net op dat ek nie name noem van persone wat miskien tog op 'n vergadering was wat dalk regtig kon gehou gewees het vir al wat ek weet. Maar as hij dan die volgende Maandag op kantoor kom, dan kan hij somaar sien die duusman het lekker gekuier en hij is vol koerasie tot die end van die week, wanneer hij weer so'n tweegeveg-vergadering uitgedenk het.

Maar wat ek nie van hom verdra nie, as hij dan in Johannesburg gewees het, dan hou hij sij lijf

so deftig soos 'n hoenderhaan wat met spore en al in die wêreld gekom het. Soveel te sê julle verlepte ou kollegatjies, julle was tog nie in so'n groot stad soos ek nie. Julle sit maar nog hier in Pretoria, waar die pêrde in die strate wei.

Maar wag maar, die end van die maand is die tentoonstelling hier op Pretoria, en die editeur het gesê ek kan die jaar verslag maak. Dan krij ek die perskaart om verniet in te gaan, en dan sal ek hom laat denk om die dag toe hij op Johannesburgse Tentoonstelling—soos hij in sij verslag sê—soos 'n hotnot met 'n nuwe hoed vir Sir Abe Bailey, Schlessinger en Rufe Naylor gestaan en lag het, omdat hulle drie uur in die warm son moes staan voordat hulle beurt gekom het om 'n kaartjie te koop, terwijl hij met sij perskaart so maar ewe juts instap.

Wag maar, ek hoor hier word ook diep in die sewentig mense vir ons tentoonstelling verwag. Ek gaan verniet in met die perskaart, en hij sal moet betaal om in te kom en ek sal lag as hij so omtrent drie en veertigste eers aan die beurt kom.

Instemming met mij Teregwijsings.

Mnr. H. J. W. Pienaar van Wernich, pk. Doornboom, Pietersburg, skryf:—Geliewe so goed te wees, om mij 'n stuk of wat van die Afrikaanse spelreëls te laat krij. Ek meen dat u dit gratis aangebied het. Die A.B.Jap- en „Vonke”-stukke is baie leersaam, en is 'n groot hulp om Afrikaans korrek te skrywe. Ek gee u die versekering, dat gemelde stukke deur ons hierlangs hoog waardeur word. Ruk ons maar rond, al spring ons somtijds daardeur half uit die verband, ons sal wel regkom.

* * *

Oom Okkie van Wijk, Johannesburg, skryf:—Geagte Editeur.—Ek moet u van harte gelukwens met uw paar laaste grappige artikels in „Ons Vaderland”. Dit doen die hart van 'n Afrikaner goed om sulke artikels in sij eie moedertaal te lees (wat al soveel jaar verwaarloos geblewe is) en om te sien hoedat daardeur ons taal bevorder word.

Ek bespeur 'n aanmerklike verbetering (in die spelling veral) ook in die stukke wat in die laaste tijd in „Ons Vaderland” verskijn het.

Ek is blij dat u die „Volkstem”-kereltjie op sij plek geset het, want soos die spreekwoord sé „Uitskel is geen argument nie.” As kampvegter van ons taal, bewijs u 'n groot diens aan ons volk,

waarvoor nie alleen die jong geslag maar ook die ou geslag (waarvan ek een is) u altoos dankbaar sal wees.

* * *

Pretoria, 4 Augustus 1920.

Geagte mnr. Editeur—Laat mij toe om 'n woordjie van waardering uit te spreek oor die A.B.Jap-praatjie wat van tijd tot tijd in uw blad verskijn. Dit lijk mos regtig of ons ou nasie so stadig aan begin te besef dat Afrikaans net so'n geskikte middel is om uiting te gee aan 'n mens se gewaarwordings- as watter taal ter wereld ook. Die dae is amper verbij dat ons jonkmans naar die „meester" toe loop, om 'n mooi brief in Nederlands vir ons op te stel as ons 'n bietjie wil vlerksleep langs 'n nooi. Nee wat! Elkeen perbeer nou skrijf net soos hij praat. Maar hier lê juis die moeilikheid: daar is 'n leidraad nodig, anders kom daar groot verwarring. Die meeste mense het nie tijd om die spelreëls van die Akademie te bestudeer nie. Maar as julle, koerantmense, nou so af en toe die spoor wil aanwijs met 'n paar nuttige wenke, (of selfs met 'n bietjie sarkasme, as die nie al te skerp is nie), sal dit verbasend veel doen om die gewone leser-reg te help en sij taalgevoel te ontwikkel. Daarom is ons dankbaar vir die tijd en moeite wat „Ons Vaderland" aan die saak bestee, en ons hoop dat julle A.B.Jap-redakteur sal voortgaan op sij eenaardige manier om die koerantskrijwers so lag-lag sleg te sê en sodoende reg-te ruk.

Groete,

GAWIE.

Geagte mnr. Tonteldoos,

Ek sluit 'n poswissel in vir 4/-. Twee shilling vir een van jou boekies „In een dag volleerd”. Twee shillings van mij man en mijselvf vir jou skêrfonds.

Die twee shillings van mij man, stuur ek vir al die foute wat hij al gemaak het en nog sal maak, want hij skrijf mos ook so nou en dan 'n artikkel-tjie in die koerant. En ek weet, hij maak nog maar baie foute, want hij brou nog maar die Hollands en Afrikaans, so deurmekaar, en dan span hij hulle partijkeer nogal verkeerd om in.

Maar ek stuur die shilling uit blote erkentelikeit vir al die goeie wenke wat ek opgedaan het uit jou A.B.Jap en Vonke. Want kijk hier skrijf ek Afrikaans wat ek nooit geleer het nie.

Mnr. Tonteldoos, jij verdien darem waarlik 'n pluimpie vir die kuns wat jij besit om 'n mens so'n liefde vir Afrikaans te laat krij, want ek het altijd gedenk dat Hollands baie mooier klink as Afrikaans, maar vandat ek jou Vonke gereëld opvolg, is ek so besield met liefde vir Afrikaans, dat ek somaar nou op mij ou dag, wil leer om mij eie taal goed te lees en skrijfwe.

Dan verstaan jij ook nog om jou vonk so aan te lê dat 'n mens nie alleen goeie wenke daaruit kan neem nie, maar ook soms baie lekker lag. Ek verseker jou dat dit ons stomme vroumense baie goed doen, om so nou en dan hartelik te lag, want in die laste jare gaan dit so, 'n arme vroumens se kop is gedurig op 'n plooi, om planne te beraam, om op die goedkoopste manier haar man en kindertjies van kos en klere te voorsien.

Nou ja, stuur dan maar gou die boekie, dat ek kan begin leer.

Vergeet ook nie om meer keer vir ons Vonke te stuur nie, want ons is altyd baie teleurgesteld as die koerant kom, en daar is nie Vonke in nie.

Met hoogagting,

die uwe,

(Mev.) A. J. VILJOEN.

* * *

Ons wijs nie net deur middel van die koerant tereg nie, maar onderrig ook privaat. Hier is 'n voorbeeld:—

Blomtuin, p.k. Haenertsburg,
29 Julie 1920.

Waarde Tonteldoos,—Dis mij regtig aange-naam om uw korrekterende brief re mij Afrikaanse spelling en skryfstyl te erken. Hartelik dank ook! Ik hou van kritiek, vernameelik as dit opbouend is. Maar die posiesie in verband met Afrikaanse spelling is mij waarlik in die laaste tijd onbegrijpelijk, tenminste die kort-kort se veranderinge verwar mij, en miskien baie andere.

Wat mij juis onduidelik is, is die spelling van sekere woorde, b.v. vrouw, nuws, pouw, nuwt, ens. U skryf dit: **vrou, nuus, pou, nuut**, terwyl die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns—op 18 September 1915—as ik mij nie vergis nie, dit anders vasgestel het in hul spelreëls. Of is daar miskien 'n latere spelreël?

Verder sien ik in die uitknipsel wat u so goed was om mij te stuur, ons moet die Afrikaans skryf soos ons dit praat. Nou ik wil u beleef vra—sonder om u te wil leer—denk u ons sal 'n vaste skryftaal of -styl krij, as dat toegelaat word? U weet tog bij ondervinding, baie Afrikaners (jammer om te sê) gebruik maar soas die Engelman

sê „slang”, b.v. „jemmer, mos, trap, hoe’ntoe gaan jij? Ik moet die kos orhang”.

Ik sou denk ons moet probeer ons taal soveel as moontlik opbou, deur nie te ver van die V.H.S. af te wijk nie.

Ik het gedog waar die eindletter in Hollandse spellinguitspraak, nie wegval bij Afrikaanse woorde, soas b.v.: „Leeuw, vrouw, bouw, pouw, kouw” (vir Holl. kauw), behou moet word.

Nou ja, ou seun, help mij nou weer hier ook ’n bietjie reg. Ik wil graag die Afrikaans korrek skrywe a.u.b.

Groete, die uwe,

J. B. VAN BLERK..

* * *

(U het reg geraai. Die Akademie het alweer ’n bevlieging gekrij en het ons mensheid met ’n hele boel nuwe wijsiginge verskrik. Die Pretoriasekoerantmense het ’n konferensie gehou om te beraadslaag oor die wijsiginge. Sommige daarvan het ons kans gesien om onvoorwaardelik, ander voorwaardelik aan te neem, terwyl enkele van die wijsiginge vir ons te revolutionêr toebeskijn: het en het ons gesoebat, dat hulle daarin bietjie moes toedee. Ons sou al eerder ’n lijsie openbaar gemaak het, maar ons klagskrif was nog in oorweging. Nou het ons antwoord ontvang, en sal al die koerante binnekort ons (die pers se) pleidooi en die Akademie se antwoord publiseer en ’n lijsie van die nuwe wijsiginge deur die Pretoriasepers goedgekeur. Intussen net dit, dat „vrou”, „nuus”, ens., een van die nuwe reëls is, n.l. dat w wegval, waar die nie uitgespreek word nie. Ander woorde is as pleks van als; baie en

nie baje, baja, banja, baing of ander variasies nie; al maal, hee l t e m a l, instede van almaal, hee l t e m a a l, ens.

Skryf soos u praat, het ons uitdruklik gesê, in verband met woorde soos vir, deur, veral, ens., in plaas van door, voor, vooral, ens.—Ed. O.V.)

Bus 21, Middelburg, Tvl.,

16 Augustus, 1920.

* * *

Meneer Editeur,

Laat mij toe om deur middel van uw blad 'n paar woordjies aan die lesers te rig.

Ons moet in alle opregtheid erken dat ons gedurende die laaste paar maande „Ons Vaderland” met veel genot gelees het. Ek wil egter nie beweër dat ons dit vroeër nie gedoen het nie, maar vandat „Tonteldoos” in daardie blad skrywe, sien ons altijd met verlange uit naar die koms van die volgende uitgawe, en wel omdat „Tonteldoos” altijd iets besonder het om oor te skrywe. Wat ons altijd met die grootste genot lees is: „Ou Pruimpies”, „Vonke” en „A.B.Jap”. Niemand kan beweër dat hierdie drie nie die mees populêre rubrieke in die blad was nie (Ag nee!?!—T.)—net jammer dat aldrie hierdie rubrieke nie meer volgehou word nie. Is die vuurslag dan uit orde of die Tonteldoos gebuig?

„Tonteldoos” is 'n humoris van die egte stempel; ons moet erken dat die ander editoors van ons Hollandse nuusblaaië nie so humoristies optree soos „Tonteldoos” nie. Hij het gewis die slag om iets netjies en raak te sê: dit skijn of hij nooit tevrede is as hij homself nie op die allerbeste

wijse kan uitdruk nie. „Tonteldoos” verstaan die kuns om die Afrikaners laggenderwijs op die vingers te tik, waar hulle ’n taalfoutjie begaan waardeur hij dan ook die agting van die ontwikkelde klas verwerf.

Diegene wat onontwikkeld is en wat so wil blij, word egter verontwaardigd deur dat hij hulle so dikwels reghelp, maar ek denk baie van daardie soort het „Tonteldoos” se „Vonke”, „Ou Pruiimpies” en „A.B.Jap” artikels naar hulle kamers geneem en agter ’n geslote deur gaan lees. Hulle is bevrees dat andere sou sien dat hulle nie daarsonder kan klaarkom nie, daarom gaan hulle miskien agter slot en grendel daarmee sit.

M.i. kan die mees ontwikkelde persoon die artikels van „Tonteldoos” lees en hij sal altijd veel baat daarbij vind. Hoeveel briewe het „Tonteldoos” nie reeds al ontvang nie—volgens uw blad—waarin die skrijwer hom bedank vir al die nuttige wenke en lesse wat hij hulle deur sij skrijwe toegedien het?

’n Tijdjie gelede het ek in „Ons Vaderland” geles dat „Tonteldoos” voornemens is om ’n „Skêr-fonds” op te rig en dat enige bijdrae tot genoemde fonds deur hom met dank sal ontvang en in uw blad erken word. In verband hiermee wil ek nou graag ’n voorstel maak, n.l. dat ek Vijf Shillings tot die „Skêr-fonds” sal bijdra, mits daar twintig andere is, wat elk ’n shilling sal bijdra. Ek denk dis ons plig om erkentelik te wees vir wat „Tonteldoos” vir ons gedoen het en wat hij nog sal doen. Derhalwe sou ek graag wil sien dat hij genoegsaam fondse bijmekaar krij, om ’n goeie skêr en ’n potjie rooi-ink te koop. Mij har-

telike wens is dus om in die volgende uitgawe te sien dat daar reeds al 'n paar shillings ingekom het.

Lesers, dra nou flink bij, dat „Tonteldoos” 'n regte eersteklas skêr kan koop!

OOM HANNES.

* * *

(Die Editeur gee mij verlof om die skoot self 'n onderskrif hieraan toe te voeg. Dis jammer dat Oom Hannes nie kon sien hoe waterpas ek mij kin hou, toe ek mij duime in mij onderbaadjie se mousgate steek, om mij in die regte editoriale stemming te bring, alvorens mij eerste voetnoot te prakseer. Oom Hannes, Oom skimp darem te grof! Die mense wat nie weet dat ek maar net die ingestuurde stukke oorskryf nie, sal hulle werklik verbeel dat ek ook al voetnote skryf, as hulle vir Oom so hoor beduie oor die bekwaamheid en humoristisiteit van „Tonteldoos”. Ag, mij wereld. Oom Hannes, dis niks besonders nie. Humor is 'n noodsaaklike kwaad wat enige jong redakteurtjie, wat die briewe van ander moet oorskryf, verplig is om aan te leer, as hij nie wil 'n kwaal oorhou van ergernis nie. Weet Oom hoe ek dit geleer het? Ek sal anderdag vertel, maar vir die wat denk dat hulle mij kan kwaad krij, en miskien ook hierdie voetnoot mag lees, wil ek nou net so'n ietsie van mij humoristiese neiging vertel. Kijk, Oom sal onthou dat ons al baie keer gevra het, dat die mense in ink moet skryf. Dan het ek al tot vervelens toe op sekere foute gewijs, b.v. dat 'n mens in Afrikaans nie mag z gebruik nie, of een wanneer jij 'n bedoel, of die vir wat, of ch vir g en k, of t en c vir s of die laaste nie

weglaat. Nou, wanneer daar dan weer so'n stuk inkom wat in potlood geskryf is, of vol z, dan verbeel ek mij hoe die skrywer dit van blote moedwilligheid doen en dan in sij enigheid vir mij sit en lag oor die las wat hij mij aandoen en waaroor ek dan—soos hij hom verbeel—sit en snork van gramskap. Nee, dan krij ek hom anders. Ek skater uit van die lag dat die hele gebou antwoord gee, totdat almal van die redaksie en administrasie en 'n stuk of ses van die drukkers aangestorm kom om te hoor watter „Vonk” ek nou weer gekrij het. Sodra ek dan weer mij asem terugkrij bevredig ek hulle nuusgierigheid met: „Kijk hierdie swaap wat nou nog nie weet dat 'n mens in Afrikaans nie z gebruik nie!” of „Hij kan nog nie lees nie, anders sou hij al gesien het, dat ons nie briewe in potlood opneem nie!” Ek het eers die manier gehad om die potloodskrif-briewe in die snippermandjie te gooi, maar ek het uitgerek, dat die straf nie swaar genoeg is nie. Nou stuur ek dit terug om oorgeskryf te word. Later, wanneer ons verder gevorder is, sal ek die briewe wat vol foute is ook terugstuur—want regtig, Oom Hannes, as mij humor alleen daaruit moet gevoed word, moet ek vir mij klaarmaak om 'n swartgallige temperament te kweek, vanwege fouteloosheid van die briewe wat ons in die laaste tijd bereik. Dis 'n plesier! Die mense wat vir lering vatbaar is, skryf vandag amper net so sonder foute soos ek en Oom. Die wat nie wil of kan leer nie, hou hulle hande tuis. Daar is net nog 'n paar wat ons terg. Maar hulle sal ook wel leer of uitskei, wanneer ons een van die dae 'n

lijsie openbaar maak van insenders wat nog met z en ander foute volhou of met potlood skryf.

Dankie vir die skêr-voorstel. Kijk, Oom Hannes, sal Oom dan nie maar al die 5 shillings stuur nie, dan kan ek dit deponer op die koopprys van die skêr? Word aan die voorwaarde nie voldoen nie, dan sal ek dit oor 'n maand weer terugbetaal, want ek het 'n ou baadjie, wat die „old-kloufs”-jood mij 6sh. 3d. voor aangepresenteer het. Ek moet Oom werklik bedank vir die voorstel. Net ek is nie heeltemal tevrede nie, ek het verwag dat die koerant-editeurs wat voordeel getrek het uit mij wenke, mij elkeen minstens drie skêre sou present gegee het, of dat een van hulle altans die lijs sou geopen het! In ieder geval, ek sal 'n lijs openbaar maak van die koerante wat nie bydrae nie. Dankie ook vir die pluimpie.

Seker moet dit 'n baie opstêrs „pedigree-skêrwees. Sodra dit uit die bydrae blyk dat dit mij sal betaal, sal ek spesifikasies aanvra. Die skêr moet n.l. naar die maat gemaak wees, moet aan die een lip 'n papflissie hê, met 'n tuitjie, sodat die artikel wat uitgeknipt word dadelik vasgeplak word op 'n stukkie skoon papier. Aan die ander lip moet 'n skryfpen bevestig wees, om onder die knippe die nodige byskrif daaraan toe te voeg, b.v.: „Onderstaande artikel neem oons oor uit die „Lammervanger”—want ons gaan nie maak soos so baie ander koerante nie, wat vergeet om bij te skryf dat hulle die artikel uit 'n ander blad knip, of die uitknipsels laat deurmekaar raak, deurdat hulle nie 'n outomatiese knipplak-skryf-skêr het nie, en dan beweer hulle, dat hul 'n artie-

kel waar ons swaar voor gesweet het, uit „Die Volksblad” knip!

Wel, 'n skêr soos hier beskryf, met nog 'n elektriese toestel, sal baie meer as 25s. kos. Ek het Oom Hannes mos goed verstaan dat Oom onderneem om vir elke volgende 20sh. wat bijgedra word nog 5sh. te gee. Ek wil nie groot praat nie, maar ek wil maar sê as Oom Hannes die lesers van „Ons Vaderland” ken soos ek hulle ken, dan sou u nie so gou beloop het nie. Ek verseker u sal mo t uw sak skud, want ek verwag minstens .. nee wag, ek wil nie 'n bedrag noem nie, dan sijk dit of ek bedel

As ek altemit meer as die prijs van die skêr inkrij, dan kan ek dalk weer vir mij 'n baiesukkel koop, want Oom Hannes sal onthou ek moes mijne verkoop om mij jongkêrelbelasting te betaal, en nou gaan dit maar smoor, want ek moet amper 'n uur te pêrd loop nadat ek saands klaar het met briewe oorskryf. En as die lesers so geesdriftig is, dan koop ek dalk nog 'n tikmasjien ook, want mij hand is al horrelgetrek van al die briewe wat ek moet oorskryf.

Mij vuurslag is nog in goeie vonkende orde. Waar dit aan skeel is die tonteldoek. Die tonteldoek is op. Wat, weet Oom nie wat die tonteldoek moet voorstel nie? Kijk, dis die foute wat die ander koerante maak—of liever gemaak het—en die biltong en vrugte en beskuit, wat die lesers nie meer stuur nie!

Ek wil maar net sê ek het 'n beroep gëkrij naar 'n ander koerant, maar ek sal dit nie aanneem nie as die lesers hulle plig jegens mij en die editeur na-

kom—hij het waarlik nog nie eers 'n kernaatjie gekrij voor hij vir ons Partij die setel in Pretoria Noord verower het nie!—en as hulle hul inteke- ningsgeld betaal, sodat ek die langverwagte daal- der verhoging kan krij.—TONTELDOS.

WOORDELIJS.

Die woordelijs bevat net dié woorde wat gewoonlik verkeerd gespél word, of waar kragtens die jongste wijsiging aandag op behoort gevestig te word. Die spelling van die Pretoriase pers word gevolg, met verwysing naar die wijsiging—waar die spelling van die pers en die Akademie verskil. B.v.: „Breng (B.1.)” verwijs naar wijsiging No. 1, onder B. waar die Akademie „bring” vasstel.

A.

Aartappel, of: ertappel.

Affêre.

Afgevaardigde.

Afrikaner.

Afsku, afskuwelik.

Almal.

Ambag.

Ambisie (maar: Ambisieus).

Amp, amptenaar, amptelik.

Andersins.

Antwoord

Applous.

Apploudiseer.

Aptek, apteker.

Artikkel.

As (nie meer a l s nie).

Asseblief.

B.

Baadjie (kledingstuk).

Badjie (klein bad).

Baie.

Balju.

Bazaar (C.11.)

Baseer, gebaseer.

Beampte.

Bedenk, bedenkelik (B.1.)

Beeldhouer.

Beeldhoukuns.

Begrafnis, begrawe.

Benoud.

Berou.

Beskou.

Besonders, besonderheid.

Betroubaar.

Biltong.

Blou.

Bo.

Boënop, of: Boonop.

Boonste.

Boontoe.

Boordjie (vir die hals).

Boortjie (klein boor).

Boud, boude, boudjie

(liggaamsdeel).

Bout,oute, boutjie
 (om in te skroewe).
 Bou, bouer, boukuns,
 Boumeester, boustof.
 Bowenaardse.
 Bowendien.
 Brandnekel.
 Breng (B.1)
 Buitekant, buiteland,
 buitelug.
 Buitendien, buitengewoon,
 buitensporig, buitenste.

C.

Chaos (C.4.)
 Chemie (C. 4.)
 Cholera (C. 4.)
 Christen, christelik (C.4.)

D.

Denk, denkbeeld (B.1.)
 Dergelyk, dergelyke.
 Desember.
 Deur (vir Hollands door,
 ook in samestellinge,
 dus: deurbreng, deur-
 grond, deurmekaar).
 Distrik.
 Dou.
 Douwurm.

E.

Editeur, editoriaal.
 Een.
 Egaal, egalig.
 Ewig.
 Egypte (eiename na C.11.)

Ek, of: ik (B. 5.)
 Eksekuteur, eksekutriese.
 Eksellent, eksellensie.
 Eksemplaar.
 Ekskuus, ekskuseer.
 Ekspediesie.
 Ekwivalent. (C.8.)
 Element, elementêr.
 Ellemboog.
 Ellende, ellendeling,
 ellendig.
 Energie, energiek.
 Eners.
 Ent, entjie.
 Envelop.
 Epidemie.
 Erdslang, erdvarc,
 erdwurm.

F.

Fabel, Fabelagtig.
 Fabriek, fabriekaar,
 fabrikant.
 Fabriseer.
 Fasiliteit.
 Famielie.
 Fatsoen, fatsoenlik.
 Februarie.
 Fees.
 Feit, feitelik.
 Fijn.
 Fijt (ontsteking).
 Finansiëel, finansiële.
 Flater.
 Flenter.

Fleur.
Flink.
Flous.
Flou, flouer, flouste,
floute.
Fluister.
Fluit, fluitjie.
Fluks.
Flus, flussies.
Fop.
Fout, foutief.
Fraai.
Fraing (A.6.)

G.

Galerij.
Geensins.
Gehemelte.
Geil, geilsiekte.
Geleentheid.
Gelling, of: gallon.
Gemmer (B.1.)
Gemsbok (A.9.)
Genant.
Gernaat.
Geskenk.
Ghwarrie.
Giggel, gegiggel.
Gimnastiek.
Goddelik, goddeloos.
Godlogenaar.
Godsdiens,
Godsdiensoefening.
Goevernement,
oeverneurgeneraal

(C.8.)
Goiensak (A.6.)
Goudrif, goudriwwe.
Gou.
Groetnis.
Grof, growwe.
Grou.

H.

Haatdraend.
Hael, haelgeweer,
haelsteen.
Hakkekurke.
Hakkel, hakkelaar.
Halfnaatjie.
Halfsligt.
Halfwas.
Handdoek.
Harsings, harsingskoors.
Heeltemal.
Hekel, hekelpen.
Hemp, hemde.
Hempsknoop, hempsmou.
Hening.
Hipnotiseer.
Histeries.
Horing.
Hu, hubaar.
Huwelik.

I.

Ideaal, idealis, idealisties.
IJster.
IJwer.
Ik, of: ek. (B.5.)
Ingenieur.

Inwij.
Isegrim, isegrimmig.

J.

.Jaart, jaarts.
.Jakhals.
Jaloers, jaloesie.
.Januarie.
.Jeug.
.Joernaal, joernalis,
joernalistiek.
.Jong, of: jonk.
.Jonkheid.
Juffrou.
.Justisie.

K.

Kaffer.
Kains (A.6.)
Kanallie.
Kandidaat.
Kanon.
.Kapitaal, kapitalis.
Kapittel.
Kaptein.
Karwats.
Karwei.
Katkisasie, katkiseer.
Katswink.
Keb.
Keil.
Kêrel.
Klousule.
Koerant.
Koerasie.

Kollekte, kollekteer,
kollektant.

Kolossaal.
Komitee.
Kommandant.
Kommando.
Kommissie.
Kompeteer.
Kompetiesie.
Komplimente.
Kondiesie.
Konferensie.
Konfijt.
Konkureer.
Konkurensie.
Konneksie.
Konsekwent.
Konsensie.
Konsensieus.
Konsep, konsepte.
Konservatief (C.8.)
* Konstitusie.
Konstitusioneel.
Kordaat.
Kussing.

L.

Laag, laer, of lager.
Laer, laers.
Lamfer (A.9.)
Landbou.
Lang of lank.
Leer, lere (om op te klim).
Leer (vel).
Leer (leerstelling).

Leër, leërs (troepemag).
 Leer, geleer.
 Leeu, leeus.
 Leidraad.
 Leisel, leisels.
 Lei (voorgaan).
 Leuen, leuens.
 Lewe, lewens of lewes.
 Lisensie.
 Liddoring.
 Liggaam.
 Lij (swaarkrij).

M

Maer (teenoorgestelde
 van vet).
 Makeer.
 Makkelijk of maklik.
 Mandjie.
 Manel, manelle.
 Masjien (C.4.)
 Mee.
 Meesal of meestal.
 Meng (B.2.)
 Metode.
 Mied of miet, miede,
 miete of miedens.
 Mikroob, mikrobe.
 Militêr, militêre.
 Mosterd.
 Murg.
 Muskiet.
 Na en naar (B.11.)

N

Naad of naat, nade of nate.
 Naak, naakte.
 Naels, naels.
 Naïef, naïewe.
 Naïewiteit (C.8.)
 Namelik.
 Nartjie.
 Nasie.
 Nasionaal.
 Nasionalis.
 Nawel.
 Newel.
 Notiesie.
 Nou (Hollands nu).
 Nou (eng).
 Noueliks, nougeset,
 noukeurig.
 Nuus.
 Nuusgierig.
 Nuut.
 Nuwe.
 Nuwigheid.

O

Oase.
 Oefen, oefening.
 Oes.
 Oewer.
 Oggend.
 Oktober.
 Omgewing.
 Onderskei.
 Onderskeid.

Oor (Hollands over, ook
 in samestellings, dus:
 ooreenkoms, oordrijf,
 oorhandig; maar ower-
 spel, owerheid.)
 Oral of orals.
 Orent (regop).
 Organiseer.
 Organisasie.
 Owerigens.

P.

Paadjie (klein pad).
 Paaient.
 Paatjie (klein pa).
 Fad, paaie
 Padda.
 Papegaai.
 Parafien.
 Parasiet.
 Parlement.
 Parlementêr.
 Farmant.
 Peil (maatstaf).
 Peil, gepeil.
 Pêrd (A.13.)
 Pêrel.
 Pêrs (kleur—A.13.)
 Fers (drukkers).
 Pers, gepers.
 Petiesie.
 Piesang.
 Pijl, piñle, piñsnel.
 Pilaar.
 Poliesie.

Populêr.
 Portuur.
 Posiesie.
 Potlood.
 Pou, poue, pouagtig.
 Pouse (ruspoos).
 Predikant.
 Profeteer (voorspel).
 Profiteer (voordeel trek).
 Prokureur.

R.

Rand, rande, randjie
 (heuwel).
 Rant, rante, rantjie (kant)
 Rapport, rapporteer.
 Rat, ratte, ratjie (wiel).
 Ratbraak.
 Reent of reën.
 Regvêrdig of regvaardig
 (A.13.)
 Reis (trek).
 Repareer.
 Repeteer.
 Repetiesie.
 Resies of riesies.
 Ribbok.
 Rif, riwwe.
 Rijs (opgaan).
 Rijs (graankos).
 Rijsmier.
 Rispe, of ruspe.
 Rou (Holl. rouw en rauw)
 Rivier.
 Ruggraat.

S.

Saad of saat, sade of sate.
 Saandjie of saatjie.
 Saf, safte of sawwe.
 Sediesie.
 Senuwee, senuwees.
 Shilling.
 Skaduwee.
 Skender (B.1.)
 Skenk (B.1.)
 Skilpad.
 Skree of skraeu.
 Stawel af stapel.
 Stiebeuel of stiebeuls,
 stiebeuels of stiebeulse.
 Stijsel.
 Stof, stowwe.
 Stoffasie.
 Stofflik of stoffelik.
 Strooihuis of struis.
 Subskripsie.

T.

Tabberd, tabberds.
 Taggentig of tagtig.
 Tamatie.
 Tamelik.
 Technies (C.4.)
 Teen, teenaan, teenoor.
 Teenspoed of teespoed.
 Teenstand of teestand.
 Tenk of tank, tenke of
 tenks of tanks.
 Tuis.
 Tietel.

Tittel.

Tradiesie.

Twee, tweede, tweeërlei
 (A.4)

U.

Uiteenset (B.1.)
 Uitset (uitdij of verwyder
 -B 1.)
 Uitsit b v. straftijd in
 die tronk).
 Uitwei.
 Uw (besittelik vnw.--A.2.)

V

Vadoek of vatdoek.
 Vir (word v e r in same-
 stellings, b.v. veral.
 verbij. verniet).
 Voel, voeltjie.

W.

Wa, waens.
 Waanhuis, waantjie.
 Web of wep.
 Wed, gewed.
 Weduwee.
 Wenk (B 1.)
 Wêreld.
 Wet, wette.

Y.

Yankee.

Z.

Zoeloe.

INHOUD.

Voorberig	I
Jongste Spellingwijziginge ...	1
(a) Memorandum	5
(b) Nuwe Spelvorme	6
(c) Vermindering Wisselvorme	16
(d) Afskaffing van Vreemde Spelvorme	23
(e) Antwoord van Spellingkommissie	27
Hoe om nie te skryf nie	29
(a) Lettergrepe	35
(b) 'n Paar Reëls	37
(c) Taalkundige Moeilikhede	42
(d) Anglisismes	45
Vonke	49
Swaapse Kluitjies	110
Instemming met teregwijsing	121
Woordeleijs	133

